


# Jaarverslag
## 2016/2017

# Visie & Missie van Agri SA

## Visie

Eenheid oor landbou.

## Missie

Agri SA bevorder die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van landbou in Suid-Afrika deur sy betrokkenheid en insette op nasionale en internasionale beleid en die implementering daarvan.

We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

Agri SA 2016/2017 JAARVERSLAG
Kopiereg 2017(c) Agri SA
Agri SA, Privaatsak X180, Centurion, 0046
Inkwazi Kantoorpark, Blok A,
Embankmentweg 1249, Zwartkop X7
Telefoon: +27 (0)12 643 3400
Faks: +27 (0)12 663 3178
Webblad: www.agrisa.co.za
E-pos: agrisa@agrisa.co.za



# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Voorwoord deur die president | 4 |
| Verslag deur die uitvoerende direkteur | 6 |
| Oorsig van Agri SA se transformasie-inisiatiewe | 14 |
| Algemene Raad 2017 | 18 |
| Uitvoerende komitee en Bestuurskomitee 2017 | 19 |
| Kongresverslag 2016 | 20 |
| BELEIDSKOMITEES | |
| Arbeid en maatskaplik | 37 |
| Landbou-ontwikkeling | 43 |
| Landelike veiligheid | 49 |
| Kommersieel | 57 |
| Natuurlike hulpbronne | 69 |
| Kommunikasie en beeldbou | 77 |
| PROJEKTE | |
| Agri Securitas Trustfonds | 83 |
| Organogram Agri SA | 88 |
| Personeel | 89 |
| In memoriam | 89 |
| Eretoekennings | 90 |
| Strukture waarin Agri SA verteenwoordiging geniet | 92 |
| Finansiële state | 94 |




# Voorwoord deur die President

Die afgelope jaar is gekenmerk deur verskeie hoogte- en laagtepunte in die landboubedryf.

Die grootste laagtepunt is beslis die voortslepende droogte en die nood wat ons boere ervaar in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap. Terwyl die droogte 'n dramatiese uitwerking op die lewens van boere en hulle werkers, verbruikers en die ekonomie gehad het, het dit die burgerlike samelewing sowel as privaat- en openbare sektore genoop om saam te werk in 'n poging om die toestande waarin ons boere verkeer, te verbeter.

Ons opregte dank vir al die hulp wat ontvang is, veral die ondersteuning wat via Agri SA se Ramphulpfonds ontvang is. 'n Spesiale dank ook aan Senwes vir hulle bydrae tot die ontwikkeling van Agri SA se "*Smart Disaster Desk*"-projek wat eersdaags die lig sal sien en sal dien as 'n vroeë waarskuwingstelsel om rampe vroegtydig te identifiseer en te mitigeer.

Dis geen geheim dat ons in onsekere politieke en ekonomiese tye leef nie – van Bell Pottinger, KPMG en die Guptas tot 'n president wat onverskillig met die ekonomie omgaan – en in baie gevalle word onskuldige Suid-Afrikaners direk en indirek nadelig geraak deur hierdie aktiwiteite.

Die regering se vermoë om hulpbronne na behore te bestuur en te beskerm word ook al hoe kleiner, veral dié hulpbronne wat noodsaaklik is vir boerderye, met spesifieke verwysing na skaliegasbreking en mynbou – wat die grootste bedreigings vir ons water- en grondhulpbronne inhou. Daar is ook sprake van 'n nuwe waterbeleid, dreigemente van onteiening sonder vergoeding en die skrapping van die eiendomsklousule uit die Grondwet.

Die enigste manier om hierdie bedreigings die hoof te bied, is om sterk vennootskappe te vorm, die openbare mening aan ons kant te kry en ons op die howe te beroep om ons lede se fundamentele regte te beskerm. Agri SA sal eersdaags 'n grootskaalse litigasie-fondsinsamelingsveldtog loods vir hierdie doel.

Ten spyte van die laagtepunte, bly die landboubedryf egter steeds 'n baken van hoop wat in die eerste kwartaal van 2017 verreweg die grootste bydrae tot die bietjie groei in die bruto binnelandse produk gelewer het – die eerste positiewe groei sedert 2014. Daar is 'n optimisme in die sektor te bespeur wat ons hier by Agri SA noodgedwonge tot nuwe hoogtes aanspoor.

Ten spyte van die laagtepunte, bly die landboubedryf egter steeds 'n baken van hoop wat in die eerste kwartaal van 2017 verreweg die grootste bydrae tot die bietjie groei in die bruto binnelandse produk gelewer het – die eerste positiewe groei sedert 2014.



Agri SA se kernbesigheid is beleidsvorming met die doel om te verseker dat ons produsente in produksie bly sonder ontwrigting en sodoende voedsel- en voedingsekerheid in Suid-Afrika verseker. Ten einde dit te kan verseker, het Agri SA vennootskappe met politici, korporatiewe vennote en sakeleiers, waar insette gelewer word en die boer se saak oorgedra word. Selfs op ministeriële vlak ervaar Agri SA 'n oopdeurbeleid, waarvoor ons baie dankbaar is.

Gegewe globalisering raak vennootskappe op beide nasionale en internasionale vlak al hoe belangriker vir die landbousektor vir ekonomiese vooruitgang. Boere moet hierdie geleenthede aangryp en hulself as prysbepalers in die bedryf posisioneer. Ons kongrestema vanjaar, naamlik:

**Ons kan nie ons probleme oplos met dieselfde denke wat ons gebruik het toe ons dit geskep het nie.**

**Albert Einstein**



Johannes Möller



"Agri SA se strategiese vennootskappe is noodsaaklik vir 'n suksesvolle Suid-Afrika", sluit hierby aan. Agri SA se kongres is 'n hoogtepunt op Agri SA se jaarlikse kalender en moet gesien word as 'n platvorm wat gebruik word vir beleidsvorming vir toekomstige generasies.

Aan die tuisfront was Agri SA die afgelope verslagjaar intens besig met die ontwikkeling en verfyning van ons nuwe strategie en transformasie-inisiatiewe. As deel van die strategie kyk ons na beter dienslewering aan ons lede en boere en het Agri SA sy personeelkorps aansienlik uitgebrei met top-aanstellings aan die hoof van elk van die onderskeie sentrums van uitnemendheid waarbinne alle beleidswerk hanteer word. Daar het 'n magdom werk hier ingegaan en daar word beoog om die nuwe strategie tydens die 2017- kongres te finaliseer en daarna te implementeer. Ons dank aan ons lede en elke persoon wat 'n positiewe rol gespeel en hiertoe bygedra het. Dit is ook met trots dat ons kan noem dat Agri SA se Korporatiewe Kamer uitmuntend presteer, met 'n ledetal wat oor die afgelope jaar tot 17 gegroei het – 'n hartlike welkom aan almal.

Deur harde werk het ons gedurende die 2016/2017-verslagjaar goeie resultate gelewer ten opsigte van ons sleuteldoelwitte en sal ons voortbou op hierdie suksesse om 'n groeiende en inklusiewe landbousektor te bevorder met 'n voortdurende strewe na eenheid oor landbou.

**Johannes Möller**
President

*Agri SA se kernbesigheid is beleidsvorming met die doel om te verseker dat ons produsente in produksie bly sonder ontwrigting en sodoende voedsel- en voedingsekerheid in Suid-Afrika verseker. Ten einde dit te kan verseker, het Agri SA vennootskappe met politici, korporatiewe vennote en sakeleiers, waar insette gelewer word en die boer se saak oorgedra word.*

# Oorsig deur die Uitvoerende Direkteur

*Die belangrikste eienskap van leierskap is sonder twyfel integriteit. Daarsonder is geen werklike sukses moontlik nie, ongeag of dit in 'n span spoorwegwerkers wat spoor-onderhoud doen , op 'n voetbalveld, in die weermag of in 'n kantoor is.* Dwight D. Eisenhower

## Algemene oorsig

*Suid-Afrika beleef tans 'n interessante tyd in sy geskiedenis, met 'n politieke bedeling wat baie onvoorspelbaar is en 'n ekonomie wat aan 'n draadjie hang. Die jaar 2017 was propvol Zuma-politiek, die Guptas en staatskaping, Bell Pottinger en ander beïnvloeders wat 'n onstabiele maatskaplike en verdelende situasie in Suid-Afrika geskep het.*

We develop the South African Agriculture Industry | Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie

Suid-Afrikaners voel die knyp en dieselfde kan van boere in die algemeen gesê word. Ná afloop van die 2016-droogte het ons as bedryf goed herstel, met 'n verbasende toename in uitsette – dit is merkwaardig en dui op die herstelvermoë en krag van die sektor. Ons het steeds ernstige uitdagings met akute droogtetoestande in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap, wat ons gedurende die seisoen sal moet bestuur. Die regering se algemene gebrek aan ondersteuning is problematies en sy onvermoë om natuurrampe te bestuur, het 'n ernstige uitwerking op die bedryf gehad.

### Markte en die ekonomie

Die volgende inligting hou grootliks verband met 2016/17, wat beteken dat die aanvanklike impak van die droogte in 2015/16 in berekening gebring is. Terwyl droogtes 'n wesenlike invloed op landbou-uitsette het, het die landbousektor vanjaar buitengewoon goed gevaar, gemeet aan amptelike inkomstestatistiek. Inaggenome die impak van die droogte, is die sektor se prestasie prysenswaardig. Netto boerdery-inkomste beloop R100,9 miljard, wat 22% meer is as in die vorige tydperk. Dié toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n skerp styging in inkomste uit somergewasse.

Gedurende 2016/17 het die bruto waarde (R127,3 miljard) van diereproduksie met 11% toegeneem, terwyl akkerbouprodukte op R75,7 miljard geraam is – 'n toename van 4% sedert 2015/16. Die nominale koste

Inaggenome die impak van die droogte, is die sektor se prestasie prysenswaardig. Netto plaasinkomste beloop R100,9 miljard, wat 22% meer is as in die vorige tydperk. Dié toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n skerp styging in inkomste uit somergewasse.



van intermediêre goedere en dienste het met 6,6% in 2016/2017 gestyg, nadat dit jaarliks gemiddeld 10,3% oor die afgelope ses jaar toegeneem het. Hierdie krimpende toename is gedryf deur die relatief onderdrukte olieprys, in vergelyking met vlakke wat in die middel van 2014 ervaar is.

Die eerste helfte van 2017 is gekenmerk deur ernstige droogtetoestande in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap, wat 'n impak op verskeie terreine gehad het, byvoorbeeld kleiner groente- en vrugteoesopbrengste. Die beperkte beskikbaarheid van water vir besproeiingsdoeleindes asook gevalle van voëlgriep het wesenlike uitdagings geskep. Die finansiële implikasies van hierdie terugslae sal mettertyd duidelik word.

Aan die internasionale front het

**Terwyl droogtes 'n wesenlike invloed op landbou-uitsette het, het die landbousektor vanjaar buitengewoon goed gevaar, gemeet aan amptelike inkomstestatistiek.**



Omri van Zyl

Suid-Afrika in 2016/17 'n netto uitvoerder van landbouprodukte gebly. Gerugsteun deur die depresiasie van die rand teen die belangrikste geldeenhede, het die waarde van Suid-Afrikaanse landbou-uitvoer in 2016/17 met 17% tot nagenoeg R97,4 miljard gestyg. Die hoofdrywers van hierdie groei in uitvoer was die Europese Unie, Afrika (Mosambiek en



*Die beperkte beskikbaarheid van water vir besproeiingsdoeleindes asook gevalle van voëlgriep het wesenlike uitdagings geskep. Die finansiële implikasies van hierdie terugslae sal mettertyd duidelik word.*

**Agri SA se finansiële posisie**

| Belangrikste bewegings – Balansstaat | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2016 | 2017 | Beweging | % |
| Kapitaal en reserwes | R 235 008 209 | R 220 679 247 | (R 14 328 962) | (6,10%) |
| Nie-bedryfslaste | R 42 146 847 | R 42 097 625 | (R 49 222) | (0,12%) |
| Belegging | R 193 134 829 | R 177 750 921 | (R 15 383 908) | (7,97%) |
| Bedryfsbates | R 5 749 708 | R 5 739 467 | (R 10 241) | (0,18%) |
| Bedryfslaste | R 6 023 175 | R 4 908 766 | (R 1 114 409) | (18,50%) |

Zimbabwe) en China.

Ons kapitaalhulpbronne word uitgeput hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike afname in beleggingsinkomste, met die gevolg dat ons kapitaalreserwes moes aanwend om die besigheid aan die gang te hou. Ons het ook aftrede-pakkette uitbetaal aan die personeel wat die organisasie verlaat het. Die kombinasie hiervan het 'n tekort veroorsaak. Wat ander inkomstestrome betref, het ons 'n verbetering in vergelyking met vorige jare ervaar, met projekinkomste en addisionele borgskappe wat teen 'n konstante vlak toeneem. Die toevoeging van ons korporatiewe lede sal help om Agri SA in positiewe syfers te laat beweeg.

### Risikobestuur-lessenaar

Ons het tydens NAMPO ons nuwe risikobestuur-lessenaar saam met Senwes bekend gestel. Dit het gekom ná afloop van die droogte om te verseker dat ons die grootste risiko's wat ons bedryf en die ekonomie in die gesig staar, kan aanspreek en versag. Klem sal veral gelê word op die maatreëls wat ons moet implementeer om die risiko's te versag. Ons benadering tot die risiko-lessenaar is om baie prakties te werk te gaan om te verseker dat ons meganismes ontwerp wat in die praktyk 'n verskil vir boere sal maak.

### Strategiese ingrypings – vrae en antwoorde

In 'n onlangse onderhoud met Annelie Coleman van Farmer's Weekly is sekere kritiese vrae gevra oor Agri SA se nuwe strategie en rigting. Ek voeg hierdie vrae by vir meer duidelikheid.

**a) Was Agri SA oorhaastig met strukturele veranderinge?**

Nee. Hierdie strategie is ontwikkel oor 'n tydperk van meer as twee jaar en is gegrond op in-diepte-navorsing en wêreldklas strategiese riglyne. Ons het 'n deeglike konsultasieproses binne ons verskillende kamers, die Algemene Raad en ook onafhanklik met ons provinsiale strukture gevolg. Ons het 'n streng konsultasieproses gevolg op beide strategiese sowel as algemene korporatiewe bestuurs-aangeleenthede en is daarvan oortuig dat dit die beste pad vorentoe is om ons te belyn met King IV en om die organisasie meer vaartbelyn te maak.

King IV is die maatstaf vir korporatiewe bestuur in Suid-Afrika en bepaal die fidusiêre pligte van direkteure en raadslede. In sekere gevalle waar direkteure nie in die belang van die organisasie optree nie of grof nalatig is, kan hulle persoonlik aanspreeklik gehou word vir enige verliese. Deel van die konsultasie met lede was om die gewigtige aard van sodanige verantwoordelikhede te

> Dit het van deurslag-gewende belang geword om 'n vinnig-groeiende organisasie meer vaartbelyn te maak en vir Agri SA om beter te reageer op die behoeftes van die ekonomie en op goeie korporatiewe bestuur. Ons besef die nood-saaklikheid van verandering en het gereageer op die behoeftes van ons lede.

*Ons het ons huiswerk gedoen en verskeie Suid-Afrikaanse en internasionale organisasies geëvalueer wat dieselfde of soortgelyke funksies as Agri SA vervul. Ons het gekyk na internasionale beste praktyk en dit binne 'n Suid-Afrikaanse en landboukonteks beskou.*

in 'n Raad van Direkteure met onderskeidelik drie verteenwoordigers van die Provinsiale, Bedryfs- en Korporatiewe Kamers. Ons sal as't ware 'n veel kleiner raad hê – van potensieel 68 lede na nagenoeg 14. Die res van die besigheid bly onveranderd.

illustreer en om riglyne te verskaf oor die implikasies daarvan.

**b) Is jy tevrede met die lede-konsultasieproses tot dusver? Het Agri SA voldoende inligting oor die veranderinge bekend gemaak en het die inligting die boere op plaasvlak bereik?**

Ons het ons huiswerk gedoen en verskeie Suid-Afrikaanse en internasionale organisasies geëvalueer wat dieselfde of soortgelyke funksies as Agri SA vervul. Ons het gekyk na internasionale beste praktyk en dit binne 'n Suid-Afrikaanse en landboukonteks beskou. Ons het ook 'n in-diepte-opname van die behoeftes en aspirasies van ons bedryfsorganisasies onderneem. Die inligting is versprei en met ons lede gedeel. Ons het op 'n streeksbasis met landbouleiers regoor Suid-Afrika gekonsulteer. Ons het infogramme gebruik om dit te vereenvoudig, wat ons gebruik om die basiese elemente van die strategie en strukturele veranderings te deel. Onthou dat die strategie 'n lewende dokument is wat oor tyd verander – niks is onveranderbaar nie, maar dit dien as riglyn vir beter dienslewering aan ons lidorganisasies.

**c) Wat behels die veranderinge?**

Die struktuur is vaartbelyn – ons sentrums vir uitnemendheid, naamlik arbeid, ekonomie en handel, veiligheid, landbou-ontwikkeling en natuurlike hulpbronne, bly steeds ons kernbesigheid maar met 'n sterker fokus op beleidswerk. Ons Algemene Raad, wat tans verteenwoordigend is van alle bedrywe en provinsiale organisasies, sal ontvorm word in 'n Raad van Direkteure met onderskeidelik drie verteenwoordigers van die Provinsiale, Bedryfs- en Korporatiewe Kamers. Ons sal as't ware 'n veel kleiner raad hê – van potensieel 68 lede na nagenoeg 14. Die res van die besigheid bly onveranderd. Die kamers sal soos gewoonlik funksioneer en voorstelle aan die raad voorlê, wat dan oorweeg sal word en deur ons sentrums vir uitnemendheid uitgevoer sal word.

**d) Waarom beskou die leierskap die voorgestelde veranderinge as so belangrik?**

Dit het van deurslaggewende belang geword om 'n vinnig-groeiende organisasie meer vaartbelyn te maak en vir Agri SA om beter te reageer op die behoeftes van die ekonomie en op goeie korporatiewe bestuur. Ons besef die noodsaaklikheid van verandering en het gereageer op die behoeftes



van ons lede. Bedryfsorganisasies het meer spesifieke behoeftes met betrekking tot hul spesifieke lede, byvoorbeeld marktoegang, bilaterale ooreenkomste, dieselkortings en biologiese plaagbeheer, waar die provinsiale behoeftes te doen het met aangeleenthede wat 'n direkte impak op plase het, bv. plaasgeweld, droogtehulp, grond- en verwante aspekte en plaaswerker-verhoudinge. Daar is ook transversale kwessies wat van toepassing is op ons almal en uiters belangrik is vir risikobestuur in die sektor – die beleidsomgewing met verwysing na grond asook water- en ander omgewingsprobleme.

**e) Watter voordele hou dit in vir die landbouwaardeketting, vanaf die primêre produsent tot die eindverbruiker?**

Die idee is om 'n plaas-tot-vurk-waardekettingskakeling te hê om waarde en sinergieë binne die uitgebreide waardeketting te verken. Ter verduideliking: wanneer ons praat van waterregte, het boere, agribesighede, insetverskaffers en verspreiders 'n gevestigde belang daarin om te verseker dat waterregte regverdig en billik toegepas word. In die verlede moes Agri SA alleen baie van hierdie praktiese uitdagings hanteer. Met die addisionele spelers in die waardeketting sal ons 'n meer kragdadige beïnvloedingsliggaam kan skep, met baie meer hulpbronne.

Om op te som: Alles begin by die primêre produsent, en ons voel dat dit uiters belangrik is om ander organisasies by ons stryd en geleenthede betrokke te kry ten einde die risiko's te versprei en bedingingsmag te versterk. Die idee is om die strukturele belyning hierdie jaar te finaliseer en om te kyk na die bestuursmaatskappy-konsep deur die loop van 2018.

**f) Wat is die impak van hierdie planne op Agri SA se personeel?**

Daar sal geen addisionele uitwerking op personeel wees nie – ons sal in staat wees om vinniger besluite te kan neem, sodat ons vinniger uitvoering kan gee aan sinvolle besluite. Ons werwingstrategie is om kapasiteit binne Agri SA te skep, met spesialiste in alle sentrums vir uitnemendheid. Dit is 'n baie meer gefokusde benadering met dieper probleem-oplossingsvaardighede wat aangewend kan word vir kritieke kwessies. Ons personeel is baie opgewonde oor hierdie veranderings, asook die handelsmerk-posisionering en prominensie wat ons begin skep

'n Stagnerende organisasie sal uiteindelik irrelevant word – ons moet aanpas by die tye en verseker dat ons nie slegs die huidige geslag nie maar ook die toekomstige geslag boere akkommodeer. Ons het gevind dat die nuwe geslag boere veral opgewonde is oor hierdie veranderinge en vernuwing.



**Die aanvanklike kosteberekening vir Grond- en Omgewingsfonds. was R38 miljoen – ons sal befondsing moet kry vanuit verskeie bronne. Die doel van die fonds is om eiendomsregte van boere en alle Suid-Afrikaners te beskerm en om die omgewing en ons waterbronne te beskerm.**

in ons nuwe strukture en met ons nuwe lede.

**g) Hoe reageer Agri SA se provinsiale organisasies op die voorgestelde veranderinge?**

Ons het met al die provinsies beraadslaag oor die veranderinge en die reaksie was oor die algemeen baie positief. Die organisasie is inherent progressief en daar is 'n eensgesindheid dat ons op verandering en verfyning van strategie moet fokus. 'n Sekere mate van teenstand is normaal, maar ons voel dat die progressiewe deel van ons besigheid 'n omgewing skep waar ons met volle vertroue met hierdie proses kan voortgaan.

'n Stagnerende organisasie sal uiteindelik irrelevant word – ons moet aanpas by die tye en verseker dat ons nie slegs die huidige geslag nie maar ook die toekomstige geslag boere akkommodeer. Ons het gevind dat die nuwe geslag boere veral opgewonde is oor hierdie veranderinge en vernuwing. Dit is ook deel van die nasionale evolusie van ons organisasie en ons sektor. Die punt is: As ons nie daarin kan slaag om toekomstige geslagte deel van ons strategie te maak nie, sal ons eenvoudig nie 'n toekoms hê nie.

**h) Kan Agri SA waarborg dat die hoogste gesag steeds in die hande van die boere sal bly? Indien wel, hoe?**

Ons het seker gemaak dat boereleiers grootliks in die meerderheid is in die Raad – die voorsitter en onder-voorsitters is ook boere. Beheer van die organisasie sal sonder twyfel in boere gesetel wees. Die rigting en besluite word meestal gemotiveer en word geneem binne ons sentrums vir uitnemendheid. Dit is waar die fisiese werk gedoen word.

**i) Wat is die finansiële impak van die voorgestelde veranderinge op lede van Agri SA?**

Daar sal minimale veranderinge in die begroting wees. Die nuwe struktuur sal ons in staat stel om tegnologie en ander meganismes te gebruik om kostes te bestuur – soos in die geval met baie ander moderne organisasies. Met die toevoeging van meer korporatiewe lede sal ons meer finansiële vernuf hê. Beleidsuitmuntendheid kos baie geld en in meeste gevalle is dit die mees beperkende faktor. Ons beleidswerk is baie duurder as ons strukturele veranderinge.



*Ons het seker gemaak dat boereleiers grootliks in die meerderheid is in die Raad – die voorsitter en onder-voorsitters is ook boere. Beheer van die organisasie sal sonder twyfel in boere gesetel wees.*

j) **Daar word ook verwys na 'n Grond- en Omgewingsfonds. Hoeveel geld het Agri SA nodig om die fonds op die been te bring en wat is Agri SA se planne om sodanige fonds 'n werklikheid te maak?**

Die aanvanklike kosteberekening vir die fonds was R38 miljoen – ons sal befondsing moet kry vanuit verskeie bronne. Die doel van die fonds is om eiendomsregte van boere en alle Suid-Afrikaners te beskerm en om die omgewing en ons waterbronne te beskerm. Om baie prakties te wees: Onteiening sonder vergoeding sal ons ekonomie in geheel in duie laat stort. Met die landbou in die frontlinie moet ons seker maak dat ons ons eie arsenaal wapens het om eiendomsregte te beskerm.

Skaliegas-eksplorasie sal 'n hoogs omstrede kwessie wees. Hulpbronne sal benodig word om dit te bestuur en aan te spreek. Die fonds sal handel met transversale aangeleenthede wat ons bestaan as

### Nuwe personeel

| Nuwe persoon | Pos | Kwalifikasie |
|---|---|---|
| Janse Rabie | Hoof: Natuurlike Hulpbronne | BCom Regte<br>LLB<br>LLM (Mariene en Omgewingsreg)<br>Toegelate prokureur |
| Jahni de Villiers | Hoof: Arbeid en Ontwikkeling | LLB, studeer tans vir LLM in Arbeidsreg |
| Requier Wait | Hoof: Ekonomie en Handel | BCom (Ekonomie & Rekeningkunde)<br>BCom Hons (Ekonomie)<br>MCom (Ekonomie)<br>PhD (Ekonomie) |
| Yolisa Mfaise | Regsadviseur | LLB |
| Pietman Roos | Hoof: Korporatiewe Aangeleenthede | BCom Regte<br>BCom Hons (Ekonometrie)<br>LLB<br>Geoktrooieerde Finansiële Ontleder (CFA) |
| Leanne George | Bestuurder: Kommunikasie | BA (Algemeen)<br>BA Hons (Argeologie) (*Cum laude*)<br>MSc (Argeologie)<br>Senior Joernalis |
| Jolanda Andrag | Leerlingskap (Arbeid en Transformasie) | BA (Politieke Studies en Geesteswetenskappe) (*Cum laude*)<br>BA Hons (Politieke Studies) (*Cum laude*)<br>MA (Politieke Studies) (studeer tans) |
| Gregory Smith | Navorsingsassistent (Natuurlike Hulpbronne) | BSc (Omgewings- en Waterkunde)<br>BSc Hons (Omgewings- en Waterkunde) |
| Pusho Makgolane | Leerlingskap (Ekonomie en Handel) | BSc (Landbou-ekonomie) |

*Ons sal 'n vaartbelynde organisasie hê wat vinnig groei met die byvoeging van waardekettingspelers wat 'n belang by primêre landbou het. Ons sal ons beleidspraktyk aandryf tot die volgende vlak ten voordeel van alle boere in Suid-Afrika.*

**Ons span, wat bestaan uit Agri SA-personeel, ons Bestuurskomitee en die Algemene Raad, het hulle uitstekend gekwyt van hul taak in die bestuur van en beplanning vir bystand en ingrypings.**

boere en Suid-Afrikaners bedreig – ons beskou dit as 'n Suid-Afrikaanse fonds, met die landbou as die bewaarder daarvan.

k) **Waar sien Agri SA homself oor 'n jaar se tyd?**

Ons sal 'n vaartbelynde organisasie hê wat vinnig groei met die byvoeging van waardekettingspelers wat 'n belang by primêre landbou het. Ons sal ons beleidspraktyk aandryf tot die volgende vlak ten voordeel van alle boere in Suid-Afrika. Ons is en bly 'n oplossing-gedrewe organisasie wat vorendag sal kom met konstruktiewe maniere om probleme in die landbou en die breër Suid-Afrikaanse konteks aan te spreek.

### Nuwe personeel

Die jaar 2017 was 'n groot jaar vir Agri SA in terme van nuwe aanstellings. Johan Pienaar, Nic Opperman, Elize van der Westhuizen en Livhu Ngwekhulu het Agri SA verlaat weens aftrede of om nuwe loopbaanrigtings in te slaan. Ons het die bes moontlike talent wat in die mark beskikbaar was aangestel. Die persone wat aangestel is word gelys in die tabel op die teenoorstaande bladsy.

### Nuwe korporatiewe lede

Die deel van ons strategie wat waardekettingintegrasie ondersteun, sowel as die toevoeging van nuwe korporatiewe lede, was uiters suksesvol – ons het daarin geslaag om 16 nuwe korporatiewe lede en twee addisionele bedrywe by ons uitgebreide organisasie te voeg. Ons is trots op hierdie prestasie en die feit dat ons waardestelling en status in primêre landbou van sodanige belang vir die landbouwaardeketting is.

### Rekeningkundige beleid

Geen veranderinge is aan die rekeningkundige beleid met betrekking tot vaste bates en die afskryf daarvan gedurende die verslagjaar aangebring nie en daar word voldoen aan die internasionale standaarde sedert Desember 2016. Dit beteken alle bates moet volgens billike waarde by jaareinde waardeer word. Depresiasie word afgeskryf oor die verwagte leeftyd van die bates en 'n residu-waarde is gekoppel aan elke bate, wat dan jaarliks hersien moet word.

### Verantwoordelikhede

Ingevolge Agri SA se grondwet is die Bestuurskomitee verantwoordelik vir die hou van rekeningkundige rekords. Hierdie komitee is ook verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting.

Hoewel die Bestuurskomitee primêr verantwoordelik is vir die finansiële state, word hulle ondersteun deur Agri SA se eksterne ouditeure. Laasgenoemde moet 'n onafhanklike mening uitspreek en daaroor verslag doen. Die goedkeuring van die finansiële state berus by die Algemene Raad. Finansiële bestuur geskied ingevolge 'n bylae tot Agri SA se grondwet onder "Delegering van Magte".

### Ouditeure

Agri SA se ouditeure is die Ashton CA (SA) Group.

Die geouditeerde finansiële state is voorgehou en deur die Algemene Raad goedgekeur. Ingevolge die bepalings van Agri SA se grondwet word die verkorte finansiële state aan die kongres voorgehou.

### Erkenning

Ons span, wat bestaan uit Agri SA-personeel, ons Bestuurskomitee en die Algemene Raad, het hulle uitstekend gekwyt van hul taak in die bestuur van en beplanning vir bystand en ingrypings.

Ek wil ook graag my dank betuig aan al ons lidorganisasies wat in hierdie tyd behulpsaam was met advies, finansiële verligting en inligting om ons lede en kliëntebasis te beskerm en te laat groei. Ons het almal bygedra om Agri SA se handelsmerk binne Suid-Afrika en internasionaal te versterk en ek glo ons handelsmerk is tans sterker as ooit tevore.

**Omri van Zyl**
Uitvoerende direkteur

# Oorsig van Agri SA se transformasie-inisiatiewe

Die afgelope jaar was beslis 'n baie besige en interaktiewe een vir die span wat vir Agri SA se transformasie-inisiatiewe verantwoordelik is. Dit reflekteer die goeie kaliber mense wat aangestel en getaak is met die verantwoordelikheid om 'n stewige grondslag te lê vir groei deur middel van wen-wen-vennootskappe en transformasie in die landbousektor.

Ons span het spesifiek aandag gegee aan drie fokusareas vir samewerking, naamlik die regering, besigheid en arbeid.

Wat ons samewerking met die regering betref, het Agri SA se verteenwoordigers 'n kritieke rol gespeel om te verseker dat openbare befondsing doeltreffend en effektief aangewend word vir transformasiedoeleindes. Agri SA-verteenwoordigers dien tans in die AgriSETA- en die AgriBEE-rade.

Agri SA vorm ook deel van die gesamentlike tegniese taakspan wat verantwoordelik is vir die konseptualisering van 'n regrukstrategie vir landboukolleges. Hierdie instellings speel 'n noodsaaklike rol in transformasie en een van die sleuteldoelwitte van hul onderskeie mandate is om 'n inklusiewe en groeiende landbousektor te verseker.

Terwyl goeie beheer, doeltreffende bestuur en breëbasis-bemagtiging steeds 'n uitdaging op regeringinstellingsvlak is, is dit ewe belangrik dat georganiseerde landbou deel bly van hierdie instellings ten einde beheer- en bestuurspraktyke te beïnvloed en swak praktyke bloot te stel wat die bereiking van transformasie-uitkomste ondermyn.

Wat samewerking met die sakesektor betref, is 'n reeks interaksies tussen Agri SA, die Land Bank, FNB en ander finansiële rolspelers bewerkstellig. Die primêre doel van hierdie interaksies is om AgriBEE-vennootskappe te bevorder en breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging in die landbousektor te fasiliteer. Terwyl Agri SA wag vir goedkeuring van die gewysigde AgriBEE-sektorkode, is 'n reeks inisiatiewe ook die afgelope jaar geloods wat gemik is op netwerk-uitbreiding en die deel van inligting ten einde gelyke toegang tot alle vlakke van die landbouwaardeketting te bevorder, veral vir swart boere.

Wat ons samewerking met arbeid betref, is Agri SA se voortgesette betrokkenheid by die Phakisa-proses 'n aanduiding van georganiseerde landbou se verbintenis tot maatskaplike inisiatiewe. Vier sleutel-arbeidstroom-inisiatiewe het uit die Phakisa-proses voortgevloei. Dit hou verband met 'n privaat- en openbare-sektor-

Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie | We develop the South African Agriculture Industry

Vier sleutel-arbeidstroom-inisiatiewe het uit die Phakisa-proses voortgevloei. Dit hou verband met 'n privaat- en openbare-sektor-vraaggedrewe opleidingsinisiatief, 'n plaaswerkerbehuising- en grondbesit-inisiatief, asook 'n agropreneurskap-inisiatief en twee ander inisiatiewe rondom ordentlike werkgeleenthede en wetnakoming.



vraaggedrewe opleidingsinisiatief, 'n plaaswerkerbehuising- en grondbesit-inisiatief, asook 'n agropreneurskap-inisiatief en twee ander inisiatiewe rondom ordentlike werkgeleenthede en wetnakoming.

Baie werk is gedoen ten opsigte van die Agri-dorp-konsep en die regering sal hopelik befondsing beskikbaar stel om sterker verblyfreg en sosiale sekerheid vir plaaswerkers te bewerkstellig.

Die volgende transversale sleutel-prestasie-uitsette voeg verdere inhoud en heg ook 'n dieper betekenis aan ons transformasiedoelwitte. Dit – kortliks – is transformasie in die praktyk.

Dit behels kommunikasie, navorsing, netwerke, opleiding, mentorskaps-geleenthede, die deel van inligting, beste praktyk, voorspraak en beïnvloeding, fasilitering van AgriBEE-transaksies en die bemagtiging van die jeug en vroue.

**Ons span het spesifiek aandag gegee aan drie fokusareas vir samewerking, naamlik die regering, besigheid en arbeid.**



Christo van der Rheede

Kommunikasie fokus op die deel van goeienuusstories in die sosiale, gedrukte en klank-media. Agri SA het geweldige transformasie-verwante mediablootstelling die afgelope jaar geniet, veral in die Afrikaanse sowel as Engelse gedrukte, klank-, visuele en sosiale media. Ons media-voetspoor groei steeds op 'n daaglikse basis, wat help om negatiewe persepsies uit te



*Baie werk is gedoen ten opsigte van die Agri-dorp-konsep en die regering sal hopelik befondsing beskikbaar stel om sterker verblyfreg en sosiale sekerheid vir plaaswerkers te bewerkstellig.*

skakel en die ingesteldheid van gewone landsburgers oor die landbousektor te verander.

Sommige spanlede is ook aangestel as deeltydse rubriekskrywers by landbou tydskrifte en dagkoerante. Dit bied ’n gulde geleentheid om Agri SA se statuur te bevorder en uit te bou.

Navorsing fokus op die publikasie van ’n jaarlikse diagnostiese en impak-studie, *Agri-transformation and Black Economic Empowerment Report*, en ’n navorsingsverslag oor uitdagings en geleenthede vir jong mense in die landbou.

Wesenlike bevindinge soos vervat in die *Agri-transformation and Black Economic Empowerment Report* dui daarop dat Agri SA se affiliasies hul bydrae tot transformasieprojekte met 27,34% opgestoot het tot R187 miljoen in 2016/2017. Gedurende hierdie tydperk het ’n totaal van 97 593 boere vaardigheidsopleiding ontvang, ’n toename van 82 083.

’n Tekort aan kapitaal en gebrekkige toegang tot water en landbou-implemente is sommige van die grootste uitdagings wat nuwe boere in die gesig staar. Terwyl publieke-private projekte groot geleenthede ontsluit het, sal groter regeringsondersteuning op grondvlak ’n wesenlike en volhoubare langtermyn- uitwerking hê.

Netwerkgeleenthede, opleiding, die deel van inligting en mentorskapgeleenthede is ook die afgelope jaar van stapel gestuur deur middel van ‘*Action shops*’. Verskeie instellings soos die Land Bank, Santam, ABSA, ABInBev, McCain en bedryfsorganisasies soos Graan SA, Katoen SA, Suiker SA, Bosbou SA ens het deelgeneem aan die eerste een, wat deur 300 opkomende boere bygewoon is.

Vroeër vanjaar het Agri SA ook ’n netwerksessie tussen Graan SA en die amptenare in beheer van die Phakisa-inisiatief gefasiliteer. Die doel van hierdie sessie was om die aktiwiteite van Graan SA bekend te stel en hom te posisioneer as voorstander van graan-bemagtigingsinisiatiewe.

Agri SA en Agri Gauteng het ook die ‘*Growing Agriculture in South Africa*’-projek in Gauteng geloods. ’n Groep van 150 boere is gekies om die wêreld van kleinskaalse boerdery te verken. Tydens die geleentheid is inligting en ondervindinge oor skaap-, bok-, pluimvee-, bees-, groente- en byeboerdery gedeel. Hierdie netwerkgeleenthede het gehelp om skeidingslyne tussen boere uit diverse agtergronde af te breek en verhoudings te normaliseer.

Beste praktyk en die deel daarvan is van uiterse belang, gegewe dat die landbou ’n hoërisiko-besigheid is. Die amptelike Agri SA-webblad het dus begin met ’n inisiatief om 150 beste praktyke met betrekking tot transformasieprojekte in die landbou voor te hou. Verder is sommige spanlede ook gevra om in beoordelingspanele te dien om die landbou-uitmuntendheid onder jong vroulike boere te erken en te beloon. Hierdie toekennings dien ook as beste praktyk en moedig hul portuurgroep aan om weg te breek uit die siklus van afhanklikheid en middelmatigheid, maar veral om ook na uitmuntendheid te streef.

Voorspraak en beïnvloeding fokus op goeie beheer op regering-instellingsvlak en die beïnvloeding van beleid op ’n wyse wat groei bevorder deur

Navorsing fokus op die publikasie van ’n jaarlikse diagnostiese en impak-studie, Agri-transformation and Black Economic Empowerment Report, en ’n navorsingsverslag oor uitdagings en geleenthede vir jong mense in die landbou.



**Wesenlike bevindinge soos vervat in die Agri-transformation and Black Economic Empowerment Report dui daarop dat Agri SA se affiliasies hul bydrae tot transformasieprojekte met 27,34% opgestoot het tot R187 miljoen in 2016/2017.**

voortdurende investering. Die insette van Agri SA-verteenwoordigers in hierdie verband is hoog aangeprys.

Baie goeie verhoudings is gebou en Agri SA word voortdurend gevra om deel te word van privaat-publieke sektor-inisiatiewe wat van stapel gestuur word deur verskeie staatsinstellings soos Daff, die DRDLR, AgriSETA, agri-kolleges, die *dti*, departement van arbeid, Busa, Nedlac en ander. Hoewel die vlak van beheer en bestuur steeds 'n probleem in baie staatsdepartemente is, word daar toenemend staatgemaak op Agri SA se hoëvlakvaardighede asook insette van regeringskant, wat dan 'n goeie geleentheid bied om ons beïnvloeding- en voorspraakrol namens die kommersiële landbousektor te versterk.

*'Agri-BEE Deal Brokering'* fokus op die fasilitering van AgriBEE-vennootskappe tussen verskeie belanghebbendes. Sodanige fasilitering is in ooreenstemming met die volgende elemente wat gemeet sal word om die BEE-status van 'n landbou-onderneming te bepaal.



Die Eienaarskap-element (*Equity and Land Ownership*), wat daarop gemik is om die oordrag van grond en ontrassing van grond- en ondernemingsbesit en beheer, goed geskoolde werknemers en die bestuur van bestaande en nuwe landbou-ondernemings se infrastruktuur te bevorder.

Bestuursbeheer is gemik op die bevordering van gelyke toegang tot en deelname van swart mense in die landbouwaardeketting as geheel.

Vaardigheidsontwikkeling is gemik op die bevordering van toegang tot ekonomiese aktiwiteite, en vaardigheidsopleiding.

Ondernemings- en verskaffersontwikkeling is gemik op die ontsluiting van besigheidsvaardighede en die potensiaal van swart mense in die sektor en die ondersteuning van swart mense ten opsigte van besitneming en totstandkoming van asook deelname in en die bedryf van landbou-ondernemings.

Sosio-ekonomiese ontwikkeling is bedoel om swart mense binne die sektor maatskaplik op te hef deur ordentlike werks- en leefomstandighede van plaaswerkers te bevorder.

Jeug- en vroue-inisiatiewe fokus op bemagtigingsprogramme gemik op die jeug en vroue in die landbou. Vir hierdie doel is 'n vroue-konferensie gehou wat bygewoon is deur invloedryke vroue in die landbou. Agri SA se vroue-verteenwoordigers het ook die Sacau Vroue in Landbou-konferensie in Tanzanië bygewoon. Agri SA se internskap-werknemers het ook 'n Jeug in Landbou-konferensie in Zambië bygewoon. Hierdie skakeling met mede-vroue en die jeug van oor Afrika heen het nie net 'n waardevolle netwerkgeleentheid gebied nie maar het ook die statuur bevorder van Agri SA as organisasie wat vroue en die jeug in die landbou prioritiseer.

Verskeie provinsies, soos Noordwes en Kwanalu, het begin met opleidingsinisiatiewe met die oog op die verbetering van opkomende swart boere se vaardighede en kennis. Hierdie hoogs suksesvolle inisiatiewe, veral op provinsiale vlak, word innig waardeer en moet aangemoedig word oor die land heen.

Ten slotte – ten spyte van die negatiewe konnotasies van die woord "transformasie", bly Agri SA verbind tot transformasie van die landboulandskap. Transformasie word te dikwels gesien as sinoniem met mislukking, diskriminasie, agteruitgang en stagnasie. Dít is nie transformasie nie. Transformasie in die ware sin van die woord gaan oor die skep van wen-wen-vennootskappe en bevordering van talent in belang van al ons mense ongeag ras, geloof of geslag. Transformasie gaan oor die realisering en verdieping van waardes en ideale soos vasgelê in ons land se Grondwet. Dit is wat ons toekoms en dié van ons kinders sal bepaal.

**Christo van der Rheede**
ADJUNK- UITVOERENDE DIREKTEUR



**AGRI SA ALGEMENE RAAD 2017**

Van links na regs: Sittend

Sandy la Marque, Dr Jan Visser, Christo van der Rheede, Phenias Gumede, Dan Kriek, Johannes Möller (President), Omri van Zyl, Henk van Wyk, Harry Prinsloo, Preline Swart

Van links na regs: Eerste ry

Livhuwani Ngwekhulu, SK Makinana, Annelize Crosby, Thinus van Zijl, Marietjie Odendaal, Kobus Visser, Janse Rabie, Daan van der Merwe, Andy Buchan, Wiehahn Victor, Cornie Swart, Jannie de Villiers, Chris Schoonwinkel, Ramodisa Monaisa, Derick Mathews, Adri Kitshoff-Botha, Carl Opperman, Willem Pretorius, Leon Borcherds, Robert Davel, Thinus Ferreira, Jahni de Villiers

Van links na regs: Tweede ry

Kobus Breytenbach, Cobus van Zyl, Tommy Ferreira, Moorrees du Toit, Willie Jacobs, Douglas Stern, Francois Wilken, Henk Vermeulen, Dr Piet Prinsloo, Japie Grobler, Nicol Janse, Pierre Vercueil, Walter Visser, Boeta du Toit, Johan Kotze, Ernest Pringle, Wayman Kritzinger, Piet Engelbrecht

Agter

Jaco Minnaar, Lynette Bezuidenhout, Willem Basson, Oubaas Malan, Willem van Jaarsveld, Henning Myburgh
























## UITVOERENDE KOMITEE

1 **Johannes Möller** President
2 **Dan Kriek** Adjunk-president
3 **Phenias Gumede** Adjunk-president
4 **Henk van Wyk** Voorsitter Algemene Sakekamer
5 **Harry Prinsloo** Voorsitter Bedryfskamer en voorsitter Kommersiële Komitee
6 **Neil Hamman** Voorsitter Arbeid- en Maatskaplike Beleidskomitee
7 **Kobus Breytenbach** Voorsitter Landelike Veiligheidsbeleidskomitee
8 **Carl Opperman** Voorsitter Kommunikasie en Beeldbou Beleidskomitee
9 **Ernst Pringle** Voorsitter Landbou-ontwikkelings-beleidskomitee
10 **Wayman Kritzinger** Voorsitter Natuurlike Hulpbron Beleidskomitee
11 **Dr Jan Visser** Oudit- en Risikokomitee












## BESTUURSKOMITEE

1 **Johannes Möller** President
2 **Dan Kriek** Adjunk-president
3 **Phenias Gumede** Adjunk-president
4 **Henk van Wyk** Voorsitter Algemene Sakekamer
5 **Harry Prinsloo** Voorsitter Bedryfskamer en voorsitter Kommersiële Komitee

# Kongresverslag 2016





## Tye van kongres-sessies

Donderdag, 13 Oktober 2016 van 07:30 tot 17:30

Vrydag, 14 Oktober 2016 van 08:00 tot 13:00

## Tema

Die dinamika in landbou

## Plek

Spartan-lokaal, St George Hotel & Konferensiesentrum, Ou Pretoria-Kemptonparkweg, Rietvleidam.

## Registrasie

Afsonderlike registrasiepunte is vir die Algemene Sakekamer, Bedryfskamer en gaste beskikbaar gestel.

## KONGRES-AGENDA

## Openingsessie

### Skriflesing en gebed

Prof Stephan Joubert het die verrigtinge met skriflesing en gebed geopen, waarna die president hom daarvoor bedank het.

Die Volkslied is hierna deur die kongres gesing.

### Konstituering van die kongres

Omri van Zyl, uitvoerende direkteur van Agri SA, het die konstituering van die kongres waargeneem. Hy het bevestig dat 'n kworum teenwoordig was en dat alle grondwetlike verpligtinge nagekom is om met die kongres te kon voortgaan.

Die kongres is deur 91 afgevaardigdes en 169 gaste bygewoon.

### Orde-reëlings

Veranderings in die samestelling van afvaardigings moes skriftelik vóór of tydens registrasie gekommunikeer word.

Afgevaardigdes het hul stembriewe tydens registrasie ontvang en daarvoor geteken. Verlore stembriewe is nie vervang nie.

Vir interaktiewe deelname tydens die kongres het afgevaardigdes tydens registrasie handstukke ontvang.

- Die volgorde van besprekings is deur die voorsitter bepaal;
- Persone wat nie afgevaardigdes was nie, kon insette lewer met die voorsitter se toestemming;
- Deelname aan die besprekings is beperk tot vyf minute per spreekbeurt;
- Sprekers is versoek om hul toesprake aan die administrasiekantoor te voorsien; en
- Reëlings is getref vir die nominasie en stemproses vir die verkiesing van ampsdraers.

## Verwelkoming

Verwelkomings is deur adjunk-president Dan Kriek gedoen. Afgevaardigdes, ander verteenwoordigers van affiliasies, sprekers, afgevaardigdes van verskeie staatsdepartemente, verteenwoordigers van portefeulje-komitees, verteenwoordigers van statutêre liggame, verteenwoordigers van ambassades, afgevaardigdes van ander landbou-organisasies, oud-presidente van Agri SA, gaste en die media, is spesifiek verwelkom. Generaal Shoke, hoof van die

Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), en generaal Phalane, waarnemende polisiekommissaris, die brigadier-generaal van die SANW en ander offisiere is ook in besonder bedank vir hulle teenwoordigheid.

Verskonings is aangebied vir oud-presidente wat weens ander verpligtinge nie die kongres kon bywoon nie.

Die logo's van borge vir die kongres is deurlopend vertoon, naamlik:

**Platinum- en informele funksie borg**

Santam Landbou

**Diamantborg**

Land Bank

**Goue borge**

AgriSETA

GWK

Villa Crop Protection

**Silwerborge**

ABSA AgriBesigheid

FNB

Monsanto

Sanlam

Senwes

Standard Bank

Nedbank

Discovery

Obaro

John Deere

Mutual & Federal Agri

Old Mutual

NWK

Statistieke Suid-Afrika

**Bronsborge**

Nissan SA

Omnia

OVK

Pannar

Sonfin

Bayer

DuPont Pioneer

Voermol

Dan Kriek het ook Agri SA se vennote bedank vir hul lojale ondersteuning, naamlik CrisisOnCall, Nissan SA, Sanlam, AliSom, Sonfin en T&E FinOps.

**Gasspreker**

**Jacques Celliers, uitvoerende hoof van FNB – Toekomstige organisasies en innovasie: wat word benodig om sukses te behaal?**

Daar is spesifiek gefokus op die noodsaak vir digitale innovasie as voorvereiste om relevant en mededingend in die toekoms te bly.

Celliers het die snel veranderende bank-omgewing bespreek en gesê banke soos FNB poog om by te bly met innovasie, veral op die gebied van digitalisasie, alle ander tegniese platforms, statistieke en die toegang tot data. Hy is van mening dat dit vir alle sektore en spesifiek ook die landbou en universiteite van toepassing behoort te wees. Hy vermoed laasgenoemde bly nie by nie en steun nog op verouderde tegnologie en stelsels.

Volgens Celliers word innovasie enersyds deur die bank se kliënte gedryf, wat beter diens verlang. "Andersyds is daar baie innoverende mense binne die bank wat voortdurend met nuwe planne vorendag kom. FNB stel elke jaar 150 pas gegradueerdes aan omdat die bank glo dat daar baie kreatiwiteit in jong mense opgesluit is. Ons moet dinge voortdurend anders doen en FNB sorg vir 'n gesonde balans tussen ervaring en nuwe idees."

Mense aan die spits van organisasies moet oop wees vir nuwe idees, het hy gesê. "Jy hoef nie die kundige te wees nie. Luister en kyk na vars idees. Wees oop vir nuwe tegnologie en gee jong mense die geleentheid om te eksperimenteer. Sukses hang af van hoe vinnig persone in leierskapposisies by nuwe idees gaan aanpas."

**Presidentsrede**

**Johannes Möller, president, Agri SA - Agri SA lewer vele positiewe bydraes in belang van Suid-Afrika**

Die parlement was sedert Mei tot Augustus in reses ter voorbereiding van die plaaslike regeringverkiesings. Daar is dus nie baie nuwe wetgewing deur die parlement geloods gedurende die eerste helfte van die jaar nie, het Johannes Möller, president van Agri SA, in sy presidentsrede gesê.

Hy het nietemin na die volgende as van besondere belang vir die landbousektor verwys:

**Die Onteieningswetsontwerp**

Nadat die openbare kommentaar

> **FNB stel elke jaar 150 pas gegradueerdes aan omdat die bank glo dat daar baie kreatiwiteit in jong mense opgesluit is.**

in die wetsontwerp geïnkorporeer is, het 'n proses van onderhandeling binne die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad, oftewel Nedlac, gevolg en verskeie wysigings is voorgestel. Hierna is die wetsontwerp in die parlement ter tafel gelê en het 'n proses van openbare verhore gevolg. Agri SA en sy affiliasies het tydens elkeen van hierdie prosesse insette gelewer.

Benewens wysigings gerig op pro rata-vergoeding ten gunste van eenmalige vergoeding, is die wetsontwerp nou duidelik daaroor dat daar volle toegang tot die howe vir alle tipes dispute is, terwyl daar ook mediasie-bepalings ingebou is. Die wetsontwerp is op 26 Mei deur die parlement aanvaar. Ná vertoë deur verskeie partye (Agri SA was nie een van hulle nie) het die president dit terugverwys na die parlement. Agri SA is uit verskeie oorde gekritiseer vir sy benadering in hierdie verband. Die organisasie het egter senior regsadvies ingewin en is van mening dat die vernaamste besware geïnkorporeer is in die wetsontwerp.

Die kommer wat wel steeds bestaan is die metodiek wat gevolg kan word by die berekening van vergoeding. Dit is egter ontleen aan die Grondwet en is nie eie aan die onteieningskonsepwetsontwerp nie. Agri SA is in elk geval van voorneme om as *amicus curiae* toe te tree na aanleiding van 'n onlangse hofsaak waarvolgens minder as markwaarde vasgestel is ten opsigte van 'n grondtransaksie.

### Die Raamwerk-wetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond

Agri SA rig jare lank reeds vertoë vir wetgewing wat die doeltreffende beskerming van landbougrond sal verseker. Sodanige wetsontwerp het in 2013 die lig gesien.

Hoewel daar aanvaarbare beskerming vir landbougrond in die wetsontwerp ingebou is, was daar kommer oor die moontlikheid dat die minister van landbou, bosbou en visserye voogdyskap van alle landbougrond sou kry en ook oor 'n klousule wat voorsiening gemaak het daarvoor dat landbougrond onder sekere omstandighede teen minder as markwaarde onteien kan word.

Agri SA het regsmenings ingewin oor hierdie aspekte en het omvattende kommentaar op die wetgewing gelewer. 'n Verdere weergawe van die wetsontwerp het die besware ondervang. Die wetsontwerp dien tans voor Nedlac en Agri SA lei die taakspan wat namens besigheid insette op die wetsontwerp maak.

### Die Wetsontwerp op Akwakultuur

Dié wetsontwerp is gedurende Maart 2016 vir openbare kommentaar gepubliseer. Dit poog om die beginsel van lisensiëring in te bring vir die akwakultuurbedryf. Ingevolge die bepalings van die wetsontwerp sal geen persoon akwakultuur kan bedryf indien daar nie 'n lisensie van die minister van landbou, bosbou en visserye bekom is nie. Die minister kan allerlei voorwaardes stel vir die toekenning van sodanige lisensies. Dit kan ook ernstige implikasies vir ander bedrywe inhou en kan 'n gevaarlike presedent daarstel.

Agri SA het ook regsmenings oor hierdie wetsontwerp ingewin en het saam met Akwakultuur SA sterk hierteen standpunt ingeneem. Agri SA lei ook die besigheid-afvaardiging in Nedlac wat tans oor die wetsontwerp onderhandel.

### Skaliegas-ontwikkeling

Die bestuur van die eksplorasie en ontwikkeling van minerale bronne, insluitend skaliegas, gaan in die komende jare 'n belangrike fokusgebied van Agri SA wees.

Wat skaliegas betref, gaan dit eksplorasie en produksie insluit waar mynbedrywighede selde of ooit in die verlede voorgekom het. Met dié veranderinge duik daar vrae op oor die aard van die skaliegas-ontwikkeling, die moontlike uitwerking op die omgewing en uiteraard die vermoë van die huidige reguleringstruktuur om met dié ontwikkeling te handel.

Internasionale en streeksamewerking is belangrik om die konflik tussen ontwikkeling en natuurlike hulpbronne te verbreek. "Die regte van Suid-Afrikaanse boere staan in die kern hiervan en ons mening is dat ons nie ons omgewing kan uitput en besoedel tot die mate dat dit die volhoubaarheid van landbou in gevaar stel nie," het Möller gesê.

**Regering heg nie genoeg waarde aan voedselsekerheid**

Agri SA is bekommerd oor die opsigtelike lae prioriteit wat die landbousektor en voedselsekerheid binne die regering geniet – dit terwyl bevorderlike beleid en die toepassing daarvan van primêre belang ook in landsbelang behoort te wees.

Met verwysing na die droogte het Möller gesê dit is die ergste droogte sedert die 1980's. Senwes het die droogte-rampfonds begin en dit aan Agri SA oorgedra. "Die rampfonds het skenkings van besorgde individue, instellings en maatskappye ontvang. Die fondse word aangewend om voer te koop, om die vervoer van dié voer te subsidieer en dit tussen produsente in nood te versprei." Die aksie het ook humanitêre hulp ingesluit.

Agri SA het sowat R16 miljoen se skenkings verkry wat, soos verduidelik, aangewend word. "Ons bedank alle skenkers, lede, vrywilligers en ander wat betrokke was – dit was voorwaar 'n reuse-suksesstorie. Agri SA was bevoorreg om deel te wees van hierdie tasbare wyse waarop boere en plattelandse gemeenskappe bygestaan is."

**Mike Mlengana, direkteur-generaal, departement van landbou, bosbou en visserye**

Hy het in sy voordrag na onder meer die volgende verwys:

- Dat hy as medeboer graag na boere luister en 'n "oopdeur"-benadering volg;
- As boere sy departement skakel, is dit nie om onbenullige redes nie en hy poog om 'n verbandhoudende dienskultuur te vestig;
- Opleiding van amptenare is in bepaalde gevalle nodig om doeltreffende diens te kan lewer;
- Kommunikasie tussen boere en die departement moet verbeter;
- Die departement benodig 'n strategie vir kommersiële boere;
- Alle rolspelers moet meewerk om strategieë wat bestaan te koördineer; en
- Die droogte was vir almal 'n leer-proses van hoe om saam te staan.

**TEMA 1: DIE TOEKOMS VAN GRONDHERVORMING: INTENSE ONDERHANDELING EN KOMPROMIEË, OF CHAOS?**

Die sessie het gefokus op moontlike scenario's vir grondhervorming en wat gedoen moet word om 'n positiewe uitkoms te verseker.

**Programdirekteur**: Brian Whittaker, afgetrede uitvoerende hoof van Vumelana Development Fund en inisieerder van die Land Reform Futures Scenarios

**Rapporteur**: Annelize Crosby, Agri SA se regs- en grondbeleids-adviseur

**Paneellede:**

- Masiphula Mbongwa, ministeriële adviseur, ministerie van landelike-ontwikkeling en grondhervorming
- Henk Smith, prokureur, Regshulpbronsentrum
- Preline Swart, vise-voorsitter, Graan SA
- Ernest Pringle, voorsitter, Agri SA, Landbou-ontwikkelingsbeleidskomitee

**Bespreking**

In sy inleidende opmerking het Brian Whittaker verwys na die volgende relevante kwessies:


- Die noodsaak om die kernaspekte van grondhervorming te bepaal en te debatteer; en
- Daar kan nie slegs lippediens hieraan gegee word nie, maar tersaaklike aspekte moet in ag geneem word.

**Voldoende finansiering**

Ernest Pringle was van mening dat doeltreffende finansiering noodsaaklik is. "Tans is die proses oop vir misbruik en korrupsie."

Volgens hom is dit noodsaaklik dat

"Ons bedank alle skenkers, lede, vrywilligers en ander wat betrokke was – dit was voorwaar 'n reuse-suksesstorie. Agri SA was bevoorreg om deel te wees van hierdie tasbare wyse waarop boere en plattelandse gemeenskappe bygestaan is."



begunstigdes eienaarskap moet verkry, aangesien dit selfstandigheid sal bevorder. Hy beklemtoon ook die noodsaak vir behoorlike ondersteuningstelsels. Hierdie ondersteuning moet verleen word deur onder meer georganiseerde landbou, veral die bedryfsorganisasies. "Alle soorte vennootskappe moet aangemoedig word, aangesien dit finansiële en ander ondersteuning sal verleen. Die proses moet vanaf grondvlak bestuur word. Dit sal 'n werkbare distrikgrondkomiteestelsel verg.

Regeringsamptenare wat die beleid implementeer, moet nie ook die proses bestuur nie. Die primêre doel van hierdie komitees moet wees om te verseker dat opkomende boere suksesvol gevestig word."

**Suid-Afrika behoort aan almal**

Masiphula Mbongwa het gesê dat, ten spyte van die Grondwet se voorskrifte, kan daar verskil word oor die praktiese toepassing van aspekte soos grondhervorming. Mbongwa het beklemtoon dat grondhervorming nie produksie moet ontwrig nie. As minimum vereiste moet produksie ten minste op dieselfde vlak bly, maar verkieslik verhoog word ná afloop van 'n grondhervormingtransaksie. "Die proses moet ons in 'n beter posisie plaas wat betref produksie en verhoudinge."

Hy het die noodsaaklikheid van insette deur kommersiële boere tot voordeel van hul ontwikkelende boere asook vennootskappe in verskeie vorms beklemtoon.

**Die regte kandidaat vir die regte plaas**

Preline Swart het daarop gewys dat geen plaasgrond verhandel moet word sonder die regering se medewete nie. Dit sal verseker dat boere nie slegs aan mekaar verkoop nie. "Dit sal kleiner en ontwikkelende boere 'n geleentheid bied om grond te besit. Dit is noodsaaklik dat die boer titelakte tot die plaas verkry. Só sal hulle in staat wees om onafhanklik te word en lenings in kapitaal markte te bekom.

"Help die boere wat reeds 'n poging aangewend het om hulself te help en verseker dat die regte persoon op die regte plaas gevestig word."

Sy het ook vir goeie buurmanskap van kommersiële boere gepleit. "Help ons om ons mense te ontwikkel en hul waardigheid te behou. U is suksesvol omdat u goeie opleiding ontvang het. Deel dit met ons."

**Die maklike en die moeilike grondhervormingkwessies**

"'n Bemagtigende regulatoriese raamwerk om transformasie moontlik te maak en 'n ondersteunende burokrasie is waarskynlik die twee maklikste voorvereistes om aan te voldoen vir suksesvolle grondhervorming soos vereis deur die Grondwet", het Henk Smith gesê. 'n Moeiliker een is die betrokkenheid van rolspelers op plaaslike vlak. Sonder hierdie verbintenis sal ons nie die nodige verandering kan bewerkstellig nie.

"Vir meer as 200 jaar is die meerderheid Suid-Afrikaners nie die voorreg gegun om grondregte te bekom nie. Ons mag nie die transformasie-ideale vergeet nie.



*"Help die boere wat reeds 'n poging aangewend het om hulself te help en verseker dat die regte persoon op die regte plaas gevestig word."*

'n Tjek ter waarde van R250 000 is aan die voorsitter van die Trustfonds, Japie Grobler, oorhandig. Dank is teenoor Santam Landbou uitgespreek vir hierdie bydrae in belang van plaasveiligheid.

Ons wit voorvaders het hul titelaktes verniet gekry. Dit mag dus nodig wees om 'n 20%-afslag op restitusie-transaksies toe te staan. Indien transformasie-ideale belangrik is vir ons land, moet daar moontlik 'n verdere 20%-afslag toegelaat word."

Volgens Smith is dit tyd om te begin onderhandel oor die regte kwessies. "Die oogmerk moet regverdigheid en redelikheid wees," meen hy.

**Minister se boodskap en ondertekening van 'n memorandum van verstandhouding met die departement van binnelandse sake**

Jackson McKay, adjunk-direkteur-generaal van die departement van binnelandse sake, het namens minister Malusi Gigaba, minister van binnelandse sake, 'n boodskap gelewer.

In Oktober 2014 het Agri SA en die departement van binnelandse sake 'n memorandum van verstandhouding (MoU) onderteken en hulself daartoe verbind om saam te werk om te verseker dat noodsaaklike dienste aan werkers en hul gesinne wat op plase woon, verskaf word. Die verhouding is hoofsaaklik gefokus op hulpverlening deur Agri SA en die breër landbougemeenskap met die registrasie van geboortes.

Hulp is verleen met verskeie projekte van die departement van binnelandse sake, onder meer die dokumentering van werkers van Zimbabwe en Lesotho. Die departement het erkenning gegee aan Agri SA vir die hulp wat hy verleen het met projekte soos die registrasie van geboortes. Die departement het boere ook ingelig oor die Lesotho Special Permit (LSP) en die vereistes in hierdie verband. Dit het gelei tot die ondertekening tydens Agri SA se 2016-kongres van 'n MoU ten opsigte van alle dienste.

**Resultate van die gemeenskaps-opname - Dr Pali Lehohla, statistikus-generaal, Statistieke Suid-Afrika**

Dr Pali Lehohla het gesê dat landbou-statistieke een van die sleutels is om te bepaal hoe die landbousektor presteer. Dit word gebruik vir voedselsekerheid, die groenekonomie en vir omgewing-studies.

Tydens die sensus is bepaal dat ongeveer 14% van alle huishoudings in Suid-Afrika deur die landbousektor verteenwoordig word. Die aantal landbouhuishoudings het egter sedert 2011 met 19,1% gedaal.

Lehohla het verder verwys na die invloed van die droogte op die sektor en ook 'n ontleding voorgehou van spesifieke bedryfsaktiwiteite wat deur landbouhuishoudings beoefen word.

**Boodskap Santam Landbou**

Lize Lampbrecht, hoof-uitvoerende beampte van Santam Landbou, het 'n kort boodskap gelewer wat hulle steun aan die Agri Securitas Trustfonds bevestig het. 'n Tjek ter waarde van R250 000 is aan die voorsitter van die Trustfonds, Japie Grobler, oorhandig. Dank is teenoor Santam Landbou uitgespreek vir hierdie bydrae in belang van plaasveiligheid.

**Boodskap Land Bank**

Willie Jacobs van die Land Bank het daarna verwys dat die besigheid wat die Land Bank doen, besig is om te verander en dat daarby aangepas

"Die nuwe polisie-bestuur erken dat landelike veiligheid 'n prioriteit is, maar die landbougemeenskap moet ook erken dat stygende misdaadvlakke en openbare geweld om die polisie se aandag en hulpbronne meeding."



moet word. Hy het die invloed van die droogte beklemtoon en gesê dat dit meebring dat landbouskuld toeneem, terwyl skulddelging afneem. Daar is egter finansieringsopsies beskikbaar waarvoor boere kan aansoek doen.

**Middagete**
Middagete is in die Salonica-lokaal bedien.

**TEMA 2: LANDELIKE VEILIGHEID**

Besprekings het gefokus op beleid, prosedure en samewerking wat tot 'n veilige landelike omgewing sal bydra.

Programdirekteur: Dr Johan Burger, senior navorser, Instituut vir Sekerheidstudies (ISS)

Rapporteur: Kobus Breytenbach, voorsitter, Agri SA, Landelike Veiligheidsbeleidskomitee

Paneellede:

- Willie Clack, voorsitter, RPO se veediefstal-voorkomingskomitee,
- Rudolph Zinn, professor in polisiëring, Unisa
- Uys van der Westhuijzen, voorsitter, Agri Wes-Kaap, Beleidskomitee vir Landelike Veiligheid



**Prioriteitstatus**
Dr Johan Burger was van mening dat die boeregemeenskap disproporsioneel geteiken word vir aanvalle en moord en dat hul sekuriteit dus prioriteitstatus regverdig.

"Die nuwe polisiebestuur erken dat landelike veiligheid 'n prioriteit is, maar die landbougemeenskap moet ook erken dat stygende misdaadvlakke en openbare geweld om die polisie se aandag en hulpbronne meeding. Alle mense op plase is slagoffers of potensiële slagoffers van aanvalle, ongeag ras of geslag; daarom is dit belangrik dat die persepsie dat slegs wit mense slagoffers is, aangespreek word."

"Die omvang van die nuwe landelike beveiligingstrategie is breër en meer algemeen as sy voorganger, daarom sal die landbougemeenskap op 'n meer geïntegreerde wyse binne hierdie strategie moet funksioneer ten einde ook sy eie veiligheid en sekuriteit te verbeter," het dr Burger gesê.

***"Back-to-basics"***
Boere se rol is van kritieke belang in landelike beveiliging. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het 'n gevorderde landelike beveiligingstrategie, maar boere het 'n noodsaaklike rol te speel in hierdie verband. "Ons het landelike misdaad geprioritiseer, maar u moet ook u deel doen. Misdaad is almal se besigheid en ons moet dit bestry." Dit was die waarnemende polisiekommissaris, luitenant-generaal Khomotso Phahlane, se boodskap.

Generaal Phahlane meen dat, indien boere nie misdaad aanmeld nie, doen hulle hulself 'n onreg aan. "Hulpbronne word beskikbaar gestel volgens die misdaadstatistieke, en indien u nie misdade soos veediefstal rapporteer nie, sal ons nie 'n duidelike aanduiding van die vlak van misdaad hê nie."

Hy het die SAPD se nuwe "*back-to-basics*"-benadering tot polisiëring verduidelik. "Dit fokus op elke lid van die SAPD met verwysing na die gevestigde regulatoriese raamwerk, oftewel om die basiese beginsels van polisiëring in stand te hou."

**Sake wat nie aangemeld word nie**
Willie Clack was van mening dat, alhoewel veediefstal bydra tot meeste van die ekonomiese verliese in landelike gemeenskappe, word ongeveer 70% van veediefstalsake deur 'n werknemer aangemeld en nie deur die eienaar nie.

Clack sê daar is 'n toenemende neiging om nie veediefstal aan te meld nie. In 2011 is 36,3% van veediefstalsake nie by die polisie aangemeld nie. In 2015 het hierdie syfer gestyg tot 67,7%. Sommige van die redes waarom boere nie veediefstalgevalle aanmeld nie is 'n gebrek aan vertroue in die

polisie (31,8%); eienaars wat glo dat veediefstal nie belangrik genoeg is nie (30,2%); en gevalle waar die SAPD nie beskikbaar was nie (8,8%). Clack sê 'n internasionale seminaar oor landelike misdaad in Suid-Afrika word in samewerking met Unisa vir die toekoms beplan.

**Realistiese verwagtinge**

Professor Rudolph Zinn het gemaan dat die bydrae wat van alle rolspelers verwag word, met inbegrip van die SAPD, realisties moet wees. Boere moet betrokke raak by die gemeenskapspolisiëringsforums (GPF's) en ander gemeenskap-inisiatiewe. "Maak seker dat alles gedoen word volgens die wet. Vermy gefrustreerde vigilante-reaksies. Die fokus moet op die langtermynvoorkoming van misdaad wees. Ons moet die redes waarom mense by misdaad betrokke raak, aanspreek," het Zinn gesê. Hy het die belangrikheid van doeltreffende samewerking tussen rolspelers beklemtoon. "Die polisie moet gelei word deur progressiewe denke. Daar is 'n wanpersepsie dat die SAPD veronderstel is om alleen misdaad te bekamp. Internasionale navorsing beklemtoon die belangrikheid daarvan om polisiëring as 'n breë konsep toe te pas. Polisiëring sluit in pogings deur die polisie, maar ook dié van ander rolspelers soos die regering, private sekuriteitsmaatskappye en gemeenskappe. Polisiëring kan slegs werk indien die polisie ook hierdie konsep verstaan en indien hulle aktief saamwerk met ander rolspelers, byvoorbeeld om inligting te deel."

**Komplekse aangeleentheid**

Uys van der Westhuijzen het landelike veiligheid as 'n komplekse kwessie beskryf en gesê dat dit "almal se probleem" is. Hy het 'n Gaboenese regeringsamptenaar aangehaal: "Die landelike eksodus is 'n groot probleem oor Afrika heen. Die jeug dink dat hulle gelukkiger sal wees in dorpe waar daar elektrisiteit, lopende water en blink ligte is, maar wanneer hulle daar kom, kry hulle nie werk nie." Hulle raak dan gefrustreerd en wend hulle tot misdaad soos diefstal.

Die antwoord is nie om onderrig te stop nie, maar om mense op te voed sodat hulle die waarde van die dorpslewe sal besef en om die plattelandse leefstyl meer aantreklik te maak. Die oplossing lê in die woorde van president Thabo Mbeki in sy staatsrede van 2003: "Maatreëls sal getref word om te verseker dat die strukture wat veronderstel is om sekuriteitsagentskappe soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW)-kommando's en polisiereserviste te ondersteun, behoorlik gereguleer word om dit te doen waarvoor hulle geskep is. Ten einde almal in landelike gebiede se veiligheid te verseker, insluitend dié van boere, sal die regering in die nabye toekoms begin om SANW-kommando's uit te faseer en terselfdertyd in hul plek 'n nuwe stelsel daarstel waar die samestelling en etos aan die vereistes van alle landelike gemeenskappe voldoen."

Generaal Solly Shoke, hoof van die SANW, het afgesluit deur te beklemtoon dat die landbousektor fundamenteel is tot die ontwikkeling van Suid-Afrika. "Daarom moet die regering dié sektor ondersteun."

## TEMA 3: BELEGGING IN DIE LANDBOU

Besprekings het gefokus op finansieringsgeleenthede in die sektor en kommersiële modelle.

**Programdirekteur:** André Schreuder, besturende direkteur van Villa Crop Protection

**Rapporteur:** Harry Prinsloo, voorsitter, Agri SA, Kommersiële Beleidskomitee

**Paneellede:**

- Jean Craven, direkteur en gesamentlike hoofbeleggings-beampte, Barak Fund Management
- Jaco Minnaar, voorsitter, Graan SA
- Willie Jacobs, uitvoerende bestuurder, korporatiewe bankwese, Land Bank

**Landbou as beleggingsveld**

Hoewel investering in die landbou afneem, is daar nog genoeg redes om wel in dié sektor te belê, het Schreuder gesê. "Afrika suid van die Sahara het volgens berekenings dieselfde produksiepotensiaal as Brasilië. Die vraag is hoe ons hierdie geleentheid gaan benut."

Hy het daarop gewys dat investering, innovasie en tegnologie uiters nodig gaan wees om dié potensiaal te ontsluit. "As ons dit nie doen nie, gaan iemand anders die geleentheid benut."

**Sommige van die redes waarom boere nie veediefstalgevalle aanmeld nie is 'n gebrek aan vertroue in die polisie (31,8%); eienaars wat glo dat veediefstal nie belangrik genoeg is nie (30,2%); en gevalle waar die SAPD nie beskikbaar was nie (8,8%).**

*Generaal Solly Shoke, hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, het afgesluit deur te beklemtoon dat die landbousektor fundamenteel is tot die ontwikkeling van Suid-Afrika. "Daarom moet die regering dié sektor ondersteun."*

Schreuder het daarop gewys dat, teen 2050, daar 70% meer kos as tans geproduseer sal moet word om die wêreldbevolking van nege miljard te voed. "In Suid-Afrika moet ons ook aan voedselsekerheid dink. As jy 'n revolusie wil begin, moet jy arm mense sonder kos hê."

Schreuder meen dat die landbousektor meer pro-aktief te werk moet gaan om beleggings vir die sektor te bekom, "eerder as om te wag dat beleggers aan ons deur klop." Hy het gesê dat dit nie nodig is om die wiel te herontwerp nie.

### Skuldlas te groot

Jaco Minnaar het gesê dat boere se skuldlas en terugbetalingsvermoë van hul skuld 'n groot probleem is. "Boere se skuld groei meer as die bruto produksiewaarde van landbou. Insetkoste styg vinniger as wat produsentepryse styg. Dié kosteknyptang veroorsaak dat boere meer skuld moet maak om aan te hou boer.

Boere het in die algemeen nog genoeg sekuriteit om geld te leen, maar hulle terugbetalingsvermoë neem af. Daar word net nie genoeg kontant binne die boerdery gegenereer om skuld terug te betaal nie."

Hy het voorgestel dat daar na alternatiewe finansieringsmodelle gekyk moet word, soos langer terugbetalingstermyne. "Nuwe investering in landbou is noodsaaklik ter wille van voedselsekerheid. Die staat behoort 'n groter rol te speel om boere te help soos beskerming teen subsidies in ander lande.

Ontwikkelende boere kry ook bitter min hulp van die staat. Hulle kan nie uitbrei om verby die punt van klein boere te beweeg nie. Hulle moet meganiseer om dit te doen, maar het nie geld daarvoor nie."

Volgens Minnaar dink boere hulle kan net investeer deur nog grond by te koop. Hulle vergeet dat hulle ook in aandeelhouding in die res van die waardeketting kan belê. "Daar is baie geleenthede. Ons moet net wyer dink."

### Transformasie is belangrik

Jean Craven het gesê dat Barak, wat hoofsaaklik in 22 lande in Europa en Amerika belê, steeds ook in Suid-Afrika se landbousektor belê. Hulle kyk veral na landbou-ondernemings wat uitvoergedrewe is. "Suid-Afrika is steeds vir ons 'n voorkeurbestemming vanweë die land se goeie infrastruktuur en goeie bankwese."

Hy het gesê daar is druk op staatsdepartemente om transformasie te bewerkstellig. "Daar is heelwat geld vir transformasie by instansies soos die Land Bank en die Industriële Ontwikkelingskorporasie beskikbaar. Maak gebruik van hierdie geleenthede terwyl die geld nog beskikbaar is. Sien die geleenthede raak en sorg dat die projekte nie net vir vertoon is nie. Kry die oordrag van vaardighede op jou plaas in plek. Dit beteken nie jy oorhandig jou plaas se sleutels nie. Daar is baie boere wat hiermee suksesvol is."

### Boere se harte dalk nie meer in landbou

Willie Jacobs het gesê hy is bekommerd dat boere besig is om uit landbou te beweeg en nie meer in die sektor wil belê nie. Jacobs het gesê hy besef dat boere onseker is of hulle belegging in landbou enige toekomswaarde het. "Maar waar gaan jy jou geld elders belê? Ons moet maniere vind om sakevertroue in die landbou te herstel. Daar is baie suksesvolle swartbemagtigingsprojekte. Ons moet dié suksesverhale begin dokumenteer en bemark."

Hy het gesê dat daar sekere basiese beginsels rondom kredietverskaffing is, soos risiko en terugbetaalvermoë, wat banke in ag neem. "Die droogte bied dalk die geleentheid om krities na jou boerdery te kyk en te konsolideer om jou terugbetaalvermoë te versterk. Boere moet ook beter beplanning vir kontantvloei doen. Die Land Bank wil deel van julle boerderye word, maar kan dit nie sonder julle doen nie. Ons sal in die toekoms egter tegnologie moet betrek. Dit is tyd dat boere en finansiers nader aan mekaar beweeg."

### Boodskappe van besoekende landbou-unies

- Ryno van der Merwe het namens die Namibiese Landbou-unie 'n groeteboodskap aan Agri SA oorgedra.
- Bennie van Zyl, hoofbestuurder van die TLU SA, het namens sy unie 'n groeteboodskap aan Agri SA oorgedra.

- Japie Grobler, voorsitter van Asuf, het namens die organisasie 'n groeteboodskap aan Agri SA oorgedra.

**DAG 2**

Preline Swart open met skriflesing en gebed.

**Proseduriële reëlings**

Omri van Zyl, uitvoerende direkteur van Agri SA, het die dag se reëlings aan die kongres voorgehou.

**Verkiesing van Agri SA se ampsdraers**

President - Johannes Möller

Adjunk-presidente - Dan Kriek en Phenias Gumede

Voorsitter van Agri SA se Algemene Sakekamer - Henk van Wyk

Ondervoorsitter - Cornie Swart

Addisionele lid - Pierre Vercueil

Voorsitter van Agri SA se Bedryfskamer - Harry Prinsloo

Ondervoorsitter - Dr Pieter Prinsloo

Addisionele lid - Niël Joubert

**TEMA 4: MEDEDINGENDE VRAAG NA LANDBOUGROND**

Die kongres het bestaande wetgewing ontleed, veral dit wat tot die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff) se beskikking is en gemik is op die ontwikkeling en beskerming van landbougrond.

**Programdirekteur:** Hein Lindemann, wetenskaplike bestuurder: natuurlike hulpbronne, direktoraat:grondgebruik en bodembestuur, Daff

**Rapporteur:** Wayman Kritzinger, voorsitter, Agri SA Natuurlike Hulpbronbeleidskomitee

**Paneellede**

- Gerhard Verdoorn, direkteur, Griffon Poison Information Centre (paneelfasiliteerder)
- Koos Pretorius, voorsitter, Federation for a Sustainable Environment
- Victor Munnik, navorsingsgenoot, Wits
- Ellen Davies, navorser, World Wide Fund for Nature (WWF)
- Derek Light, prokureur, Derek Light-prokureurs
- Gerhard van der Burgh, hulpbron- en produksie-analise, BFAP

**Landbou moet stem dik maak oor omgewingsake**

Suid-Afrika het waarskynlik nie nuwe wetgewing nodig om hulpbronne soos grond te beskerm nie. Die huidige wetgewing is voldoende, maar word bloot net nie toegepas nie. Die landbousektor sal ook sy stem in 'n groter mate moet dik maak sodat beleidmakers die waarde van die sektor in terme van voedselsekerheid moet besef.

Dit was die gevolgtrekking van 'n paneel wat die mededingende vraag na landbougrond onder die loep geneem het.

**Volhoubare perk reeds oorskry**

Hein Lindemann het gesê die nuwe voorgestelde wetgewing het nie ten doel om voorskriftelik vir boere te wees nie, maar gaan oor die volhoubare benutting van hulpbronne. "Dit gaan oor hoe ernstig ons is oor dit wat ons nodig het om te produseer, soos water en grond. Daar was oor die afgelope jare vele intervensies, maar ons het reeds die volhoubare perk oorskry. As omgewingstelsels inmekaarstort, gaan daar 'n dramatiese impak op die omgewing wees."

Hy het daarop gewys dat landbou reeds aan die agterspeen suig ten opsigte van mededingende aansprake op natuurlike hulpbronne en dat die sektor maniere moet vind om sy strategiese belang harder en duideliker te kommunikeer. "Ons moet dalk op 'n meer emosionele vlak kommunikeer, soos die kampvegters teen die uitroei van renosters."

**Botsende belange**

Ellen Davies het op die botsende belange van sektore soos landbou en mynbou op natuurlike hulpbronne gewys en gesê dat die belange nie in isolasie gesien moet word nie. "Die Nasionale Ontwikkelingsplan het 'n duidelike visie vir Suid-Afrika se ekonomiese sektore soos landbou en mynbou en botsende belange moet binne die raamwerk hanteer word."

"Landbou se potensiaal vir werkskepping en sy bydrae tot voedselsekerheid behoort baie te tel. Landbou moet maniere vind om homself in terme van dié plan aan beleidmakers en besluitnemers te kommunikeer, sodat ingeligte besluite oor die landbou geneem kan word," het Davies gesê.

'n Studie deur BFAP het aangedui dat 550 000 ha wat vir kontantgewasverbouing geskik is, reeds aan mynbou afgestaan is of in die proses is om afgestaan te word.

### Vetoreg

Dr Koos Pretorius het daarop gewys dat munisipaliteite by magte is om besluite oor die hersonering van grond te veto. Sulke grond mag dan slegs met die toestemming van die minister van landbou, bosbou en visserye hersoneer word.

Hy weet van vier gevalle die afgelope jaar waar die minister sulke aansoeke afgekeur het. "As hoëpotensiaal-landbougrond ter sprake is, mag die minister dit doodeenvoudig veto. Die vraag is hoe ons die departement van landbou gemotiveerd gaan bly om hierdie vetoreg deurlopend toe te pas."

Hy het ook daarop gewys dat Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, al hoe meer van steenkool gaan wegbeweeg vir energie-opwekking. "Suid-Afrika het net nodig om 'n sekere hoeveelheid steenkool te ontgin. Ons moet dus seker maak dat dié ontginning op die regte plekke gaan geskied." Hy het voorgestel dat, wanneer munisipaliteite hersonering goedkeur sonder goeder trou, hulle persoonlik finansieel aanspreeklik gehou moet word.

### Skaliegas

Derek Light het gesê landbou moet die hand wat die nuwe direkteur-generaal van die departement van landbou, bosbou en visserye die vorige dag by die kongres aan boere uitgehou het, aangryp. "Dis 'n geleentheid. Dit werk nie in die ander staatsdepartemente so nie. Die omgewingswetgewing is goed en daar is beskerming vir boere. Dit gaan oor politieke wil gerig op toepassing. Julle moet maniere vind om julle stem te laat hoor."

Light het die omgewing-impakstudie na die ontginning van skaliegas in die Karoo bespreek. "Dit is 'n swak stuk werk. Baie bevindinge is op verouderde data gebaseer. Die verkeerde mense was betrokke."

### Neem die invloed van mynbou ernstig op

Dr Victor Munnik het gesê die landbousektor moet die bedreiging van steenkoolontginning ernstig opneem. "Die mynbousektore word onregverdig bevoordeel wanneer besluite oor grondgebruik gemaak word. Rehabilitasie van gemynde areas is 'n mite. Dit gebeur nie. Daar is min of geen gevolge vir myne se negatiewe invloed op die omgewing nie."

Hy het boere aangeraai om op alle beskikbare nasionale en plaaslike forums betrokke te raak wanneer besluite in dié verband geneem word. Volgens Munnik is opvanggebiedbestuursforums belangrik vir die landbou en die sektor se toekoms.

### Marginale grond

Gerhard van der Burgh van BFAP het gesê dat hoëpotensiaal- en marginale grond herdefinieer moet word, anders gaan die landbousektor verder benadeel word. "Die Vrystaat, wat 40% van die land se mielies verbou, word byvoorbeeld as marginale grond beskou. Ons onderskat landbou en die potensiaal van ons landbougrond. Dit is ook nie moontlik om grond van water te skei nie."

'n Studie deur BFAP het aangedui dat 550 000 ha wat vir kontantgewas-verbouing geskik is, reeds aan mynbou afgestaan is of in die proses is om afgestaan te word. "Ons beskik oor genoeg inligting. Ons moet nou 'n saak vir die besigheidswaarde van die sektor uitmaak," het hy gesê.

### Gasspreker

**Dr Morné du Plessis, uitvoerende hoof, World Wide Fund for Nature (WWF)**

"Daar is 'n groot uitdaging vir die landbousektor om die aansprake op landbougrond die hoof te bied", het Du Plessis gesê. "Om dit reg te kry, is dit noodsaaklik dat die sektor homself moet vergewis van die omvang en inhoud daarvan."

"Landbou moet sy huis in orde kry en deur middel van sakemodelle toon dat optimale produksie deur die sektor gelewer word. Prioritiseer en integreer beplanning en soek na gemeenskaplike oplossings."

Met betrekking tot Afrika wys hy daarop dat 25% van die wêreldbevolking in 2050 op die kontinent gevestig sal wees. Afrika se groei in terme van die bruto binnelandse produk (BBP) is tans die hoogste in die wêreld en, gepaardgaande daarmee, moet die infrastruktuur soos myne, elektrisiteit, water, paaie, spoorlyne en hawens, drasties uitgebrei en verbeter word.

"Suid-Afrika moet sy natuurlike hulpbronne ontsluit – toerisme dra tans meer as 10% by tot die BBP in Suid-Afrika en groei drie keer vinniger as die Suid-Afrikaanse ekonomie," het hy gesê.

Du Plessis het verder verwys na aspekte soos energie beplanning, gebruik en bewaring van water, toekomstige volhoubaarheid van landbou en die optimale produksie van voedsel per eenheid grond.

### Seremonie ter erkenning van lede

Agri SA se president, Johannes Möller, het lidmaatskapsertifikate aan Agri SA se provinsiale- en bedryfsorganisasies oorhandig. Bedryfsorganisasies wat nie verteenwoordig is nie, sal op 'n latere geleentheid sertifikate in ontvangs neem.

### Verwelkoming van nuwe lid – Akwakultuur SA

Rodger Krone het namens Akwakultuur SA wat as lid by Agri SA se Bedryfskamer aangesluit het, 'n voorlegging gedoen oor die bedryf en ook 'n video in dié verband vertoon.

### Toekenning aan *Agri* se adverteerders

Agri SA het sertifikate in verskeie kategorieë aan adverteerders oorhandig om erkenning te gee aan die bydraes wat hulle tot die *Agri*-tydskrif lewer.

## TEMA 5: ALGEMENE JAARVERGADERING

### Mosies

Die volgende mosies is aan die kongres voorgelê en aanvaar:

### Mosies van leedwese

Die president stel die onderstaande mosie van leedwese:

"Die kongres betuig graag sy meegevoel aan die naasbestaandes van leiers en lede van Agri SA se affiliasies wat die afgelope jaar heengegaan het."

Hy het ook spesiaal melding gemaak van landbouers, plaaswerkers en hulle gesinslede wat die afgelope jaar as gevolg van geweldsmisdade gesterf het.

Die volgende mosie word deur die Bestuurskomitee gestel:

"Verskeie instansies en individue het bygedra tot die Agri SA Droogtefonds en die verligting wat dit in verskeie gebiede, spesifiek ook ten opsigte van voervoorsiening gebring het, word opreg waardeer. Die omvang van die droogte is egter sodanig van aard dat verskeie boere nie sonder omvangryke finansiële bystand produksie sal kan voortsit nie. Kongres versoek gevolglik die staat om daadwerklik toe te tree in die vorm van 'n waarborgskema en die subsidiëring van rentekoerse – gemik op onafgeloste produksieskuld en verdere lenings om produksie te kan voortsit. Die huidige droogte neem steeds ramp-afmetings aan en die wetlike raamwerk bestaan vir die staat om wel ondersteuning te kan verleen. Dit verteenwoordig, ná alles, ook die bevordering van die nasionale belang waarbinne landelike stabiliteit en voedselsekerheid integraal staan."

### Finansiële state

Die kongres het kennis geneem van die finansiële state vir die 2015/2016-finansiële jaar.

Dr Jan Visser, voorsitter van die Oudit-

Die droogte het gewys dat Agri SA se handelsmerk besondere krag het en dat die organisasie heelwat bedingingsmag daarmee het, het Van Zyl gesê.



en Risikokomitee, het sy kommer uitgespreek dat daar baie swaar op die opbrengs uit die belegging geleun word en dat alternatiewe inkomste verkry moet word om die bedryfs-aktiwiteite van Agri SA te finansier.

### Jaarverslag

Die kongres het met goedkeuring kennis geneem van die 2015/2016-jaarverslag.

### Agri SA se sosio-ekonomiese strategie

**Christo van der Rheede, adjunk-uitvoerende direkteur, Agri SA**

Christo van der Rheede staan aan die spits van Agri SA se sosiaal-maatskaplike strategie en het terugvoering oor die jaar se werksaamhede op dié gebied gegee, waaronder betrokkenheid by droogteverwante aksies, 'n verskeidenheid van arbeidgerigte aangeleenthede en aspekte verband-houdend met transformasie. Met betrekking tot bemarkingsprojekte het hy verwys na die Manna vir die Boere-konsert, die Plaas-na-Tafel-projek en strategiese vennootskappe met korporatiewe organisasies.

### Agri SA se organisatoriese strategie

**Omri van Zyl, uitvoerende direkteur, Agri SA**

**Droogte wys op handelsmerk se krag**

Die droogte het  dat Agri SA se handelsmerk besondere krag het en dat die organisasie heelwat bedingingsmag daarmee het, het Van Zyl gesê. Hy is van mening dat die invordering van droogtehulp (R16 miljoen) en die bystand wat aan nagenoeg 15 000 boere via strukture van Agri SA verleen, is as 'n suksesverhaal beskou kan word.

Van Zyl het Agri SA se organisatoriese strategie bespreek en gesê dat die strategie meer as een element bevat. "Ons wil ons eerstens binne Suid-Afrika posisioneer, maar ook vestig as die voedselmandjie van Afrika. Ons kyk ook na strategiese vennootskappe met internasionale organisasies soos die World Farmers' Organisation en die Wêreldbank."

Volgens Van Zyl is 'n strategiese sessie met Agri SA se provinsiale-en bedryfsorganisasies asook die algemene sakekamer gehou waaruit sekere gevolgtrekkings gemaak is. Twee taakspanne is aangestel, een vir bedrywe en een vir algemene sake. Hulle taak is om 'n strategiese raamwerk vir die organisasie en vir die onderskeie groeperinge te ontwikkel. "Ons struktuur sal dan vir die strategie



*"Die huidige droogte neem steeds ramp-afmetings aan en die wetlike raamwerk bestaan vir die staat om wel ondersteuning te kan verleen. Dit verteenwoordig, ná alles, ook die bevordering van die nasionale belang waarbinne landelike stabiliteit en voedselsekerheid integraal staan."*

*Ironies genoeg is die feit dat Agri SA by die vorige twee kongresse omvattende voorstelle vir grondhervorming en die finansiering daarvan gemaak het, waarop die regering nie gereageer het nie.*

aangepas moet word om daaraan uitvoer te gee."

Die politieke, ekonomiese en sosiaal-maatskaplike omstandighede waarin Agri SA hom bevind, is onder meer ontleed om konteks aan die proses te gee. Daar is ook gekyk hoe Agri SA met soortgelyke organisasies in die buiteland vergelyk.

Volgens Van Zyl het die organisasie ook uitstekende werk rondom sy kommunikasiestrategie gedoen, veral op die gebied van die sosialemedia. Tans is sowat 75% van die dekking wat Agri SA in die media ontvang, in die Engelse media. In die verlede was dit andersom.

### Kongresbesluite / Communiqué

**Besluite en uitkomste van die 2016-kongres: Johan Pienaar, adjunk-uitvoerende direkteur, Agri SA**

Die tema van vanjaar se Agri SA-kongres was "Die dinamika in landbou."

### Waarom is dié tema gekies?

Volgens die soekenjin Google word dit soos volg beskryf: "*Dynamics is the motion of bodies under the action of forces.*" Na die landbou herlei, kan dit beteken dat die sektor steeds in landsbelang energiek en volhoubaar moet wees, maar ook dat daar verskeie kragte op die sektor inwerk en per saldo wil dit voorkom of die oorwig hiervan na die negatiewe kant toe neig.

"Wat tydens die kongres as oorhoofse waarneming na vore gekom het, is dat ons nie slegs 'n '*business case*' in plek moet plaas nie, maar dat daar ook plek is vir 'n '*emotional case*' om ingeligtheid en ondersteuning by die breë gemeenskap te monster."

### Beter bemarking

By herhaling is gesê dat die sektor op verskeie fronte beter bemark moet word, terwyl inligting wat gebruik word vir kritieke aspekte soos grondklassifikasie en omgewingsimpakstudies aan die hoogste standaarde van wetenskaplikheid moet voldoen. Dit is veral nodig binne die konteks van mededingende aansprake op landbougrond in die ekonomie, veral dit wat voortspruit uit mynbou-aktiwiteite. Indien daar koalisies met ander belanghebbendes moet plaasvind om die belang van die landbousektor te beskerm en uit te bou, moet dit as sodanig geskied.

"*If we need to gather further knowledge we'll do so and if we need to do something to get our house in order, we'll do just that*," was van die stellings wat gemaak is. Analoog aan die Titanic is daar ook gewaarsku dat die groot gevaar van 'n ysberg geleë is in dit wat onder die water verskuil is.

Toe die kongresprogram saamgestel is, is daar juis gepoog om die mees kritieke aangeleenthede waarmee die sektor te kampe het, by dié geleentheid te hanteer. Uiteraard moes daar geprioritiseer word en is daar gevolglik op die volgende hooftemas besluit:

- Grondhervorming;
- Landelike veiligheid;
- Belegging in landbou; en
- Mededingende vraag na landbougrond.

### Grondhervorming

Verskeie beleidsraamwerke, waaronder die Nasionale Ontwikkelingsplan, die sogenaamde negepuntplan van die regering (die Agricultural Policy Action Plan) en die Phakisa-proses is weer onder die soeklig geplaas. Daar is onder meer gewys op die noodsaak van vennootskappe, die noodsaaklikheid vir reëls waarbinne die gronddebat gevoer moet word, die noodsaak vir doeltreffende beplanning op streekvlak en daar was ook kontroversiële sienings oor vergoeding en die toepassing van artikel 25 van die Grondwet, wat met onteiening handel.

Ironies genoeg is die feit dat Agri SA by die vorige twee kongresse omvattende voorstelle vir grondhervorming en die finansiering daarvan gemaak het, waarop die regering nie gereageer het nie. Tydens die sessie het die regeringsverteenwoordiger egter weer 'n beroep vir samewerking op Agri SA gedoen.

### Landelike veiligheid

Die topbevelstruktuur van beide die polisie en die weermag het die kongres bygewoon en daar is ook uit dié oorde 'n beroep op die landbou gedoen om binne gemeenskapsverband deel te neem aan aksies gerig op die beveiliging van landelike gebiede.

Vordering op die reserviste-vlak is gerapporteer en tersaaklike kriteria gaan klaarblyklik eersdaags die lig

sien, probleme met sektorpolisiëring is uitgewys en Agri SA het 'n inklusiewe veiligheidsplan voorgestel wat verder deur die betrokke beleidskomitee binne Agri SA ontwikkel sal word. Daar is 'n beroep op boere gedoen om gevalle van misdaad te rapporteer, aangesien dit bepalend is vir die toedeling van fondse uit die begroting van die onderskeie departemente. Daar is ook verwys na veediefstalsake wat aangemeld is en uiteindelik geblyk het nie diefstal te gewees het nie.

**Belegging in landbou**

Belegging in die landbou, of die gebrek daaraan, het vir lewendige bespreking gesorg. Daar is gewys op die feit dat daar 'n plafon op investering is indien daar nie vertikaal uitgebrei kan word nie. Die feit dat die skuldlas in die landbousektor tans op 'n geraamde bedrag van R144 miljard staan, toon uiteraard dat daar steeds belegging is en dat die grondmark dinamies is.

Dit bly egter van kardinale belang dat die kollaterale waarde in stand gehou moet word. Dit vereis onder meer beleidsekerheid en eienaarskap van bates soos die beskikking oor titelaktes. Deel van die boodskap was dat die investering in landbou ook investering in 'n groot deel van die ekonomie sal oplewer, gegewe die skakeling met ander sektore. Investering in die waardeketting is eintlik die pad wat gevolg behoort te word, terwyl die werklike investering in die primêre sektor eintlik in die benutting van tegnologie en verbeterde produktiwiteit gesetel is.

**Mededingende aanspraak op landbougrond**

Dié bespreking het in hoofsaak gefokus op die wetlike beskerming van landbougrond in verhouding tot ander aansprake daarop, soos byvoorbeeld dié komende uit die mynbousektor. Daar is groot gewag gemaak van die gebrek aan sinergie tussen die onderskeie staatsdepartemente waar dit gaan oor die benutting van natuurlike hulpbronne.

Die konsepwetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond is in diepte bespreek en dit blyk, selfs in die huidige vorm, 'n baie belangrike instrument vir die toekoms te wees om alle vorme van grond, spesifiek hoëpotensiaal-landbougrond, te beskerm. Die moontlikheid van 'n omgewingsfonds by Agri SA, gerig op navorsing en regs-ondersteuning, is ook bespreek en affiliasies van Agri SA sal mettertyd 'n siening in dié verband formuleer.

Daar is tydens hierdie sessie ook verwys na omvattende inligting wat benodig word wanneer aspekte soos ontginning van skaliegas onder oorweging is. Die beleidskomitees van Agri SA is getaak om die inligting uit die kongres te evalueer en aanbevelings aan die Algemene Raad te doen.

**Toekennings in die vorm van oorkondes is aan die volgende persone gemaak:**

- Louw Steytler - Bedryfskamer
- Simon Streicher - Bedryfskamer
- Salam Abram - Algemene Raad

**Skenkings aan Agri Securitas Trustfonds**

Tydens die informele funksie wat op 13 Oktober 2016 gehou is, is die volgende skenkings aan die Agri Securitas Trustfonds gemaak:

- OFM, NWK, Afgri en Senwes – R456 000
- Sonfin – R158 000

**Beste sprekers**

- Tema 1: Ernest Pringle
- Tema 2: Uys van der Westhuijzen
- Tema 3: Harry Prinsloo
- Tema 4: Hein Lindemann

**Bedankings**

Johannes Möller het sy gelukwensing oorgedra aan ampsdraers wat in hulle onderskeie hoedanighede gekies of herkies is. Hy het hoogwaardigheidsbekleërs, gaste, sprekers, borge, lede van die media, deelnemers en afgevaardigdes bedank vir die bywoning van die kongres.

Dank is aan die personeel van Agri SA gerig wat betrokke was by die reëlings van die kongres. Hy het verder landbouprodusente bedank vir hulle onontbeerlike rol op 'n verskeidenheid van terreine, ook in belang van Suid-Afrika.

**Afsluiting**

Die kongres is deur Willem Basson met gebed afgesluit.

Die kongres verdaag om 13:00.

Die feit dat die skuldlas in die landbousektor tans op 'n geraamde bedrag van R144 miljard staan, toon uiteraard dat daar steeds belegging is en dat die grondmark dinamies is.


We develop the South African Agriculture Industry

# BELEIDSKOMITEE: Arbeid en maatskaplik



Neil Hamman en dr Jan Visser dien onderskeidelik as voorsitter en ondervoorsitter, met Hendrik Ackermann as addisionele lid.



Neil Hamman

Ingevolge die maatskaplike strategie, fokus die komitee op die volgende twee terreine wat beleid- en operasionele aangeleenthede betref:

- Beter werkgewer/werknemer-verhoudinge; en
- Verbeterde kennis en vaardighede.

## Beleidsvlak: Verbeterde werkgewer/werknemer-verhoudinge

### Sektorale vasstelling 13 vir plaaswerkers

Op 1 Maart 2017 het die minimumloon vir die landbou- en bosboubedrywe met 8% gestyg (VPI van 7% plus 1%). Die styging het die daaglikse loon op R138,52 te staan gebring, gebaseer op 'n 9-uur werksdag, en die maandelikse loon op R3 001,13.

### Nasionale minimumloon

Sedert die vorige jaarverslag het prosesse binne Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) om 'n nasionale minimumloon te bepaal tot stilstand gekom. Die adjunk-president, Cyril Ramaphosa, het bilaterale gesprekke gevoer met maatskaplike vennote in 'n poging om die impasse te beëindig. Sedertdien het alle onderhandelings met hom as mediator geskied. Na afloop van die bilaterale vergaderings tussen die adjunk-president en Nedlac-partye, is daar ooreengekom tydens die Komitee van Hoofde-vergadering dat 'n multidissiplinêre adviespaneel van onafhanklike kundiges aangestel moet word om advies te gee oor sekere aangeleenthede ten opsigte van die nasionale minimumloon en om aanbevelings te maak oor die vlak waarop die eerste nasionale

Op 1 Maart 2017 het die minimumloon vir die landbou- en bosboubedrywe met 8% gestyg (VPI van 7% plus 1%). Die styging het die daaglikse loon op R138,52 te staan gebring, gebaseer op 'n 9-uur werksdag, en die maandelikse loon op R3 001,13.

minimumloon vasgestel moet word.

Interaksie tussen die Nedlac-taakspan en die aangewese paneel het 'n geleentheid gebied om inligting te verskaf oor die eiesoortighede binne die landbousektor, byvoorbeeld werksure binne en buite seisoen, wat kan verskil na gelang van die tipe bedryf. Betaling vir minimum-ure gedurende ongure weer en in natura -vergoeding het ook indiepte aandag geniet. Die realiteite van die sektor as 'n prysnemer is ook breedvoerig bespreek.

In Oktober 2016, het die nasionale minimumloonpaneel 'n verslag vrygestel en in Februarie 2017 het die adjunk-president 'n aankonging gemaak oor die implementering van 'n nasionale minimumloon. Die ooreenkoms tussen maatskaplike vennote, Cosatu uitgesluit (geen bevestiging kon verkry word dat Cosatu die ooreenkoms onderteken het nie) is onderteken deur leiers in die regering, georganiseerde besigheid en die gemeenskap.

Die ooreenkoms maak voorsiening vir 'n nasionale minimumloon van R20,00 per uur. Landbouwerkers sal 'n minimum van 90% van die nasionale minimumloon betaal word, dit wil sê R18,00 per uur, wat sal styg tot 100% van die nasionale minimumloon binne twee jaar nadat navorsing in hierdie verband gedoen is deur 'n nasionale minimumloon-kommissie.

### Stabilisering van die arbeidsmark

In Februarie het die adjunk-president en maatskaplike vennote (Cosatu uitgesluit) afgeteken op die inhoud van 'n konsep-kode vir goeie praktyk oor kollektiewe bedinging, nywerheidsaksie en betooglinievorming, 'n verklaring oor loonongelykheid en arbeids-markonstabiliteit, en 'n ooreenkoms oor kollektiewe bedinging en nywerheidsaksie. Memoranda ter verduideliking hiervan sal ontwikkel word om die gemelde dokumente te vergesel.

### Groenskrif oor internasionale migrasie

In Junie 2016, het die minister van binnelandse sake, Malusi Gigaba, 'n groenskrif oor internasionale migrasie gepubliseer vir openbare kommentaar. Die groenskrif is in Nedlac ter tafel gelê vir oorweging deur maatskaplike vennote. Agri SA was deel van die besigheidgroep wat hiermee gehandel het.
Besigheid steun die oorkoepelende hoofoogmerke van die groenskrif wat poog om 'n holistiese benadering tot

Wat befondsing deur AgriSETA betref, het Agri SA 'n verdere landbou-ondernemingopleidingsessie aangebied vir kandidate wat deur sy affiliasies genomineer is.



Landbouwerkers sal 'n minimum van 90% van die nasionale minimumloon betaal word, dit wil sê R18,00 per uur, wat sal styg tot 100% van die nasionale minimumloon binne twee jaar nadat navorsing in hierdie verband gedoen is deur 'n nasionale minimumloon-kommissie.

internasionale migrasie daar te stel ten einde die ekonomie te help om in lyn met nasionale prioriteite te groei.

Na die publisering van die groenskrif het die minister 'n konferensie gereël oor 'n moontlike witskrif oor internasionale migrasie waar rolspelers 'n geleentheid gehad het om insette te lewer. Die witskrif is nog nie vir openbare kommentaar gepubliseer nie.

## Implementering van aksies

### Funksionele verhouding tussen Agri SA en die Kommissie vir bemiddeling, versoening en arbitrasie

Agri SA het begin met 'n proses om met die Direkteur van die Kommissie vir bemiddeling, versoening en arbitrasie (KBVA) op 'n kwartaallikse basis te vergader ten einde te verseker dat die arbeidsverhouding-omgewing binne die landbousektor gemoniteer word, veral met betrekking tot moontlike nywerheidsaksie en verbandhoudende arbeidsaangeleenthede.

### Opleidingskema vir afgelegde werkers

Weens die droogtesituasie in die sektor, het die KBVA en Agri SA 'n opleiding-afleggingskema oorweeg vir boerdery-ondernemings wat in finansiële moeilikheid verkeer in samewerking met AgriSETA en die department wat verantwoordelik is vir die werkloosheidversekeringsfonds.

'n Vroeë-waarskuwingstelsel is geskep by die KBVA en pogings is onderweg om 'n spoedige proses vir applikante te verseker.

### *Decent Work Country Programme* onder leiding van die Internasionale Arbeidsorganisasie

Die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) was weereens betrokke by verskeie aksies met betrekking tot die landbousektor:

- **Studie oor arbeidstoestande op plase**
  - In 2015, het die ILO 'n verslag oor 'n studie oor arbeidstoestande op plase vrygestel. Die verslag het uitgebrei oor die beleidsveranderinge in vorige jare en die impak daarvan op die landbousektor vir beide werkgewers en werknemers.
  - Die bevindinge in die verslag is aan Nedlac se *Decent Work Country Programme* (DWCP) voorgelê en 'n aanbieding is deur die navorsers gemaak. Daar word ooreengekom dat 'n verkorte weergawe van die verslag saamgestel en aan die DWCP voorgelê sal word.
- **Projek oor kollektiewe bedinging en vryheid van assosiasie**
  - Samesprekings is gehou deur die



landbouforum, wat onder leiding van die KBVA bedryf word, oor die skep van 'n sosiale dialoogplatform in Mpumalanga. Werk in hierdie verband duur voort.

- *Future of Work*

Die 2019 ILO-konferensie sal fokus op die *Future of Work*-tema. Ter voorbereiding vir die konferensie, het ledestate elkeen verslae opgestel oor die spesifieke onderwerp. In Suid-Afrika is navorsing gedoen oor die volgende:

- Werk en samelewing;
- Ordentlike werksgeleenthede vir almal;
- Die organisering van werk en produksie; en
- Beheer oor werk.

Die inhoud van die navorsing is vroeg in 2017 aan die nasionale dialoogsessie voorgehou om insette van maatskaplike vennote en ander rolspelers te finaliseer. Suid-Afrika se insette is aan die ILO voorsien vir insluiting by die konsep-konferensieverslag.

### Voorsorgfonds vir plaaswerkers

Voorsiening vir aftrede is 'n belangrike element van die verhouding tussen werkgewers en werknemers. Absa se Landbousektorvoorsorgfonds het weereens aandag geniet gedurende die jaar. Opsies is oorweeg om die lidmaatskap van die fonds te verbreed.

### Memorandum van verstandhouding met die departement van binnelandse sake

Tydens Agri SA se kongres het die departement van binnelandse sake die verhouding tussen die twee instellings hernu en uitgebrei. Die memorandum van verstandhouding wat aangegaan, is maak voorsiening vir samewerking ten opsigte van immigrasie, visums, registrasie en ander veldtogte.

## Beleidsvlak: Ontwikkelingswerk

### Nasionale vaardigheids-ontwikkelingsplan

In reaksie op die konsep-strategie oor naskoolse onderrig en opleiding (PSET), het die departement van hoër onderwys 'n nasionale vaardigheidsontwikkelingsplan (NSDP) by Nedlac ter tafel gelê vir oorweging. 'n Taakspan is saamgestel en oorweging van die plan het in Januarie begin. Tans behels dit werk in proses.

## Implementeringsvlak

### AgriSETA

Uitdagings met dienslewering deur AgriSETA duur voort. In 'n poging

Tydens Agri SA se kongres het die departement van binnelandse sake die verhouding tussen die twee instellings hernu en uitgebrei. Die memorandum van verstandhouding wat aangegaan, is maak voorsiening vir samewerking ten opsigte van immigrasie, visums, registrasie en ander veldtogte.



om hierdie uitdagings aan te spreek het Agri SA se Algemene Raad besluit om Agri SA se verteenwoordiging op die AgriSETA-raad te verander. Neil Hamman en Christo van der Rheede is genomineer vir hierdie doel. Hierdie nominasies is aan die minister van hoër onderwys gestuur, waarna die minister die betrokke individue aangestel het.

#### Landbou-ondernemingsbestuur-opleiding

Wat befondsing deur AgriSETA betref, het Agri SA 'n verdere landbou-ondernemingopleidingsessie aangebied vir kandidate wat deur sy affiliasies genomineer is. Sestien kandidate het die kursus suksesvol voltooi.

### Maatskaplike aangeleenthede sal hanteer word deur Besigheideenheid Suid-Afrika

Gedurende die verslagjaar het die komitee verantwoordelik vir transformasie en maatskaplike aangeleenthede (Socpol) binne Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) aandag gegee aan onder andere die volgende:

- Monitering van die implementering van gewysigde arbeids-wetgewing;
- Nasionale minimumloon;
- Kinderarbeid;
- Aanstelling van besigheidsverteen-woordigers op statutêre rade en terugvoering oor die aktiwiteite van sodanige rade;
- *Decent Work Country Programme* (DWCP)-program;
- Werkloosheid onder die jeug;
- Onderrig en opleiding;
- Maatskaplike sekerheid en voorsiening vir aftrede;
- Swart ekonomiese bemagtiging; en
- Ander transformasie-verwante aangeleenthede.

### Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad

Die bedrywighede van die Arbeidsmark-kamer (LMC) fokus hoofsaaklik op arbeids- en maatskaplike aangeleenthede. Die LMC is 'n Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac)-forum wat poog om konsensus tussen die regering, georganiseerde landbou, georganiseerde arbeid en die besigheidsektor te bewerkstellig. Busa verteenwoordig die besigheidsektor in hierdie forum.



*Uitdagings met dienslewering deur AgriSETA duur voort. In 'n poging om hierdie uitdagings aan te spreek het Agri SA se Algemene Raad besluit om Agri SA se verteenwoordiging op die AgriSETA-raad te verander. Neil Hamman en Christo van der Rheede is genomineer vir hierdie doel.*


We develop the South African Agriculture Industry
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie

# BELEIDSKOMITEE: Landbou-ontwikkeling



**Ernest Pringle is voorsitter van dié komitee. Livhu Ngwekhulu dien as bestuurder van die komitee en word ondersteun deur Annelize Crosby en Yolisa Mfaise.**



Ernest Pringle

Die beleidskomitee was in die periode onder oorweging, te wete Mei 2016 tot Junie 2017 betrokke by die volgende aktiwiteite:

## Beskerming van eiendomsreg

Artikel 25 van die Grondwet staan bekend as die 'eiendomsklousule'. Dit verleen beskerming aan bestaande regte in eiendom en verskaf ook die raamwerk waarbinne grondhervorming moet plaasvind. Artikel 25 verbied arbitrêre ontneming van grond en vereis dat billike en regverdige vergoeding by onteiening betaal moet word. Dit maak voorsiening vir grondhervorming deur middel van restitusie, herverdeling en besitreg-hervorming.

Die betrokke artikel kom toenemend onder politieke druk. Die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF) beywer hulle vir die skrapping van artikel 25. Senior regeringslui begin toenemend praat van onteiening sonder vergoeding – iets waarvoor die Grondwet nie voorsiening maak nie. Daar is ook sprake van die wysiging of skrapping van artikel 25 van die Grondwet.

Agri SA bejeën hierdie dreigemente met groot erns en het talle verbandhoudende mediaverklarings uitgereik, radio- en televisie-optredes gedoen en in gesprek getree met vennote en meningsvormers om die belang van die beskerming van eiendomsreg te beklemtoon. Verder het Agri SA regsmenings ingewin oor verskeie stukke wetgewing wat negatief op eiendomsreg kan inwerk.

Agri SA het ook betrokke geraak by 'n Appèlhofsaak as vriend van die hof, waar dit gaan oor die interpretasie van "billike en regverdige vergoeding" by onteiening in terme van artikel 25.

*Senior regeringslui begin toenemend praat van onteiening sonder vergoeding – iets waarvoor die Grondwet nie voorsiening maak nie.*

### Herverdeling van grond

Die departement van landelike-ontwikkeling en grondhervorming het distriksgrondhervormingskomitees daargestel om 'n leidende rol te speel in die identifikasie van beskikbare grond en begunstigdes vir herverdelingsdoeleindes. Agri SA se affiliasies neem deel aan hierdie komitees. Daar bestaan egter verskeie probleme met die begrotings, bestuur en funksionering van hierdie komitees. Die kwessie is op verskeie vergaderings van die beleidskomitee bespreek en Agri SA het talle skrywes aan die departement gerig om probleme uit te wys. Agri SA het ook 'n regsmening geformuleer oor die risiko van aanspreeklikheid van lede wat deelneem aan die betrokke komitees. Dit is aan affiliasies deurgegee.

### Besitreghervorming

Agri SA het kennis geneem van die Mwalase-uitspraak oor huurarbeider-eise en tersaaklike inligting aan affiliasies gekommunikeer.

Agri SA het ook insette gegee gedurende die parlementêre proses ten opsigte van die voorgestelde wysigings van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg. Die portefeuljekomitee op landelike ontwikkeling en grondhervorming het in April 2017 die wetsontwerp aanvaar. Dit is verwys na die gekose komitee op grondhervorming en minerale hulpbronne binne die nasionale raad op provinsies.

### Restitusie

Die Konstitusionele Hof het gedurende Julie 2016 die Wysigingswet op die Herstel van Grondregte, welke wet die restitusie-eiseproses heropen het, ongrondwetlik verklaar. Die effek van hierdie uitspraak was dat die indiening van verdere restitusie-eise opgeskort is totdat daar 'n nuwe wysigingswetsontwerp deur die parlement gevoer is. Op die tydstip wat die uitspraak gegee is, was daar reeds meer as 161 000 nuwe eise ingedien. Agri SA het die implikasies van hierdie uitspraak aan sy lede gekommunikeer.

Gedurende April 2016 het 'n parlementslid van die African National Congress (ANC) kennis gegee van sy voorneme om 'n Wysigingswetsontwerp op Restitusie by die parlement in te dien, wat die eiseproses tot 2021 sal heropen. Agri SA sal ook hierdie beoogde aksie monitor en die nodige insette maak.

Gedurende Junie 2016 het Agri SA 'n hoëvlakvergadering met die volle Kommissie op die Herstel van Grondregte gehou. Agri SA se provinsiale affiliasies was almal tydens die vergadering teenwoordig, waartydens daar gesprek gevoer is oor moontlike samewerking tussen Agri SA en die Kommissie. Die uitspraak van die Konstitusionele Hof rakende die restitusie-proses waarna verwys is, het egter veroorsaak dat die voorgenome samewerking nog nie verder gevoer is nie.

### Onteieningswetsontwerp

Die regering het in 2013 'n Onteieningswetontwerp gepubliseer waarop Agri SA kommentaar gelewer het. Agri SA het ook deel gevorm van die onderhandelingspan wat namens besigheid binne die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) oor die wetsontwerp onderhandel het. Daar is ook skriftelike insette gemaak en mondelinge voorleggings gedoen aan die parlementêre komitees wat met die wetsontwerp gehandel het.

Die wetsontwerp is in Mei 2016 deur die parlement aanvaar nadat verskeie verbeteringe daaraan aangebring is. Die president het die wetsontwerp egter terugverwys na die parlement omdat die Nasionale Raad op Provinsies nie na behore gekonsulteer het nie. Die wetsontwerp is tans

Agri SA het 'n aantal voorbeelde van grondhervorming en swart ekonomiese bemagtiging geïdentifiseer en 'n bladsy op sy webblad geskep waar tersaaklike projekte beskryf word. Daar was tydens die skryf van hierdie verslag gedurende Mei 2017 reeds 33 verskillende projekte vervat in die databasis.



weer voor die Portefeuljekomitee op Openbare Werke. Agri SA monitor die proses.

**Die ontwikkeling van grondhervormingscenario's**

Die Vumelana Adviesfonds het gedurende 2015 saam met REOS Vennote ('n scenario-beplanningsgroep) 'n inisiatief van stapel gestuur om vier scenario's te ontwikkel van hoe grondhervorming tussen 2016 en 2030 kan ontwikkel. 'n Groepering van kundiges en rolspelers vanuit regeringskringe, die privaatsektor en nie-regeringsorganisasies het drie werkwinkels bygewoon en verder deur middel van webinare, e-pos en telefoonkonferensies die scenario's ontwikkel. Agri SA was deel van die span.

Die scenario's is in Maart 2016 vrygestel. Agri SA het die scenario's gebruik gedurende 'n strategiese beplanningsessie wat die beleidskomitee gedurende Julie 2016 gehou het. Daar is ook 'n voorlegging oor die scenario's gedoen by Agri SA se kongres in Oktober 2016. Agri SA het gedurende 2017 aan twee mediageleenthede deelgeneem waartydens die scenario's en die implikasies daarvan bespreek is.

**Waardasie van grond**

Agri SA het die waardeerder-generaal genooi na 'n beleidskomiteevergadering in November 2016 om duidelikheid te verkry oor die rol van sy kantoor en die toepassing van artikel 25(3) van die Grondwet se bepalings oor vergoeding. Die publikasie van regulasies in terme van die Wet op Eiendomswaardering word afgewag. Die regulasies sal poog om groter duidelikheid te bring oor die interpretasie van artikel 25(3). Agri SA monitor die situasie en sal kommentaar lewer op die regulasies sodra dit vrygestel word. Die voorsitter van die beleidskomitee, Ernest Pringle, het gedurende November 2016 'n werkwinkel oor waardasie bygewoon wat aangebied is deur die waardeerder-generaal.

**Projekkonsepte**

Agri SA het 'n aantal voorbeelde van grondhervorming en swart ekonomiese bemagtiging geïdentifiseer en 'n bladsy op sy webblad geskep waar tersaaklike projekte beskryf word. Daar was tydens die skryf van hierdie verslag gedurende Mei 2017 reeds 33 verskillende projekte vervat in die databasis. Die gedagte is dat daar deurlopend voorbeelde bygevoeg sal word.



**Grond-oudit**

Verskeie gesprekke is gedurende die verslagjaar gevoer met diensverskaffers wat databasisse ontwikkel om die status van grondbesit in Suid-Afrika te reflekteer. 'n Ooreenkoms is gedurende Mei 2017 met 'n diensverskaffer gesluit om inligting per provinsie rakende grondeienaarskap aan Agri SA beskikbaar te stel. Hierdie inligting sal op 'n jaarlikse basis opgedateer word.

**Wetsontwerp op die Regulering van Landbou-grondbesit**

Die minister van landelike-ontwikkeling en grondhervorming het

*Agri SA het 'n aantal voorbeelde van grondhervorming en swart ekonomiese bemagtiging geïdentifiseer en 'n bladsy op sy webblad geskep waar tersaaklike projekte beskryf word.*

Die jongste resultate dui daarop dat die bydrae tot boerontwikkeling toegeneem het van 'n totaal van R46,6 miljoen in 2011/2012 tot R141,7 miljoen in 2015/2016. Meer as R445 miljoen is oor die tydperk as geheel bestee.

in Maart 2017 'n konsepwetsontwerp gepubliseer wat ten doel het om toekomstige buitelandse besit van landbougrond te verbied asook om beperkings in te stel op die hoeveelheid landbougrond wat enige individu of regsentiteit sal mag besit. Agri SA is uiters besorg oor die implikasies van hierdie wetsontwerp. Agri SA het 'n senior regspan aangestel om 'n mening uit te bring oor die grondwetlikheid van die voorgestelde wetgewing en behulpsaam te wees met die finalisering van Agri SA se kommentaar. Agri SA het ook wyd gekommunikeer oor die potensiële probleme met die voorgenome wetgewing en is in gesprek met belanghebbendes oor die kwessie.

### Finansiering

Verskeie gesprekke is gevoer met kundiges oor die kwessie van ontwikkelingsfinansiering. Agri SA se finansieringsplan, wat goedgekeur is tydens die 2015 kongres, is voorgelê aan die direkteur-generaal van die departement van landelike-ontwikkeling en grondhervorming en ook aan ander rolspelers. Daar is 'n werkkomitee aangewys om die konsep van ontwikkelingsfinansiering saam met buite-kundiges verder te ontwikkel.

### Operasie Phakisa

Hierdie inisiatief van die presidensie het die vorm aangeneem van 'n vyf weke-werkwinkel wat op verskeie kwessies, waaronder grondhervorming, gefokus het. Agri SA was verteenwoordig in onder meer die werkgroep wat op grondhervorming gefokus het. Die doel van die oefening was om maniere te vind om grondhervorming vinniger en meer effektief te laat geskied. 'n Verslag is opgestel en daar is gedurende April 2017 werksessies gehou met rolspelers oor die voorgestelde uitkomste. Agri SA het hieraan deelgeneem.

### Boerontwikkelingopname

In 2015/2016 is 'n boerontwikkeling-opname weer eens uitgevoer. Die vraelys help Agri SA om 'n idee te kry oor die vordering wat reeds deur sy affiliasies gemaak is in die transformasie- en/of boere- en gemeenskapontwikkelingsarena. Die jongste resultate dui daarop dat die bydrae tot boerontwikkeling toegeneem het van 'n totaal van R46,6 miljoen in 2011/2012 tot R141,7 miljoen in 2015/2016. Meer as R445 miljoen is oor die tydperk as geheel bestee.

Van die totale bedrag wat in 2015/2016 bestee is, word meer as R91 miljoen beskou as boere se bydrae, óf direk óf via hul ledegeld óf deur bedryfsheffings. 'n Verdere aspek is die werkskeppingsaspek van die programme, met meer as 200 werkgeleenthede wat toegeskryf kan word aan die implementering van die programme. Volgens die terugvoering wat ontvang is, het meer as 40 000 opkomende boere voordeel getrek uit die verskillende programme.

### Samewerking met die Swart-besigheidsraad


Die Swart-besigheidsraad (BBC) het Agri SA genader met die oog op samewerking ten einde opkomende boere by te staan. Die eerste projek is gemik op hulp aan graanboere in Mpumalanga, Noordwes en die Vrystaat. Dit was 'n gesamentlike poging tussen Omnia, Unigrain, die Land Bank, Masisizane-fonds, die BBC, Agri SA, tersaaklike bedryfsorganisasies en Barloworld-landbou.

'n Seminaar is aangebied oor die *African Growth and Opportunity Act* (AGOA) en die implikasies daarvan, waar Agri SA ook 'n voorlegging gemaak het.

### Werkwinkel oor befondsing, versekering en bedryfsverwante inligting

'n Werkwinkel is in September 2016 by

'n Verdere aspek is die werkskeppingsaspek van die programme, met meer as 200 werkgeleenthede wat toegeskryf kan word aan die implementering van die programme. Volgens die terugvoering wat ontvang is, het meer as 40 000 opkomende boere voordeel getrek uit die verskillende programme.



Leriba Lodge gehou, wat bygewoon is deur verskeie belanghebbendes asook opkomende boere. Die fokus was op die befondsing van landbou-ondernemings, versekering asook die oordrag van bedryfsgerigte inligting. Meer as 70 boere het dit bygewoon. Die doel was om verskeie rolspelers in die opkomende landbousektor byeen te bring om inligting te deel oor hul uitdagings en om oplossings te oorweeg in samewerking met diensverskaffers.

## AgriSEB

Die taak om die AgriSEB-sektorkode van 2012 in ooreenstemming te bring met die gewysigde kodes vir goeie praktyk in Desember 2015 op 'n gewysigde konsep-AgriSEB-sektorkode uitgeloop. Die AgriSEB-raad het 'n groot deel van 2016 bestee aan die afhandeling van die finale weergawe. Die finale konsep-sektorkode is in die tweede helfte van 2016 aan die deprtement van handel en nywerheid voorgelê. Die departement het egter nog nie die finale gewysigde AgriSEB-sektorkode gepubliseer nie.

Sommige van die werk het saamgeval met die afhandeling van die finale kode, veral die ontwikkeling van die rapporteringsportaal. Die gewysigde Swart Ekonomiese Bemagtigingswet (SEB-wet) vereis dat alle entiteite wat gemeet word, SEB-telkaarte moet voltooi. Die portaal is tans voltooi en gereed om aanlyn geloods te word. Indienwesenlike veranderings aan die finale gewysigde AgriSEB-sektorkode gemaak word, mag dit 'n vertraging in die loodsing hiervan tot gevolg hê.



## Wysigingswetsontwerp op die Kommunale Eiendomsvereniging

Agri SA het besigheid verteenwoordig tydens die Nedlac-onderhandelings oor wysigings aan die Wysigingswetsontwerp op die Kommunale Eiendomsverenigings (CPA). Verteenwoordigers van arbeid, die regering en gemeenskappe het ook aan die onderhandelinge deelgeneem.

Die wetsontwerp poog om 'n aantal tandekryprobleme in die administrasie van die gemeenskaplike eiendomsverenigings uit te stryk nadat die department van landelike-ontwikkeling en grondhervorming, grond oorhandig aan die verenigings.

Agri SA se argument was gegrond op die versterking van die eiendoms-verenigings se institusionele beheer. Die mandaat was dus om te argumenteer vir die toepassing van die beginsels soos vervat in die Maatskappywet in die administrasie van meeste eiendomsverenigings, aangesien hulle besigheidsentiteite is. Teen die einde van die onderhande-lings, wat ses maande geduur het, was sommige van die knelpunte aangespreek. Die wetsontwerp dien tans voor die parlement.

## Dankwoord

Die komitee wil affiliasies graag bedank vir hul entoesiastiese deelname aan die komitee se aktiwiteite.

*Die werksaamhede van die beleidskomitee word ondersteun deur die polisie, weermag, korrektiewe dienste, Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS), wat gereeld vergaderings van dié komitee bywoon en insette maak tot die besprekings.*



# BELEIDSKOMITEE: Landelike Veiligheid



**Kobus Breytenbach is voorsitter van dié beleidskomitee, ondersteun deur Boeta du Toit as ondervoorsitter en Uys van der Westhuijzen as derde dagbestuurslid. Kobus Visser tree op as funksionaris.**



Kobus Breytenbach

Die beleidskomitee se werksaamhede is toegespits op veiligheidsaspekte wat 'n uitwerking het op boerderygemeenskappe se persoonlike veiligheid en op algemene misdadigheid.

Die beleidskomitee fasiliteer Agri SA se beïnvloeding van beleid, wetgewing en programme wat betrekking het op die veiligheid en sekuriteit van boerderygemeenskappe en die landelike omgewing.

Die werksaamhede van die beleidskomitee word ondersteun deur die polisie, weermag, korrektiewe dienste, Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS), wat gereeld vergaderings van dié komitee bywoon en insette maak tot die besprekings.

## POLISIE-AANGELEENTHEDE

Die beleidskomitee het verskeie aspekte rakende polisiëring gedurende die verslagtydperk gehanteer, wat die volgende insluit:

- **Arrestasie en aanhouding van verdagtes**

Die uitvoer van wederregtelike arrestasies is in die verlede as 'n probleem deur die komitee geïdentifiseer. Riglyne soos uitgereik deur die polisie oor die hantering van B-kategorie-misdade en arrestasiemagte kan bydra dat die voorkoms van eersgenoemde arrestasies afneem.

- **Vuurwapenwetgewing**

Om te verseker dat die hernuwingsproses vir vuurwapenlisensies so glad moontlik verloop, moet almal wie se lisensies verval ten minste 90 dae voor die vervaldatum met

die hernuwingsproses begin.

Die geldigheidsduur van 'n bevoegdheidsertifikaat is gekoppel aan die langs geldende vuurwapenlisensie. Intussen het die minister van polisie in die parlement aangekondig dat 'n amnestie-periode oorweeg word ten opsigte van boedel- en onwettige wapens. Navraag is by die polisie gedoen om uitklaring te kry oor die duur van die amnestie-periode en/of lisensies wat nie betyds hernu is nie, ingesluit sal word by die amnestie. Uitklaring in dié verband word afgewag.

- **Witskrifte oor onderskeidelik polisiëring, veiligheid en sekuriteit**

Die mandaat aan dr Johan Burger van die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) om Agri SA se standpunte in die proses in te sluit, is deur die Algemene Raad bevestig. Die onderskeie witskrifte is deur die parlement goedgekeur. Die sekretariaat van die polisie is verantwoordelik om die witskrifte te publiseer. 'n Komitee van die sekretariaat ontwikkel tans 'n nuwe polisiewet in ooreenstemming met die betrokke witskrif.

- **Reservistebeleidsraamwerk**

Agri SA het die aankondiging van die waarnemende nasionale kommissaris van Polisie, waarvolgens al nege provinsies na gelang van die onderskeie behoeftes kan voortgaan met die werwing van reserviste vir die 2016/2017-finansiële jaar, verwelkom. Tydens Agri SA se ontmoeting met die waarnemende nasionale kommissaris is enkele wysigings aan die reserviste-instruksie voorgelê en as sodanig deur die polisie aanvaar. 'n Goed funksionerende reservistestelsel sal momentum gee aan die implementering van die Landelike Beveiligingstrategie.

Reserviste sal hoofsaaklik ter ondersteuning van misdaadvoorkomingsoptredes op stasievlak, en ter versterking van die polisie se vermoë gedurende hoë misdaadperiodes, aangewend word. Persone wat as 'n reservis oorweeg wil word, sal aan streng kriteria onderwerp word en sal uit die gemeenskap waar hy/sy woon gewerf en aangewend word, hetsy vir funksionele polisiëring of gespesialiseerde operasionele ondersteuning.

- **Sektorpolisiëring**

Sektorpolisiëring dien as voertuig vir die polisie om gemeenskapsbetrokkenheid by misdaadbekamping en -voorkoming te bevorder. Die studie wat deur die polisie onderneem is om die effek van misdaadbekamping deur sektorpolisiëring te bepaal, is afgehandel. Die polisie oorweeg tans die bevindinge en aanbevelings vervat in die studie. Die komitee het besluit om die verslag en aanbevelings af te wag voordat die aangeleentheid verder hanteer sal word.

- **Herindeling van polisieklusters**

Die herindelingsproses van polisieklusters is gemotiveer deur die soeke na verbeterde dienslewering. 'n Bydraende rede vir die betrokke studie was om die klustergrense in ooreenstemming te bring met die munisipale grense en ook om die aantal klusters te verminder. Die komitee bly nietemin bekommerd dat die toedeling van hulpbronne ontoereikend is om landelike misdaad doeltreffend te bekamp.

Die vorige model het 176 klusters ingesluit en die hersiene voorstel maak voorsiening vir 118. Die polisie oorweeg tans die nuwe klusterstrategie. Die doel hiervan is om te bepaal of die polisie sy doelwitte bereik het en, indien daar spesifieke implementeringsprobleme by 'n stasie of kluster voorgekom het, sal dit as deel van die proses nagegaan word. Implementeringsprobleme kan gemotiveerd aan die komitee gerapporteer word, vir bevordering met die polisie.

- **Grondbesettings**

Die beleidskomitee en so ook Agri SA verwerp ten sterkste alle uitsprake ten gunste van die besetting van landbougrond en aansprake dat boere hulle grond op 'n onregmatige wyse bekom het en dit daarom geregverdig sou wees om die grond te beset.

Die komitee het die volgende bevestig:

- Dat Agri SA se inligtingsdokument oor die hantering van grondbesettings op plaaslike vlak toegepas moet word;
- Die riglyne van die polisie oor die hantering van betreding en grondbesetting moet konsekwent

*Agri SA het die aankondiging van die waarnemende nasionale kommissaris van Polisie, waarvolgens al nege provinsies na gelang van die onderskeie behoeftes kan voortgaan met die werwing van reserviste vir die 2016/2017-finansiële jaar, verwelkom.*

**Die polisie bevestig dat 'n tekort aan voertuie nie as verskoning vir swak dienslewering gebruik kan word nie. Provinsies bepaal die spesifieke kategorie voertuie wat hulle benodig en die polisie koop nagenoeg 6 000 voertuie per jaar aan.**

toegepas word;

- Die implementeringsriglyne van die Landelike Beveiligingstrategie betreffende betreding- en grondbesettingsklagtes moet eweneens toegepas word;
- Die noodsaaklike toepassing van Agri SA se protokol vir plaastoegang;
- Dat gebeurlikheidsbeplanning in provinsiale verband gedoen moet word;
- Boereverenigings moet met hul plaaslike polisiestasies konsulteer en 'n aksieplan ontwikkel oor hoe grondbesettings gehanteer sal word; en
- Dat alle inligting wat verband hou met betreding en grondbesettings onmiddellik aan die polisie gerapporteer word; en
- Rekord van alle gebeure tydens 'n grondbesetting moet gehou word om as getuienis in 'n hofsaak gebruik te kan word.

Tydens 'n beleidskomiteevergadering is die aanwending van die Openbare Polisie Orde-eenheid, in gevalle van grootskaalse grondbesettings, deur die polisie toegelig. Volgens die bevelvoerder van die eenheid is hulle gerat om op versoek van die plaaslike polisiestasie tussenbeide te tree om grootskaalse grondbesettings te hanteer.

'n Formele versoek is aan die polisie gerig om die optrede van die polisie by die Mooinooi-polisiestasie te ondersoek oor hoekom bestaande polisiebeleid in die hantering van betredingsklagtes nie nagekom is nie. Die ondersoek is afgehandel en die klaers in die betredingsaak was tevrede met die uitkoms daarvan.

- **Tekort aan voertuie vir gebruik deur polisie**

Die komitee is ingelig dat die voertuigvervangingstrategie die ideale getal voertuie verlang, asook tekorte en surplusse reflekteer. Voertuie word vervang op grond van geïdentifiseerde tekorte, soos aangedui in die register. Die polisie het 'n oorsig oor die instandhouding en herstel van voertuie verskaf en aangedui dat 'n intervensie-taakspan saamgestel is om die lang tydsverloop met die herstel en diens van polisievoertuie te ondersoek. Die ervaring op plaaslike vlak is dat die nie-beskikbaarheid van voertuie gebruik word as verskoning vir swak dienslewering.

Die polisie bevestig dat 'n tekort aan voertuie nie as verskoning vir swak dienslewering gebruik kan word nie. Provinsies bepaal die spesifieke kategorie voertuie wat hulle benodig en die polisie koop nagenoeg 6 000 voertuie per jaar aan. Opnames oor voertuigtekorte moet op provinsiale vlak gehanteer word, waarna dit skriftelik aan Agri SA vir hantering voorsien kan word. Voertuigtekorte is 'n aspek wat deurlopend deur die komitee met die polisie gehanteer word en daarom word die aankondiging van die minister van polisie dat nog voertuie vir die polisie bewillig word, verwelkom.

- **Onwettige jag met honde**

Die jag met honde as 'n onwettige sportsoort is besig om in omvang toe te neem, met groot bedrae geld wat klaarblyklik verwed word. Boere ervaar dit as 'n ernstige bedreiging vir hulle vee-, wild- en beskermde diersoorte. In hulle voorlegging aan dié beleidskomitee meld die polisie dat daar veelvuldige wetgewing ter sprake is, waarvolgens 'n persoon wat deelneem aan onwettige jag aangekla kan word, onder meer die Betredingswet, die Veediefstalwet, die Wilddiefstalwet en die Dierebeskermingswet.

Die onwettige jag met honde is 'n misdaad en behels opsetlike saakbeskadiging. Die komitee het 'n inligtingsdokument saamgestel wat riglyne bevat oor die hantering van die onwettige jag met honde en sal na affiliasies versprei word.

In die hantering van die aangeleentheid het die komitee die volgende uitgewys:

- Daar is voldoende wetgewing om die onwettige jag met honde te hanteer;
- Gemeenskappe moet die media en publiek gebruik om die nadelige gevolge hiervan uit te wys;
- Grondeienaars moet volledig rekord hou van gevalle van die onwettige jag met honde en alle bewysstukke, asook die misdaadtoneel beskerm;
- Grondeienaars moet betrokke raak by die plaaslike polisie en gemeenskapspolisieringsforums

(GPF's), asook die ontwikkeling van 'n gesamentlike aksieplan oor hoe sodanige klagtes deur die polisie gehanteer moet word;

- Betrek die Dierebeskermings-vereniging;
- Moenie die reg in eie hande neem om honde voor die voet te skiet nie, dit mag tot regstappe teen die grondeienaar lei; en
- Daar moet op provinsiale vlak met die Nasionale Vervolgingsgesag geskakel word oor die hantering van sake wat voor die hof kom rakende onwettige jag met honde.

## LANDELIKE BEVEILIGING

### Landelike Beveiligingstrategie

Die strategie word landwyd by polisiestasies geïmplementeer. Sedert die implementering van die strategie is die volgende vordering gemaak:

- Provinsiale kommissarisse het opdrag gegee dat intervensies gereël word om toe te sien dat alle polisiestasies verantwoordelik vir die strategie, dit implementeer;
- 'n Nasionale intervensie is gehou, waar sommige polisiestasies besoek is om te bepaal wat die vordering is met die implementering van die strategie;
- Vordering met die afhandeling van plaasmoordsake word deurlopend gemonitor;
- Insette is gemaak tot die Veediefstal-leerprogram as deel van 'n misdaadvoorkomingsprogram;
- Die afdeling tegnologie-bestuursdienste is versoek om die misdaadaanmeldingstelsel (MAS) aan te pas om voorsiening te maak vir 'n verpligte veld vir die identifisering van 'n plaas- en kleinhoewe-aanval, sodat meer akkurate statistieke beskikbaar kan raak;
- Die Misdaadregistrateur is versoek om 'n analise te doen van saakdossiere vir die periode van 2014/2015 tot 2016/2017 om te bepaal of daar 'n verandering in die *modus operandi* in plaasaanvalle voorkom;
- 'n Nasionale instruksie oor die funksionering van prioriteits-komitees word oorweeg. Die polisie het egter besluit om eers te wag tot ná die landelike veiligheidsberaad, voordat die instruksie gefinaliseer sal word;
- Die swak bywoning deur sleutel-departemente van vergaderings van prioriteitskomitees op provinsiale- en plaaslike vlak is met die polisie opgeneem, wat besluit het om dit

Daar moet op provinsiale vlak met die Nasionale Vervolgingsgesag geskakel word oor die hantering van sake wat voor die hof kom rakende onwettige jag met honde.



*Die Landelike Beveiligingstrategie bepaal dat 'n protokol vir toegang tot plase toegepas kan word ter bevordering van landelike veiligheid. Agri SA se protokol in dié verband word wyd aanvaar as 'n geskikte protokol vir die doel.*

na die Nasionale Prioriteitskomitee oor Landelike Beveiliging (NAT Joints) te verwys; en

- As deel van die polisie se nuwe benadering tot die "*back-to-basics*"-program is drie streekskommisarisse aangestel verantwoordelik vir die implementering van die program en om klagtes oor swak dienslewering te hanteer.

Dit is dié komitee se standpunt dat implementeringsprobleme rakende die Landelike Beveiligingstrategie op die toepaslike vlak gehanteer sal word, voordat dit skriftelik na die komitee verwys word vir hantering.

### Ooreenkoms met AfriForum

'n Ooreenkoms is met AfriForum bereik. Dit maak voorsiening vir die vestiging van kommunikasiekanale, die uitskakeling van duplisering en 'n onderneming om nie mededingende strukture te vestig nie. Die komitee monitor die implementering van die ooreenkoms en 'n beroep is op provinsiale organisasies gedoen om dit te gebruik om verhoudinge met AfriForum op plaaslike vlak te bestuur.

### Plaastoegangprotokol

Die Landelike Beveiligingstrategie bepaal dat 'n protokol vir toegang tot plase toegepas kan word ter bevordering van landelike veiligheid. Agri SA se protokol in dié verband word wyd aanvaar as 'n geskikte protokol vir die doel. Gedurende die verslagjaar is wysigings aan die protokol gedoen, wat 'n gedeelte oor toegang tot grensplase deur die weermag insluit.

## KORREKTIEWE DIENSTE

Terugvoer is aan die komitee voorsien aangaande die versoek van die minister van korrektiewe dienste vir die hersiening van die vrylatingsbeleid. Die taakspan het korttermyn- en langtermynvoorstelle aan die minister voorgelê. Die voorstelle sluit die hantering van gevonnisde misdadigers vanuit die buiteland in plaaslike tronke in.

Dit behels dat die wet gewysig moet word sodat buitelanders, wanneer hulle voor voltooiing van vonnis vrygelaat word, eers opgeneem word in die gemeenskapskorreksiestelsel van korrektiewe dienste en voorwaardes aan hulle gestel word dat, sou hulle die land weer onwettig binnekom, hulle hulself sou skuldig maak aan 'n misdryf en sodoende dan ook die oorblywende gedeelte van hul vorige vonnis sal moet uitdien. Die komitee moedig geaffekteerde boerelede aan om deel te neem aan die sittings van paroolrade, wanneer oorweging geskenk word aan die vrylating van 'n gevangene en redes te verskaf hoekom so 'n gevangene nie vrygelaat behoort te word nie.



## NASIONALE VERVOLGINGSGESAG

Frustrasie bestaan by die boerderygemeenskap oor strafsake wat voortdurend uitgestel word in howe en jare kan sloer voordat dit afgehandel word. Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) noem dat dit moeilik is om 'n konkrete uitstelreëling tot stand te bring. Die besluit om uitstel toe te staan, vestig hoofsaaklik in die diskresie van die voorsittende beampte. Redes wat aangevoer word vir aansoeke tot uitstelle is onder

meer vir verdere ondersoeke, die beskuldigde wat nie by hof opdaag nie, om die teenwoordigheid van getuies te bewerkstellig en om die beskuldigde die kans te gun om regsverteenwoordiging te bekom. Menigmale word sake onnodig vertraag deur die beskuldigdes se toedoen om sodoende die vervolging en die getuies te frustreer.

In gevalle waar daar gevoel word dat uitstel onnodig toegestaan word, kan die senior landdros van die spesifieke landdroskantoor genader word om die probleem aan te spreek. Die plaaslike verteenwoordiger van die NVG (gewoonlik die senior aanklaer en/of die hoofaanklaer) kan ook genader word vir hulp in dié verband.

Enige klagtes ten opsigte van landdroste kan verwys word na die senior landdros van die betrokke hof en/of na die Landdrostekommissie.

In onlangse wetgewing (Strafreg-wysigingswet) word hoër strawwe voorgestel vir skade aan essensiële infrastruktuur soos dié van Eskom, Telkom en Transnet, wat gebuk gaan onder koperkabeldiefstal. Die definisie van essensiële infrastruktuur sluit ook privaat-infrastruktuur in. Die komitee het Agri SA se regsafdeling versoek om die toepaslike wetgewing en definisie na te gaan om te bepaal of landbou-infrastruktuur ook ingesluit is.

### Grensbestuurowerheid-wetsontwerp

Daar word breedvoerig hieroor gerapporteer in die Kommersiële Beleidskomitee se verslag hieroor.

## VEEDIEFSTAL

### Veediefstaleenheid se werksaamhede

Die komitee is ingelig dat die voorkoms van veediefstal hoofsaaklik versprei is tussen twee provinsies, die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal. Die polisiestasies met die hoogste voorkoms van gerapporteerde veediefstalsake is in dié provinsies geleë, met 'n enkele stasie in Mpumalanga en die Vrystaat onderskeidelik. Volgens die nasionale veediefstaleenheid blyk dit dat daar 'n toename is in die aantal gerapporteerde veediefstalsake, met 'n hoë getal veeverliese. Volgens 'n ontleding van die eenheid is bevind dat die meeste veediefstalle plaasvind uit weikampe waarin vee aangehou word.

### Skutwet

Die departement van landbou, bosbou en visserye is verantwoordelik vir die finalisering van die skutwet en die komitee het sy kommer uitgespreek oor die stadige vordering wat die departement maak met die finalisering daarvan. Hierdie kommer is reeds aan die direkteur-generaal van die departement oorgedra. Vordering in dié verband word saam met die veediefstal-voorkomingsforum gemonitor.

## AGRI SA KONGRESBESLUITE: LANDELIKE VEILIGHEID

Die topbevelstruktuur van beide die polisie en die weermag het die kongres bygewoon en hulle het 'n beroep op die landbou gedoen om binne gemeenskapsverband deel te neem aan aksies gerig op die beveiliging van landelike gebiede. Vordering op die reservistevlak is gerapporteer en Agri SA het 'n inklusiewe veiligheidsplan voorgestel wat verder deur die komitee binne Agri SA ontwikkel sal word.

Daar is 'n beroep gedoen op boere om wel gevalle van misdaad te rapporteer, aangesien dit bepalend is vir die toedeling van fondse uit die begroting van die onderskeie departemente.

'n Inklusiewe landelike beveiligings-plan sal tydens 'n internasionale

Die topbevelstruktuur van beide die polisie en die weermag het die kongres bygewoon en hulle het 'n beroep op die landbou gedoen om binne gemeenskapsverband deel te neem aan aksies gerig op die beveiliging van landelike gebiede.

Dit is moeilik om met die getalsterkte die bykans 4 471 km internasionale grens te beman en dit word beplan om die getal kompanies tot 22 te verhoog.

landelike veiligheidskonferensie wat deur Unisa in samewerking met Agri SA en die Rooivleis Produsente Organisasie vir later vanjaar gereël word, verder aandag geniet.

**WEERMAG-AANGELEENTHEDE**

Die weermag verskaf toeligting oor vordering wat gemaak word met "*Operasie Corona*". Dit sluit in die ontplooiing van 15 kompanies met 'n totaal van 2 689 soldate aan die internasionale grens.

Dit is moeilik om met die getalsterkte die bykans 4 471 km internasionale grens te beman en dit word beplan om die getal kompanies tot 22 te verhoog. Goeie vordering word gemaak met die finalisering en beplanning vir die oprigting van die internasionale grensheinings en die bou van weermagpaaie aan die grens.

Die volgende operasionele suksesse van die weermag vir die periode April 2016 tot Maart 2017 is met die komkitee gedeel:

- 13 711 ongedokumenteerde persone is gearresteer;
- R20 miljoen se onwettige goedere is gekonfiskeer;
- 61 wapens is op beslag gelê;
- 22 002 kg dagga ter waarde van R53 miljoen is vernietig;
- 1 706 stuks vee is teruggevind;
- 118 gesteelde voertuie is teruggevind;
- 475 persone is gearresteer.

Die weermag meld dat daar 'n regeringsooreenkoms bestaan met Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) (uitgesluit Mosambiek) waarvolgens, indien 'n gesteelde voertuig in die lande gevind word, dit aan die plaaslike polisie gerapporteer sal word. Nadat die saak afgehandel is, sal die voertuig aan die regmatige eienaar terugbesorg kan word.

**Erkenning**

Lede van die boerderygemeenskap, provinsiale affiliasies asook veiligheidsverteenwoordigers, wat op verskeie vlakke bydraes lewer om die veiligheid van landelike gemeenskappe te verseker, verdien erkenning en waardering.

'n Besondere woord van dank aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), korrektiewe dienste en die Instituut vir Sekerheidstudies vir hulle ondersteuning aan die komitee in sy poging om landelike veiligheid te bevorder.



13 711 ongedokumenteerde persone is gearresteer; R20 miljoen se onwettige goedere is gekonfiskeer; 61 wapens is op beslag gelê; 22 002 kg dagga ter waarde van R53 miljoen is vernietig; 1 706 stuks vee is teruggevind en 118 gesteelde voertuie is teruggevind.

*Die onvoltooide vloedherstelwerke in die Oranjerivierstelsel in die Upington-gebied na afloop van die vloede in 2011/2012 bly 'n bron van kommer vir Agri SA. Die feit is dat herstelwerk aan skermmure slegs gedeeltelik voltooi is, 'n situasie wat selfs ernstiger risiko's inhou as die oorspronklike skade.*



# BELEIDSKOMITEE: Kommersieel



Hierdie beleidskomitee funksioneer onder voorsitterskap van Harry Prinsloo, met Henk van Wyk as vise-voorsitter en Hamlet Hlomendlini as funksionaris.



Harry Prinsloo

Die werklik saakmakende aspek van die landbousektor is of die finansiële posisie verbeter het met verloop van tyd. Boere is uiteraard die pagters van hulle grond en moet tegnologie, goeie oordeel en bestuur sodanig aanwend dat die finansiële resultate oorlewing op 'n volhoubare wyse kan verseker.

Boerdery vind binne die groter ekonomiese omgewing plaas met wetgewing, beleid en owerheidsoptrede wat 'n onlosmaaklike invloed op produksie en bemarking uitoefen. Die Kommersiële Beleidskomitee se werksgebied hou verband met die wyse waarop die koste van landbouproduksie en -bemarking kan verminder, hoe markgeleenthede ontsluit kan word, asook hoe algemene inisiatiewe geïmplementeer kan word om 'n meer mededingende en winsgewende omgewing vir die sektor te skep.

## RAMPBESTUUR EN DIEREGESONDHEID

### Vloedherstelwerke in die Oranjerivierstelsel

Die onvoltooide vloedherstelwerke in die Oranjerivierstelsel in die Upington-gebied na afloop van die vloede in 2011/2012 bly 'n bron van kommer vir Agri SA. Die feit is dat herstelwerk aan skermmure slegs gedeeltelik voltooi is, 'n situasie wat selfs ernstiger risiko's inhou as die oorspronklike skade. Agri SA het die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff) en die lid van die uitvoerende komitee (LUK) vir landbou, grondhervorming en landelike-ontwikkeling in die Noord-Kaap hieroor ingelig. In Augustus 2016, het Agri SA weer

Noukeurige berekeninge is voorgelê wat aangedui het dat nagenoeg R500 miljoen benodig word vir die beskerming van werksgeleenthede en beperkte rentesubsidies op opgehoopte skuld en nuwe produksieskuld.

die dringendheid van die situasie verduidelik nadat 'n vooraf-betaling van R30 miljoen goedgekeur is deur die Noord-Kaapse regering ten einde die kontrakteurs in staat te stel om herstelwerk te hervat. Hierdie bedrag is ook opgebruik en verdere herstelwerk is gestaak. Na verdere samesprekings met die regering, is die herstelwerk weer hervat en die nodige fondse sal oor twee finansiële jare beskikbaar gestel word.

## Droogtehulp

Agri SA het op verskeie geleenthede met onder andere Daff en veral die direkteur-generaal van Daff geskakel oor moontlike droogtehulp vir die boeregemeenskap na die droogte in 2015/2016. Noukeurige berekeninge is voorgelê wat aangedui het dat nagenoeg R500 miljoen benodig word vir die beskerming van werksgeleenthede en beperkte rentesubsidies op opgehoopte skuld en nuwe produksieskuld.

In sy 2017 staatsrede het president Zuma gesê dat "'n geraamde bedrag van R2,5 miljard beskikbaar gestel is vir die voorsiening van veevoer, waterinfrastruktuur, boorbedrywighede, toerusting, opgradering van boorgate, vendusieverkope en ander ingrypings".

Alhoewel Agri SA daarvan bewus was dat beperkte hulp beskikbaar gestel is, veral aan opkomende boere en meer spesifiek ten opsigte van die voorsiening van veevoer, blyk die bedrag wat deur die president aangekondig is uitermatig te wees in die lig van praktiese ervaring met die onlangse droogtehulp. Agri SA het die omvang daarvan amptelik bevraagteken en 'n verduideliking van die regering geëis – sonder sukses tot dusvêr. Soos dinge verloop het, het kommersiële boere baie min droogtehulp van die regering ontvang, behalwe 'n 'sagte' leningbedeling via die Land Bank waarvoor R400 miljoen teen gunstige rentekoerse beskikbaar gestel is. Skakeling het ook op verskeie geleenthede met kommersiële banke plaasgevind en die ondernemings wat van laasgenoemde verkry is, was oor die algemeen aanduidend van 'n gewilligheid om boere te ondersteun deur konsolidering van skuld en herskedulering van terugbetalingverpligtinge.

Agri SA het gesprekke met die direkteur-generaal van landbou, bosbou en visserye op 15 Maart 2017 gehad, waartydens die bedrag soos president Zuma in sy staatsrede genoem het, bespreek is. Die direkteur-generaal het onderneem om die toedeling van droogtehulp met die Nasionale Tesourie op te neem.

Anekdotiese inligting dui blykbaar daarop dat fondse verduister is of onderhewig was aan bedrog. Gegewe die sporadiese voorkoms van rampe in die landbousektor word dit as uiters belangrik geag dat ondersteuning in hierdie verband binne 'n ooreengekome raamwerk geskied en dat fondse dienooreenkomstig beskikbaar gestel word.

## Vennootskapsbenadering tot rampbestuur

In die lig van onlangse ervaring met droogtehulp, het Agri SA dit nodig geag om rampbestuur te evalueer. 'n Dokument is oorweeg tydens 'n konferensie van bedryfsorganisasies wat in 2017 plaasgevind het met die oog op 'n vennootskapsbenadering tussen die regering en die privaatsektor. Die moontlikheid van 'n gesamentlike befondsingsmodel en verskeie bronne van finansiering is ook oorweeg.

Finalisering van 'n rampbestuurraamwerk word beoog tydens Agri SA se kongres in Oktober 2017. Dit word algemeen aanvaar dat 'n multidissiplinêre benadering tot rampbestuur vereis word. Byvoorbeeld, die stygende koste van droogtehulp in nywerheidslande het aanleiding gegee tot 'n beleidskuif weg van noodsubsidies ten gunste van meer langtermyn selfversorgende landelike gemeenskappe. Moderne denke ten opsigte van rampbestuur blyk te fokus op integrasie tussen risikobestuur, vermindering, versagting en reaksie en herstel, ook met betrekking tot die landbousektor. Hierdie aangeleenthede vorm deel van bogenoemde rampbestuurraamwerk.

## Ruspe-plaag in Suid-Afrika

Die voorkoms van die herfskommandowurm is positief geïdentifiseer in monsters wat in Limpopo en Gauteng versamel is. Min is bekend oor hoe hierdie plaag Suider-Afrika binnegekom het. Dit is

We develop the South African Agriculture Industry | Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie

inheems tot Suid- en Sentraal-Amerika en kom voor in die suidelike state van die Verenigde State van Amerika.

Agri SA het Daff se tydige poging om met rolspelers uit verskeie bedrywe en navorsingsorganisasies in Januarie 2017 te vergader ten einde 'n plan van aksie te beraam verwelkom. Die interim beheerprogram is aan lede van die bedryf op 27 Januarie 2017 gekommunikeer.

Agri SA het boere gemaan dat die aanwending van chemikalieë in konsultasie met chemikalieë-verteenwoordigers moet geskied. Agri SA het sy affiliasies en ander rolspelers wat die situasie namens die bedryf gemoniteer bedank.

**Nasionale Dieregesondheidsforum**

Agri SA, as lid van die Nasionale Dieregesondheidsforum (NAHF), het verskeie vergaderings gedurende die jaar bygewoon. Die NAHF, wat bestaan uit diereproduksie-organisasies en ander tersaaklike instellings in die dieregesondheidbedryf speel 'n baie belangrike rol in die sektor. 'n Uitgebreide agenda is deurgewerk gedurende die verslagjaar, insluitend skakeling met Daff en kommunikasie met Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) oor die stand van entstof-beskikbaarheid. Na afloop van 'n bedryfsinisiatief, bly grensheining-verwante aangeleenthede steeds onaangespreek. Die hoofbron van kommer is die instandhouding van heinings tussen Suid-Afrika, Zimbabwe en Mosambiek met die oog op beheer van bek- en klouseer. Vergoeding vir siektebeheerdoeleindes is tydens 'n werkswinkel bespreek. Die NAHF sal in die volgende jaar die "*Buyer Beware*" -beleid oor beesbrucellose-opvoeding dryf.

## BELASTING EN ANDER SUID-AFRIKAANSE INKOMSTE-DIENS-AANGELEENTHEDE

**Dieselkortingstelsel vir die landbou**

Na die jongste begrotingsrede, ontvang boere R2,83 per liter terug op hul dieselaankope. Die Doeane- en Aksynswet bevat voorskrifte oor die administrasie van dieselterugbetalings, die aktiwiteite wat kwalifiseer daarvoor en die logboeke wat bygehou moet word. Boere het nie altyd voldoen aan hierdie reëls nie, soos uitgewys deur oudits wat onlangs uitgevoer is.

Agri SA vergader gereeld met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) op alle vlakke om hierdie probleem uit te stryk. In 2015 het die minister van finansies in sy begrotingsrede aangekondig dat die stelsel hersien sou word en Agri SA het onlangs dokumentasie ontvang wat deur die beleidskomitee oorweeg is. Die bespreekingsdokument oor die hersiening van die dieselbrandstof-belastingstelsel is aan ons lede vir kommentaar gesirkuleer.

Die nuwe stelsel het ten doel om kontrakteurs in te sluit en bied ook 'n spesiale bedeling vir kleinskaalse boere. Bergingfasiliteite en alle diesel-aangedrewe toerusting moet formeel op rekord by SAID wees, terwyl vervoer- en verwerkingsbedrywighede buite die terrein uitgesluit sal wees. 'n Alleenstaande dieselkorting-administrasie buite die belasting op toegevoegde waarde-stelsel word voorgestel. Agri SA het 'n voorlegging aan SAID en die Nasionale Tesourie oor die betrokke voorstelle gemaak. Die verwagting is dat die nuwe stelsel teen die einde van 2017 gefinaliseer sal wees na afloop van openbare beraadslaging, gevolg deur die aankondiging van die besonderhede daarvan in die 2018 nasionale begroting.

**Suikerbelasting**

Die minister van finansies het in sy 2016 nasionale begrotingsrede sy besluit aangekondig om 'n belasting op suiker-versoete drankies vanaf 1 April 2017 in te stel om te help om oormatige suikerinname te verminder. Hierdie aankondiging kom teen die agtergrond van 'n groeiende globale besorgdheid oor vetsug weens oormatige verbruik van suiker. Die probleem van vetsug het blykbaar oor die afgelope 30 jaar toegeneem in Suid-Afrika, met die gevolg dat Suid-Afrika beskou word as die land met die grootste vetsug-probleem in sub-Sahara Afrika. Terwyl die instelling van 'n suikerbelasting mag help om suikerinname te verminder, sal dit die belastinglas op die koeldrankbedryf verhoog.

Die beleidskrif is redelik swygsaam oor die opstroom-impakte van 'n suikerbelasting. Agri SA is van mening dat 'n studie uitgevoer moet word om die moontlike impak daarvan op

*Die probleem van vetsug het blykbaar oor die afgelope 30 jaar toegeneem in Suid-Afrika, met die gevolg dat Suid-Afrika beskou word as die land met die grootste vetsug-probleem in sub-Sahara Afrika.*

die primêre bedryf te bepaal. Deel van sodanige studie moet handel oor die oorheersing van kleinhandelaars in die waardeketting, veral in verhouding tot hul vermoë om die belastinglas op primêre verskaffers (d.w.s. suiker) af te skuif en dus die eintlike doel van die belasting te ondermyn.

## INFRASTRUKTUUR, LOGISTIEK EN VERVOER

### Trekkerbestuurslisensies en stadig-bewegende landboumasjinerie

Agri SA het voorheen 'n voorlegging gemaak aan 'n tegniese komitee oor die voorgestelde wysigings aan wetgewing wat verband hou met trekkerbestuurslisensies en stadig-bewegende landboumasjinerie.
Na afloop van hierdie voorlegging, het 'n vergadering 'n paar jaar gelede met die departement van vervoer (DoT) plaasgevind, maar geen terugvoering kon destyds verkry word nie. Terugvoering is wel onlangs ontvang, en volgens die DoT is hierdie aangeleentheid verwys na die inter-provinsiale beleid- en prosedurewerksgroep (IPPP) en die verkeerswetgewing-tegniese komitee (TLTC) vir hul insette en aanbevelings, wat daarna in die parlement voorgelê is.

Hierdie kwessies is ook bespreek binne die Driver Technical Committee en aanbevelings is voorberei vir die ander komitees. Die komitees het egter hul eerste vergadering eers op 27 en 28 Maart 2017 gehou. 'n Verslag is voorberei deur die DoT en nadat die regsafdeling van die departement dit gefinaliseer het, sal dit met Agri SA gedeel word. Die DoT het ons ingelig dat regulasie 99 gewysig kan word om die bestuur van 'n trekker te magtig op grond van die kategorie van die bestaande bestuurderlisensiekodes gebaseer op die grootvoertuigmassa (GVM) van die trekker. Hierdie voorstel is egter nog nie gefinaliseer nie.

### Omrol-beskermingstruktuur

Agri SA is deur die Landboumasjinerie Vervaardigersvereniging gekontak om hulle by te staan met 'n opname onder boere om die omvang van trekkerongelukke te bepaal. Volgens die vereniging beoog die departement van vervoer om regulasies te formuleer om addisionele beskerming vir trekkerbestuurders van trekkers te ontwikkel. Vir die doel het die vereniging 'n vraelys ontwikkel wat hulle aan boere versprei het.

Agri SA se standpunt is dat indien veiligheidsmaatreëls wetlik verpligtend word, dit nie terugwerkend moet wees nie, maar deel sal vorm van 'n nuwe trekker se spesifikasies.
Agri SA sal ook kommentaar lewer op die wetgewing indien dit wel verander word.

## HANDEL EN NYWERHEID

### Deelname in handelsbeleidstrukture

Agri SA is lid van die Landbouhandelsforum (LHF), 'n organisasie wat deur Daff gestig is. Die LHF is 'n drieledige organisasie wat bestaan uit verteenwoordigers van die privaatsektor, arbeid en die regering. Die forum hanteer hoofsaaklik handelsverwante aangeleenthede wat verband hou met die landbousektor.

Deel van sodanige studie moet handel oor die oorheersing van kleinhandelaars in die waardeketting, veral in verhouding tot hul vermoë om die belastinglas op primêre verskaffers (d.w.s. suiker) af te skuif en dus die eintlike doel van die belasting te ondermyn.



Agri SA is ook lid van Besigheid-eenheid Suid-Afrika (Busa) en deel van die Tegniese Sektorale Skakelkomitee (Teselico) wat 'n spesialis subkomitee van die Handel- en Nywerheidskamer (TIC) binne die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) is. Teselico se primêre doel is om internasionale handelsaangeleenthede met die verskillende partye te bespreek, naamlik besigheid, die regering en arbeid. Die doel is om te verseker dat Suid-Afrika se posisionering op onderhandelingsforums, bilateraal sowel as multilateral, bepaal word deur besluitneming en ondersteun word deur die betrokke partye. Deur deel te neem aan die spesifieke onderhandelings, is Agri SA sentraal geposisioneer om die koers van onderhandelings te beïnvloed.



**African Growth and Opportunity Act**

Teen die agtergrond van die Verenigde State van Amerika (VSA) se onttrekking aan die Trans-Pacific Partnership (TPP), is daar vrae gevra oor die toekoms van die African Growth and opportunity Act (AGOA), wat veronderstel was om te verstryk in 2015. Na intense en robuuste onderhandelings in 2014, het die Obama-administrasie egter besluit om dit te hernu tot 2025.

Tesame met onsekerheid oor die toekoms van AGOA, is die feit dat president Trump se oorgangspan onlangs diepliggende vrae gevra het oor die VSA se betrokkenheid op die Afrika-kontinent, met inbegrip van handelstransaksies. Een van die spesifieke vrae wat Trump se span gevra het handel oor die aanwending van AGOA, wat aan sommige produkte wat in Afrika vervaardig is belastingvrye toegang tot die VSA verleen.

Agri SA het via die gemelde plaaslike strukture met die regering geskakel oor die landbou se posisie.

**Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap – Raamwerk van die Europese Unie Ekonomiese Vennootskapsooreenkoms**

Die nuwe Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) – Europese Unie (EU) ekonomiese vennootskapsooreenkoms (EPA) het in Oktober 2016 in werking getree toe dit die bestaande bilaterale handel-, ontwikkeling- en samewerkingsooreenkoms (TDCA) tussen Suid-Afrika en die EU vervang het.

Hierdie ooreenkoms sal die eksterne tariewe van die handelsregime handhaaf en harmonisering tussen SAOG as geheel en die EU teweeg bring. Die EPA bied nuwe geleenthede vir Suid-Afrikaanse uitvoerders en invoerders, terwyl dit ook voorsiening maak vir die regstelling van sekere handelswanbalanse wat geskied het as gevolg van die TDCA, veral in die landbousektor wat verbeterde toegang verkry tot die EU vir meer as 30 produkte onder die EPA. Die EPA bied verbeterde toegang aan bestaande produkte deur middel van groter kwota's of die totale eliminering van kwota's, en meer buigsaamheid in die reëls van oorsprong, terwyl die tekortkominge van die vorige handelsooreenkoms ook aangespreek word.

Die bilaterale bedeling tussen Suid-Afrika en die EU oor die beskerming van geografiese aanduiders (GI's) sal beskerming verleen aan Suid-Afrikaanse produkte soos Karoo-lam, Rooibos en Honeybush, asook 102 wyne uit gebiede soos die Paarl en Stellenbosch.

**Brexit**

Die beoogde onttrekking van Brittanje (VK) uit die Europese Unie (EU) groepering, wat algemeen bekend staan as "Brexit", het wye belangstelling in die media en andersins ontlok. Agri SA se kommentaar was een van neutraliteit

*Die bilaterale bedeling tussen Suid-Afrika en die EU oor die beskerming van geografiese aanduiders (GI's) sal beskerming verleen aan Suid-Afrikaanse produkte soos Karoo-lam, Rooibos en Honeybush, asook 102 wyne uit gebiede soos die Paarl en Stellenbosch.*

We develop the South African Agriculture Industry | Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie

hoewel daar gewag gemaak is van die onstabiliteit wat kan ontstaan ten opsigte van die wisselkoers van die Rand teenoor die Britse pond. Agri SA het in sy reaksie op hierdie verwikkelinge verwys na bepaalde voordele wat hieruit kan voortspruit veral as die VK nader sou beweeg aan die Brics-lande (Brasilië, Rusland, Indië, en Suid-Afrika) met betrekking tot finansieringsbystand aan die Brics-ontwikkelingsbank.

Die Algemene Sakekamer van Agri SA het na afloop van Brexit die aangeleentheid bespreek. Daar is kennis geneem daarvan dat landbou-uitvoere na die VK nagenoeg R10 miljard beloop met invoere nagenoeg R5 tot R7 miljard per jaar. Dit is dus belangrik dat die mark vir landbou-uitvoere in die VK in stand gehou word en dit is wat oor die volgende aantal jare ook indringende aandag sal moet geniet.

Handelsooreenkomste met die EU waarby ingeslote die VK het sedert 1994 deur verskeie stadia gegaan vanaf beter marktoegang deur middel van stelsel van markvoorkeurtoegang (General System of Preferences), die sogenaamde handel-, ontwikkeling- en samewerkingsooreenkoms (TDCA) wat verbeterde marktoegang in die EU vir produkte soos kaas, vrugtesap en ander gebied het tot die onlangse SAOG/EU ekonomiese vennootskaps-ooreenkoms wat verbeterde mark-toegang vir byvoorbeeld wyn en ingemaakte vrugte sal bied. Die plaaslike fokus sal voortaan daarop wees om marktoegang in die VK en die EU sodanig in stand te hou asof Brexit nie plaasgevind het nie.

### Voorsiening vir die beskerming van suigeling-industrieë

Agri SA het die geleentheid gehad om kommentaar te lewer op die Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU) se riglyne om voorsiening te maak vir die beskerming van suigeling-industrieë (IIP). Klousule 26 van die SADU-ooreenkoms maak voorsiening vir die beskerming van suigeling-industrieë vir Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland (BLNS). Tans is daar geen aanhangsel of riglyne (prosedures) om regverdige implementering van hierdie klousule te bewerkstellig nie. Suid-Afrika is in die verlede nadelig beïnvloed deur die arbitrêre implementering van hierdie bepaling deur die BLNS.

Die SADU-kommissie het uiteindelik die tegniese komitee wat hiermee handel versoek om die konsepriglyne vir die implementering van die IIP te hersien en te verbeter. In Agri SA se voorlopige ontleding is sekere areas geïdentifiseer vir oorweging. Eerstens, Suid-Afrika behoort ook ingesluit te word by sodanige bedeling, terwyl plaaslike verbruik beter omskryf moet word met die oog op beskerming van industrieë wat as jonk beskou word.

## WETGEWENDE AANGELEENTHEDE

### Wet op die Beskerming van Beleggings

Agri SA was een van die sentrale partye in Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) se besigheid-afvaardiging toe die voormalige wetsontwerp op die Bevordering en Beskerming van Beleggings (PPI) bespreek is. Die PPI het onder andere ten doel gehad om Suid-Afrika se bilaterale beleggingsverdrae (BIT) met ander nasies te vervang.

Een spesifieke aspek waar Suid-Afrika van mening was dat die PPI-wet tekortskiet is die dispuutresolusie-meganisme. BIT het voorsiening gemaak vir 'n outomatiese reg tot internasionale arbitrasie. Dit is vervang met artikel 13 van die PPI-wet wat voorsiening maak vir die departement van handel en nywerheid (*dti*) om 'n bemiddelaar aan te stel om 'n dispuut tussen die belegger en enige staatsorgaan wat versuim om aan 'n beleggingswaarborg te voldoen te bemiddel. Agri SA glo dat indien die dispuut nie met bemiddeling opgelos kan word nie, dit óf beslis moet word via ons eie howe óf onderwerp word aan internasionale arbitrasie indien die Suid-Afrikaanse regering daartoe instem.

### Wetsontwerp op die Grensbestuursowerheid

Agri SA vorm deel van die Grens-bestuursowerheid (BMA) se same-sprekings binne Nedlac, daarom is die beleidskomitee gevra om leiding te verskaf om te bepaal of die BMA se voorstelle die fasilitering van wettige handel sal benadeel of as't ware 'n bydrae daartoe lewer. In sy begrotingsrede het die minister van

*Agri SA stel dus voor dat in plaas van 'n verdere belastinglas, die regering eerder moet konsentreer op rehabilitering van die openbare sektor en verhoging van die opvoedingspeil van sy mense sodat die huidige gebrek aan vaardighede aangespreek kan word.*

finansies, Pravin Gordhan, gesê dat dit onwys sou wees om die administrasie en invordering van doeanebelasting te fragmenteer. Dit was na aanleiding van SARS se voortdurende doeane-modernisasieprogram wat noodsaaklik is vir ons inkomste- sowel as handelsbeleidoogmerke. Na die kabinetskommeling is dit nie seker hoe dié aangeleentheid sal ontvou nie.

### Wetsontwerp op die Reëling van die Uitvoer van Bederfbare Produkte

Agri SA het die geleentheid gehad om te reageer op die wetsontwerp op die reëling van die uitvoer van bederfbare produkte. Agri SA is deel van die besigheid-groep in die Nedlac taakspan wat handel met die wetgewing. Die organisasie is van mening dat hierdie wetsontwerp 'n verbetering is op die bestaande wetgewing. 'n Groot bron tot kommer is dat die huidige wetgewing die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (tans Agri SA) toelaat om 'n lid op die beheerraad vir bederfbare produkuitvoere (PPECB) te benoem. Na verneem word sal dit nou nie meer geld nie. Agri SA is van mening dat die apex toegelaat moet word om 'n lid te nomineer, wat dan die bespreking van transversale kwessies en koördinering daarvan sal verbeter.

### Welvaartbelasting

Die minister van finansies het die Davis-belastingkomitee (DTC) in 2013 aangestel om die rol van die belastingstelsel in die bevordering van inklusiewe ekonomiese groei, werkskepping en fiskale volhoubaarheid te ondersoek. Agri SA het 'n geleentheid gehad om insette te lewer oor die wenslikheid en lewensvatbaarheid van moontlike vorms van welvaartbelasting, d.w.s. grondbelasting, 'n nasionale belasting op die waarde van eiendom en 'n jaarlikse welvaartbelasting.

Agri SA, as 'n federasie van landbou-organisasies en 'n organisasie wat verbind is tot die ontwikkeling van landbou in Suid-Afrika, het in sy kommentaar gesê dat die nuwe belastingopsies onwenslik sowel as onwerkbaar is. Dit is nie billik teenoor die landbousektor dat 'n tweede grondbelasting ingestel word nie. Boere betaal reeds munisipale heffings op hul grond. Dit is per definisie 'n grondbelasting en is reeds sedert Julie 2005 van toepassing.

Uit 'n belastingoogpunt is dit dus noodsaaklik dat die regulatoriese omgewing nie die geleenthede vir landbou-ontwikkeling wat steeds bestaan kortwiek nie. Belasting moet sover as moontlik bevorderlik vir werkskepping en behoud van die arbeidsmag wees en nuwe toetreders tot die landbousektor moet ondersteun word om 'n betekenisvolle bydrae tot die ekonomie te lewer. Indien die voorgestelde welvaartbelasting-opsies geïmplementeer word, sal die sektor nadelig beïnvloed word, met nuwe toetreders tot die sektor, dit wil sê opkomende boere, wat die ergste daardeur geraak word.

Agri SA stel dus voor dat in plaas van 'n verdere belastinglas, die regering eerder moet konsentreer op rehabilitering van die openbare sektor en verhoging van die opvoedingspeil van sy mense sodat die huidige gebrek aan vaardighede aangespreek kan word. Dit is baie belangriker om te fokus op die aanspreek van verkwisting en korrupsie wat die fiskus tans leegtap.

Spesiale dialoogsessies, waaraan Agri SA sal deelneem, word op 'n voortdurende basis gereël om diverse menings en belange te oorweeg. Werkswinkels sal ook gedurende Julie 2017 gehou word en Agri SA moedig sy lede aan om daaraan deel te neem.

## ALGEMENE SAKE

### Phakisa

Operasie Phakisa, wat president Zuma en die ministers van landbou, bosbou en visserye en landelike-ontwikkeling en grondhervorming Vrydag, 24 Februarie 2017 aangekondig het, is die netto resultaat van wye konsultasie en skakeling oor 'n tydperk van ses maande tussen georganiseerde landbou, regeringsamptenare, landboukundiges, vakbonde, nie-regeringsorganisasies, staatsondernemings en verskeie belanghebbendes met gevestigde belange in die landbou.

Sewe werkgroepe is saamgestel en het vorendag gekom met 27 inisiatiewe gemik op die groei en

transformasie van die landbousektor. Hierdie inisiatiewe is gegrond op vennootskappe met die privaatsektor en sal help om uitkomste, soos uitgestip in die landboubeleid-aksieplan (APAP) asook hoofstuk 6 van die Nasionale Ontwikkelingsplan, te bereik.

Die Kommersiële Beleidskomitee het 'n aanbieding gemaak by een van sy jaarlikse vergaderings in Maart 2017 oor die tersaaklike aspekte wat die landbou raak. Hierdie komitee het aanbeveel dat die dokument gebruik moet word as basis vir insette, gevolg deur 'n werkswinkel waarin al Agri SA se komitees betrokke is.

## Interaksie met Statistieke Suid-Afrika

In die verlede het Agri SA sy affiliasies asook hul lede aangemoedig om te voldoen en deel te neem aan opnames wat deur Statistieke Suid-Afrika uitgevoer word.

Betroubare statistiek is waardevol om verskeie redes. Dit word gebruik, onder andere, om landbou-ontwikkelingsbeleid te bepaal en is daarom van waarde vir die bedryf. Statistieke Suid-Afrika het weereens die versekering gegee dat inligting as hoogs vertroulik geag word en nie bekend gemaak sal word behalwe in die vorm van gemiddeldes nie.

Die volgende huishouding-gebaseerde opnames sal deurgaans in 2017 onderneem word:

- Algemene huishoudelike opname;
- Binnelandse Toerisme-opname;
- Slagoffers van misdaad opname;
- Kwartaallikse arbeidsmagopname; en
- Voortgesette bevolkingsopname.

Agri SA sal weereens dien as belangrike kommunikasiekanaal tussen Statistieke Suid-Afrika en die boer.

## Nasionale begroting

Ten spyte van moeilike omstandighede, het oudminister Pravin Gordhan 'n begroting gelewer wat aangedui het dat hy bewus is daarvan dat die huidige ekonomies-trajek nie volhoubaar is nie en dat 'n nuwe benadering vereis word. In sy kommentaar op die begroting het Agri SA gesê dat daar nie genoeg gepraat is oor hoe die hoë vlakke van korrupsie of die dreinering van die fiskus wat deur maatskappye in staatsbesit veroorsaak is, aangespreek sal word nie. Om mense wat 'n hoë inkomste verdien te belas is tans miskien die korrekte en sagte opsie, maar dit is nie volhoubaar in die mediumtermyn nie gegewe strukturele probleme wat duidelik

Agri SA het waardering vir die R30 miljard toedeling vir landbou, landelike-ontwikkeling en grondhervorming oor die medium termyn, mits dit die doel waarvoor dit toegedeel is dien.



Agri SA het waardering vir die R30 miljard toedeling vir landbou, landelike-ontwikkeling en grondhervorming oor die medium termyn, mits dit die doel waarvoor dit toegedeel is dien.

bestaan aan inkomste- sowel as uitgawe-kant van die regerings se finansies.

Agri SA het waardering vir die R30 miljard toedeling vir landbou, landelike-ontwikkeling en grondhervorming oor die medium termyn, mits dit die doel waarvoor dit toegedeel is dien. Die fokus van sodanige uitgawes moet op kommersiële landbou wees, dit wil sê om grondhervorming-begunstigdes te help om kommersiële produsente te word en om die produktiwiteit van bestaande kommersiële landbou te verhoog. Agri SA het ook gemeld dat dit noodsaaklik is dat ons vindingryke tegnologie aanwend om jong mense na die sektor te lok. Grondhervorming moet gewillige en bekwame jong boere prioritiseer. Landboubesteding moet veral aangewend word vir hierdie doel.



Agri SA erken dat vetsug in die land aangespreek moet word. Ons is egter van mening dat 'n suikerbelasting 'n enorme impak op suikerrietkwekers in die land kan hê, wat kan lei tot werkverliese en 'n afname van produksievlakke.

**Staatsrede 2017**

Agri SA maak gereeld voorleggings oor die inhoud van die Suid-Afrikaanse president se staatsrede. Agri SA het voor die staatsrede gevra vir staatsmanskap om die vele ekonomiese en maatskaplike probleme in die land aan te spreek en die organisasie het sy voorbehoude uitgespreek oor die beoogde inhoud van "radikale transformasie".

President Zuma het melding gemaak van prysenswaardige grondhervormingsinisiatiewe wat deur boere in samewerking met plaaswerkers aangepak is. Hy het klem gelê op die belangrikheid van die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Grondwet, wat ook die raamwerke is wat Agri SA gebruik het om werkbare grondhervormingsvoorstelle aan die regering voor te lê. Kommerwekkend is egter die onsekerhede ten opsigte van die Onteieningswet wat terugverwys is na die parlement; die voorgestelde wysigings aan die Mededingingswet om voorsiening te maak vir konsentrasie van eienaarskap, en selfs die beoogde wetsontwerp op Eiendomspraktisyns.

Agri SA sal, soos in die verlede, voldoen aan die president se versoek dat daar met Suid-Afrikaanse Polisiediens saamgewerk word om veiliger gemeenskappe te verseker. Agri SA het die president se omvattende verwysing na handelsooreenkomste met, byvoorbeeld, die Europese Unie, Mercosur-lande, China en sommige van die Brics-lede, verwelkom.

**Besigheideenheid Suid-Afrika**

Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) is 'n konfederasie van besigheidsorganisasies, met inbegrip van sake- en bedryfskamers, professionele verenigings, korporatiewe verenigings en unisektorale organisasies. Busa verteenwoordig Suid-Afrikaanse besighede op makro-ekonomiese vlak en in hoëvlak aangeleenthede wat 'n impak kan hê op nasionale en internasionale vlak.

Busa se funksie is om te verseker dat besigheid 'n konstruktiewe rol in die land se ekonomiese groei, ontwikkeling en transformasie speel en 'n omgewing skep waar besighede van alle groottes en in alle sektore kan gedy, uitbrei en mededingend kan wees.

As vernaamste verteenwoordiger van besigheid in Suid-Afrika, stel Busa die standpunte van sy lede, waarvan Agri SA een is, in 'n aantal strukture en liggame, statutêr sowel as nie-statutêr. Busa verteenwoordig ook besigheid se belange binne die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac). Die aktiwiteite van Busa strek oor 'n verskeidenheid van terreine waaronder arbeidsaangeleenthede,

handel en ander aspekte wat 'n impak het op die besigheidsgemeenskap in die algemeen en die landbou in besonder.

**Beheerraad vir Bederfbare Produkuitvoere**

Gedurende die verslagjaar het Agri SA 'n uitnodiging ontvang om lede vir die Beheerraad vir Bederfbare Produkuitvoere (PPECB) te benoem. Agri SA het drie persone benoem, soos wetlik vereis. Die minister van landbou, bosbou en visserye het die nuwe raad vir 'n drie jaar tydperk aangestel, effektief vanaf 1 Desember 2016.

**Nasionale Landbounavorsings-forum**

Sedert sy totstandkoming in 2012, het die Nasionale Landbou-navorsingsforum (NARF), waarvan Agri SA 'n lid is, die ontwikkeling en implementering van die nasionale landbounavorsing- en ontwikkeling-strategie gefasiliteer. Die 11de volle vergadering van NARF het in Maart 2017 plaasgevind waar, onder andere, navorsingsaangeleenthede wat die landbousektor raak, soos die droogte, klimaatsverandering en die onlangse plaaguitbrake, bespreek is. Die vergadering het geskied binne die raamwerk van die tema "Klimaatsveranderlikheid: impak op landbouproduksie, aanpassing en versagting".

Gedurende die sessie het die direkteur-generaal van landbou, bosbou en visserye ook die apex-liggaam vir landbou-, bosbou- en visseryenavorsing geloods. Agri SA sal sy lede ingelig hou oor enige verdere verwikkelinge in hierdie verband.

**Jongleiers-meestersklas**

Agri SA het met 'n groep internasionale joernaliste en die bestuurskomitee van die Internasionale Federasie van Landboujoernaliste (IFAJ) gedurende Maart 2017 vergader. Die jongleiers-meestersklas is 'n uitgesoekte groep jong joernaliste wat 'n *boot camp* in Suid-Afrika bygewoon het, met inbegrip van plaasbesoeke, voordat die IFAF-kongres by Kievietskroon buite Pretoria afgeskop het. Agri SA het die geleentheid gehad om die plaaslike landbou-ekonomie aan hierdie groep te verduidelik.

**Finansiële stabiliteit en ekonomiese groei**

Agri SA het die geleentheid gehad om die bekendstelling van die finansiële stabiliteitsoorsig van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) in Mei 2017 by te woon. Dit het duidelik geword dat ekonomiese groei in die nabye toekoms op lae vlakke sou bly, terwyl die afgradering van Suid-Afrika se kredietgradering waarskynlik hierdie situasie sal vererger.

**Vergadering by die Sweedse Ambassade**

Agri SA is genooi om 'n kort oorsig te gee van sy besigheidsfokus en om sommige van die uitdagings wat die landbousektor tans ervaar uit te lig en strategieë voor te stel om meer waarde tot landbouproduksie te voeg. Agri SA het ook sy insigte oor die onlangse droogte in die land, asook sy reaksie daarop, gedeel.

Die doel van hierdie vergadering was om aangeleenthede van belang vir Agri SA en die landbousektor te bespreek en verhoudinge met Swede te bou.

**Markopname oor die kruideniersware-kleinhandelsektor**

Agri SA het 'n voorlegging gemaak aan die Mededingingskommissie in verband met die markopname oor die kruideniersware-kleinhandelsektor. Agri SA het kennis geneem van die voorgenome opname om die mate waartoe mededinging beperk word in hierdie gedeelte van die kruideniersware-waardeketting te bepaal en het dit verwelkom.

> Dit het duidelik geword dat ekonomiese groei in die nabye toekoms op lae vlakke sou bly, terwyl die afgradering van Suid-Afrika se kredietgradering waarskynlik hierdie situasie sal vererger.



Agri SA het natuurlik 'n direkte belang by voedsel-verwante aangeleenthede wat hieruit mag voortspruit.

Die Mededingingskommissie het werkswinkels in die onderskeie provinsies gehou waar die impak van die toetrede van nasionale supermarkkettings in townships, semi-stedelike en landelike gebiede en die informele ekonomie; die impak van langtermyn eksklusiewe huurooreenkomste op en die rol van finansierders in mededinging in die kruideniersware-kleinhandelsektor; die impak van regulasies en munisipale verordeninge op die mededinging van hierdie sektor; en die impak van aankopergroepe en die koopkrag van die aankopers van vinnig-bewegende verbruikersgoedere op mededinging in die kruideniersware-kleinhandelsektor.

Agri SA en sy affiliasies het ten volle saamgewerk om tersaaklike inligting en bewyse tydens openbare verhore beskikbaar te stel.

**BEDRYFSKONFERENSIE**

Op 27 en 28 Februarie 2017 het Agri SA se Bedryfskamer 'n konferensie met die tema "Bewerkstellig voedselsekerheid en bevorder volhoubare landbou" in die Wes-Kaap aangebied.

Die konferensie het indringende aandag gegee aan die noodsaaklikheid van 'n ontleding van die omgewing waarin bedryfsorganisasies werk, spesifiek met betrekking tot die politieke situasie, ekonomiese veranderlikes, maatskaplike faktore, tegnologie en die natuurlike omgewing.

Op dag een van die konferensie het die besprekings gefokus op die soeke na en uitbreiding van markte vir landbouprodukte asook die kompeterende eise ten opsigte van natuurlike hulpbronbeleid en praktiese oorwegings. Die tweede dag van die konferensie het gefokus op die koördineerde ontwikkeling en spesifiek finansiering, rampbestuur en voedselsekerheid as drywers van openbare bewustheid van die landbousektor. Aspekte soos waardetoevoeging tot landbouprodukte, markuitbreiding en die werklike waarde van handelsooreenkomste vir die sektor is in diepte bespreek. Deeglike aandag is ook gegee aan kompeterende behoeftes vir landbouhulpbronne, landboufinansiering en rampbestuur. Die konferensie is afgesluit met 'n sessie waar die rol van die sektor binne die konteks van voedselsekerheid beklemtoon is.



*Op 27 en 28 Februarie 2017 het Agri SA se Bedryfskamer 'n konferensie met die tema "Bewerkstellig voedselsekerheid en bevorder volhoubare landbou" in die Wes-Kaap aangebied.*

*Agri SA het kennis geneem van beweerde korrupsie van senior amptenare van DWS met betrekking tot die sluiting van kontrakte. Meer inligting word bekom en dit sal moontlik 'n ondersoek deur Agri SA noodsaak, aangesien dit 'n uitwerking op die watertariefbedeling kan uitoefen.*



# BELEIDSKOMITEE: Natuurlike Hulpbronne



**Wayman Kritzinger is voorsitter van die Natuurlike Hulpbronne Beleidskomitee. Hy word bygestaan deur Cornie Swart as ondervoorsitter en Willem Symington as addisionele lid. Nic Opperman was die funksionaris tot en met sy aftrede aan die einde van April 2017. Janse Rabie vervang Nic Opperman met ingang 1 Mei 2017.**



Wayman Kritzinger

## WATERSAKE

### Watertariefbedeling

Die Departement van Water en Sanitasie (DWS) se goedgekeurde watertariefbedeling vir 2017/2018 is aan affiliasies gesirkuleer. Die persentasie stygings van die waterhulpbron-infrastruktuurkoste-tarief het aanvanklik die ooreengekome maksimum van 17% (7% PPI plus 'n maksimum van 'n verdere 10 persentasiepunte afhangend van die vlak van onderverhaling van koste deur staatswaterskemas) oorskry.

Agri SA het die aangeleentheid met DWS opgeneem, waarna die nodige regstellings aangebring is.

Agri SA het kennis geneem van beweerde korrupsie van senior amptenare van DWS met betrekking tot die sluiting van kontrakte. Meer inligting word bekom en dit sal moontlik 'n ondersoek deur Agri SA noodsaak, aangesien dit 'n uitwerking op die watertariefbedeling kan uitoefen.

### Hersiening van die Nasionale Waterprysstrategie

Agri SA is betrokke by die hersiening van die waterprysstrategie deur die DWS.

Die organisasie verwelkom in die algemeen die beginsel van 'n multi-jaar tariefvasstelling wat aan besproeiingsboere meer sekerheid sal bied vir langtermyn-beplanning. Agri SA verwelkom ook die kostedifferensiasiebenadering en perke op watergebruikskostes vir aangewese sektore soos die landbou, ten einde nasionale voedselsekerheid

te ondersteun. Die modellering van die benadering is belangrik om die uitwerking daarvan op die staatswaterskemas (GWS's) te bepaal.

**Hersiening van die Nasionale Waterbeleid en Wetgewing**

Agri SA het in samewerking met die DWS vordering gemaak met die hersiening van die Nasionale Waterbeleid. Die gepaardgaande wetswysigings word gedurende 2017 verwag. Die beoogde konsepwetgewing oor die samevoeging van die Wet op Waterdienste en die Nasionale Waterwet word eweneens afgewag.

**Onregmatige watergebruike**

Die onregmatige gebruik van water is 'n groot bekommernis en veroorsaak konflik en oneweredigheid tussen besproeiers. Diegene wat die reëls nakom bevind hulleself in 'n relatief swakker mededingende posisie.

Agri SA is van mening dat die verifiëring en validering proses van water gebruiksregte versnel moet word en die resultate daarvan beskikbaar gestel moet word vir publieke insae in die onderskeie water opvanggebiede.

Kommentare in dié verband moet dan geëvalueer word ten einde 'n databasis saam te stel wat so korrek moontlik is. Agri SA is van mening dat plaaslike opvanggebiedbestuursagentskappe (CMA's) onregmatige watergebruik sal kan bekamp.

**Waterkwaliteit**

Daar ontstaan toenemende kommer oor die invloed van verswakte waterkwaliteit op die landbousektor. Die besoedeling van waterhulpbronne, beide oppervlakte- en ondergrondse water, het tot so 'n mate toegeneem dat landbouproduksie daaronder kan ly. Hoewel besoedeling veelvlakkig is, is munisipaliteite belangrike rolspelers in dié verband.

Agri SA het oor tyd verskeie benaderings gevolg, om swak waterkwaliteit aan te spreek. Dit sluit in senior regsmenings wat bekom is oor watergebruikers se regsposisie teenoor DWS se openbare aanspreeklikheid.

Benewens die blou- en groendruppelverslae van DWS is daar ook bepaalde statusverslae van DWS wat oor waterkwaliteit bekom kan word. Daarin blyk dit ondermeer dat die chloorinhoud van gesuiwerde water by sommige munisipaliteite te hoog is, dat dit nie al die skadelike biologiese besoedeling voorkom nie, en dat dit ook gesondheidsgevare vir mens en dier inhou.

Agri SA is van mening dat dit wenslik is dat waterkwaliteit-monitering op provinsiale vlak gedoen moet word. Dié kwessie behoort ook by die interdepartementele C-SAW strukture ingedra te word, asook waar die CMA's reeds funksioneer. Die bepaalde noodnommers by DWS en DEA (departement van omgewingsake) moet ook getoets word om die funksionaliteit daarvan te bepaal. Probleme in hierdie verband moet aan Agri SA deurgegee word vir opvolging.

Agri SA is bewus van die DWS se voorneme om 'n geïntegreerde nasionale waterkwaliteitsbeleid en -strategie te ontwikkel en sal daarop kommentaar lewer wanneer dit gepubliseer word.

Die besoedeling van waterhulpbronne, beide oppervlakte- en ondergrondse water, het tot so 'n mate toegeneem dat landbouproduksie daaronder kan ly. Hoewel besoedeling veelvlakkig is, is munisipaliteite belangrike rolspelers in dié verband.



*Daar ontstaan toenemende kommer oor die invloed van verswakte waterkwaliteit op die landbousektor. Die besoedeling van waterhulpbronne, beide oppervlakte- en ondergrondse water, het tot so 'n mate toegeneem dat landbouproduksie daaronder kan ly.*

We develop the South African Agriculture Industry | Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie

### Opvanggebiedbestuurs-agentskappe

Terugvoering van affiliasies oor die status van proto-CMA's dui daarop dat die prosesse sloer, werkskapitaal beperk word, projekte gestop of uitgestel word, afwenteling van magte beperk word tot die mate, dat die teikendatum vir die afhandeling van CMA's soos deur DWS voorsien in 2017, bevraagteken word.

In die lig hiervan en met inagneming van praktyk by bestaande CMA's, is die DWS versoek om opklaring te verskaf oor:

- Delegasies wat aan CMA's oor lisensiëringsmagte toegestaan is en weer opgehef staan te word;
- Verteenwoordiging op CMA-bestuursliggame, gegewe dat die landbou die grootste gebruiker van water is;
- Die koste-impak van CMA's op die landbou en moontlike dupliserende kostestrukture van die DWS;
- Hoe die werking van sub-CMA's voorsien word; en
- Die verantwoordelikheid van CMA's met betrekking tot waterkwaliteit.



### Waterbeperkings

Kommer bestaan by Agri SA oor die DWS se onvermoë om water-beperkings wat in die staatkoerant gepromulgeer word te monitor en af te dwing. Dit blyk ook dat vooraf konsultering ook nie na wense is nie, wat die akkuraatheid van berekeninge kan beïnvloed.

Agri SA het aangedui dat effektiewe waterbeheer slegs moontlik sal wees waar daar watergebruikersverenigings en opvangbestuurstrukture (WUA's en CMA's) met die nodige bevoegdhede in plek geplaas is.

### Opheffing van droogteverwante waterbeperkings

DWS het die stand van die damme in Limpopo, Noordwes en Vrystaat geëvalueer en besluit om die waterbeperkings op te hef. Agri SA is meegedeel dat die opheffing van sodanige waterbeperkings spoedig sou plaasvind by wyse van 'n kennisgewing in die staatskoerant. DWS het egter gesloer met die uitreiking van sodanige kennisgewing, ten spyte van Agri SA se vertoë vir bespoediging.

Kommer bestaan oor die interpretasie van die operasionele reëls van DWS oor die implementering en opheffing van waterbeperkings. Genoegsame reënval soos wat in die onlangse verlede in die Vaal- en Oranjerivierstelsels ondervind is, behoort die onmiddellike opheffing van waterbeperkings tot gevolg te hê.

Die knelpunte met die interpretasie van die operasionele reëls oor die instelling en opheffing van waterbeperkings sal met DWS opgeneem word.

### Regulasies wat vereis dat die neem van water vir besproeingsdoeleindes gemeet, opgeneem en oor verslag gelewer moet word *(Regulations requiring that the taking of water for irrigation purposes be measured, recorded and reported)*

Agri SA het 'n versoek aan die DWS gerig om duidelikheid oor die toepassing van hierdie regulasies te verkry. DWS het aan Agri SA die tegniese aspekte van die regulasies verduidelik. Tans is die regulasies slegs van toepassing ingevolge die bepalings van die Nasionale Waterwet of indien sodanige instruksie van DWS versoek word, hetsy deur hul streekkantoor of deur 'n CMA. Riglyne in hierdie verband sal deur die DWS en afsonderlik vir watergebruikers ontwikkel word in samewerking met die belangegroepe. Agri SA, sal die geleentheid kry om bydraes tot so 'n implementeringsplan te lewer.

DWS is van plan om die regulasies te gebruik om vermoedelik bekende oortreders te verplig om watermeting syfers bekend te maak en op grond daarvan te besluit oor moontlike vervolging.

*Daar is verskeie groot damme in die eertydse Transkei-area wat met die oog op landbou-ontwikkeling gebou is, maar sodanige ontwikkeling het baie beperk plaasgevind. Voorbeelde is Xonxa-, Lubisi- en Ncoradam.*

We develop the South African Agriculture Industry | Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie

## Bou van nuwe damme en opgradering van bestaande damme

Agri SA het die DWS versoek om inligting te verskaf oor dié departement se beplanning rakende die bou van nuwe damme en die opgradering van bestaande damme.

DWS het die volgende oorsig verskaf:

### Wes-Kaap

Daar sal binnekort met die verhoging van die Clanwilliamdam begin word. Die kanale sal ook vervang en opgradeer word. Dit sal waterlewering stabiliseer en die besproeiings-potensiaal matig verhoog vir opkomende boerderye. Die Wes-Kaap se departement van landbou is aktief by hierdie projek betrokke.

'n Projek om surplus winterwater uit die Bergrivier na die Voëlvleidam te pomp om die lewering van die dam te verhoog, sal binnekort begin. Hierdie water is hoofsaaklik vir aanvulling van die huishoudelike waterbehoeftes van Kaapstad en Saldanha bedoel.

Geen verdere damme word tans in vooruitsig gestel nie.

### Oos-Kaap

Die Mzimvuburivier-ontwikkeling behels die bou van twee damme. Alhoewel landbou deel van die motivering vorm bestaan daar vraagtekens oor die bekostigbaarheid van die water. Die bou van verdere damme wat wel oorweeg word, fokus nie primêr op die landbou nie behalwe op kleinboere in bepaalde gevalle.

Daar is verskeie groot damme in die eertydse Transkei-area wat met die oog op landbou-ontwikkeling gebou is, maar sodanige ontwikkeling het baie beperk plaasgevind. Voorbeelde is Xonxa-, Lubisi- en Ncoradam. Die besproeiing uit die Doringrivierdam by Indwe het ook tot stilstand gekom. Tans word net water vir huishoudelike gebruik uit die dam voorsien.

### Sentraal

In hierdie stelsel wat die Oranje- en Vaalrivieropvanggebiede insluit, moes die tweede fase van die Lesotho Hoogland-waterprojek, naamlik die bou van die Podihaledam, reeds 'n aanvang geneem het, maar dit is vertraag.

### KwaZulu-Natal

Hier is verskeie groot projekte in aanbou of in die ondersoekfase, maar slegs vir stedelike watervoorsiening.

### Limpopo

Vanweë die aansprake van ander sektore en stede op beskikbare water is die moontlikheid vir verdere besproeiingsontwikkeling uiters beperk in die provinsie.

Alhoewel landbou deel van die motivering vorm bestaan daar vraagtekens oor die bekostigbaarheid van die water. Die bou van verdere damme wat wel oorweeg word, fokus nie primêr op die landbou nie behalwe op kleinboere in bepaalde gevalle.



### Wes-Kaap droogte

Agri Wes-Kaap het Agri SA genader vir advies betreffende die opdamming van water in rivierlope waar sodanige water nog aanwesig is.

Spesialis menings is bekom wat daarop dui dat sodanige opdamming nie sonder die nodige watergebruiklisensies of algemene magtigings moontlik sal wees nie.

## OMGEWINGSAKE

### Skaliegas-ontwikkeling

Die departement van minerale hulpbronne (DMR) het versoek dat Shell die omgewingsbestuursplanne (OBP's) wat voorheen ingedien is, te hersien.

Verbandhoudend met die versoek is die volgende spesialisstudies in reaksie op belangrike vrae wat tydens die 2011 OBP skakeling met belanghebbendes geopper is, ter voorbereiding van die omgewingsimpakstudie (EIA), sou die eksplorasieregte toegestaan word, gedoen:

- Grondwateratlas volumes 1 en 2;
- Watervoorraad fases 1 en 2;
- Afvalinventaris; en
- Kriteria vir terreinseleksie.

Shell het Golder aangestel om te help met die fasilitering van die inligtingsproses.

Golder se voorlegging is op Agri SA se webblad beskikbaar, sowel as volledige inligting oor die spesialisstudies waarna verwys is.

### Opsomming:

- Shell se aansoek vir eksplorasieregte word afgewag;
- Dit is nie vir Shell moontlik om op hierdie stadium die volledige omgewingsimpakstudie te voorsien nie, dit sal stapsgewys plaasvind na mate daar met eksplorasie/boorwerk gevorder word;
- Eksplorasie sluit nie hidrobreking in nie; en
- Afhangende van die potensiële ekonomiese ontginning van skaliegas sal Shell in beginsel bereid wees om met grondeienaars verder in onderhandeling te tree oor die hantering van die implikasies hiervan op die landbou.



### Strategiese omgewingsimpakstudie vir skaliegas-ontwikkeling

Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Biodiversiteitsinstituut (SANBI) en die Raad vir Geowetenskappe (CGS), is deur die departement van omgewingsake (DEA) aangestel om 'n strategiese omgewingsassessering (SOA) vir skaliegas-ontwikkeling in Suid-Afrika te onderneem.

Die missiestelling vir die SOA is om 'n geïntegreerde evaluerings- en besluitnemingsraamwerk te formuleer wat Suid-Afrika in staat sal stel om doeltreffende beleid, wetgewing en volhoubare toestande waaronder skaliegas-ontwikkeling kan geskied daar te stel. Die vertrekpunt vir die studie is dat die Suid-Afrikaanse regering en verskeie ander besluitnemingsinstellings, op hoëvlak verbind is tot skaliegas-eksplorasie en die bes moontlike inligting in die verband benodig.

*Afhangende van die potensiële ekonomiese ontginning van skaliegas sal Shell in beginsel bereid wees om met grondeienaars verder in onderhandeling te tree oor die hantering van die implikasies hiervan op die landbou.*

Agri SA en die Internasionale Erosiebeheervereniging van Suider-Afrika (IECA-SA) het insette gerig op die landbouhoofstuk van die SOA gemaak spesifiek met betrekking tot die moontlike impakte wat voorsien word tydens die eksplorasie- sowel as moontlike produksiefase.

Die konsep-SOA-dokumentasie sal beskikbaar gestel word vir openbare kommentaar.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Beleidskomitee voorsitter, Wayman Kritzinger, dien in die SOA se Prosesvoogdyskapsgroep (PCG).

### Regte by minerale-ontwikkeling

'n Opgedateerde konsepriglyn-dokument vir minerale-ontwikkeling, insluitende die notas van Agri SA se regsafdeling oor die vereistes waaraan 'n klasaksie moet voldoen, is opgestel en goedgekeur.

### Memorandum van verstand-houding - Kamer van Mynwese

Agri SA en die Kamer van Mynwese het konsepterme van opdrag (TOR) vir die implementering van die memorandum van verstandhouding opgestel. Die Kamer van Mynwese het die TOR aan die belangegroepe gestuur vir oorweging. Terugvoering word afgewag vanaf die Kamer van Mynwese.

### Wetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond

Die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff) het Agri SA ingelig dat die konsepwetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond (PDALB) hersien sal word. 'n Konsultant is vir hierdie doel aangestel. Agri SA het in sy hoedanigheid as lid van Besigheid-eenheid Suid-Afrika (Busa) insette gelewer rakende die instruksies aan die konsultant en het voorleggings gedoen by Nedlac rakende sekere aspekte van die wetsontwerp. Die verslag van die konsultant was verwag om teen Junie 2017 beskikbaar te wees.

Die doel met die beoogde wetgewing is om hoëpotensiaal landbougrond vir landboudoeleindes te behou. Sodanige grond word tans bedreig deur kompeterende aansprake soos die deur mynwese. Bestaande wetgewing bied nie 'n voldoende regsbasis vir landbou in hierdie verband nie.

Die Kamer van Mynwese verskil met landboubelangegroepe binne Busa oor die grondwetlikheid van PDALB. Die verskil handel hoofsaaklik oor die vetoregte van die betrokke ministers en die bevoegdhede van die onderskeie regeringsvlakke. Die Kamer van Mynwese het 'n regsmening in hierdie verband aangevra. Die regsmening sal bepalend wees oor die proses wat gevolg moet word, aangesien konsensus binne Busa ook nodig is vir onderhandelinge binne Nedlac.

Agri SA monitor die proses en sal indien nodig in eie reg regsmenings inwin.

### Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteitswet – Regulasies vir indringer spesies

Die departement van omgewingsake (DEA) is versoek om terugvoer te verskaf oor die toepassing van die Nasionale-Omgewingsbestuur: Biodiversiteitswet(NEM:BA)-regulasies. Agri Oos-Kaap het onderneem om die konsekwentheid met die uitreik van direktiewe in geval van oortredings te monitor.

Vrystaat Landbou is betrokke by 'n forum tussen Daff en DEA oor die toepassing van die regulasies vir indringer spesies. Provinsiale organisasies kan ook oorweeg om die aangeleentheid by die "*Co-ordinating Committees on Agricultural Water*" (CCAWs) bestaande uit die verskillende staatsdepartemente in die nege provinsies te berde te bring.

Die Omgewingsimpak(EIA)-regulasies plaas 'n regulatoriese en finansiële las op boere, aangesien 'n basiese evaluering van EIA's vereis word vir sekere aktiwiteite wat deel vorm van roetine-plaasbestuur.



Agri SA se riglyndokument is beskikbaar vir affiliasies se gebruik.

**Teenstrydige regsvereistes: Omgewingsimpak-regulasies tot die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, saamgelees met die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne**

Die Omgewingsimpak(EIA)-regulasies plaas 'n regulatoriese en finansiële las op boere, aangesien 'n basiese evaluering van EIA's vereis word vir sekere aktiwiteite wat deel vorm van roetine-plaasbestuur. Sekere gelyste aktiwiteite, waaronder erosiebestryding, vereis EIA's wat koste-implikasies vir alle betrokke boere impliseer.

Daar is ook 'n wetlike dilemma deurdat die Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteitswet(NEM:BA)-EIA-regulasies en Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne (CARA) teenstrydige verpligtinge op die grondeienaar plaas ten opsigte van die bestryding van bosindringing. Dié teenstrydighede maak dit onmoontlik vir die boer om aan beide stelle wetgewing te voldoen.

Agri SA het Daff genader om duidelikheid te verleen rondom die interpretasie van sekere gelyste aktiwiteite, onderhewig aan EIA's, in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA), maar wat teenstrydig met die CARA-wetgewing is. Agri SA neem tans deel aan twee sub-werkgroepe onder leiding van Daff in 'n poging om die aangeleentheid te beredder.

**Migrerende plae – muggiebeheer**

Agri SA het vertoë aan Daff gerig om goedkeuring vir 'n nasionale beheerbeleid op ministeriële vlak vir muggies en quelea, soortgelyk aan die sprinkaanbeheerbeleid daar te stel. Terugvoering wat van Daff ontvang is dui daarop dat Daff in die proses is om al die migrerende plae beheerbeleide te hersien en in lyn te bring met die Rampbestuurswet. Belangegroepe soos Agri SA sal in die proses betrek word.

'n Navorsingsprojek word deur die Waternavorsingskommissie (WNK) gerig op muggiebeheer word tans onderneem. Die Rooivleis Produsente Organisasie (RPO) is betrokke hierby.

Vertoë is aan Daff gerig om kommandowurms by die migrerende plae in te sluit.

**Interne omgewingsfonds**

Agri SA het die behoefte vir 'n omgewingsfonds by affiliasies getoets om hul by te staan met die hantering van prospekteer- en mynaansoeke. Daar is beperkte terugvoering en gemengde reaksie van affiliasies ontvang. Die Bestuurskomitee het die aangeleentheid ook oorweeg. Laasgenoemde se besluit word vir inligting aangehaal:

"*Affiliates should be asked to make provision in their respective legal funds for litigation that may arise out of exploration and mining activities or activities contemplated in this regard. To the extent that further research and surveys are required, Agri SA will request affiliates to make a financial contribution towards covering the applicable costs*."

Die beleidskomitee sal verdere riglyne in die verband oorweeg.



*'n Navorsingsprojek word deur die Waternavorsingskommissie (WNK) gerig op muggiebeheer word tans onderneem. Die Rooivleis Produsente Organisasie (RPO) is betrokke hierby.*

*Die positiewe bydrae wat die landbou tot die ekonomie asook op maatskaplike terrein lewer, vorm 'n integrale deel van die kommunikasieproses. Skakelaksies is daarop gemik om sienings oor die boer as voedsel- en veselverskaffer positief te bevorder.*



# BELEIDSKOMITEE: Kommunikasie en Beeldbou



**Carl Opperman is voorsitter van die beleidskomitee en word ondersteun deur Sandy La Marque as ondervoorsitter en Annemi Rautenbach as dagbestuurslid. Kobus Visser dien as funksionaris.**



Carl Opperman

Op aanbeveling van die komitee se dagbestuur het die Algemene Raad besluit om die komitee uit te faseer. In die toekoms sal aktiwiteite rakende kommunikasie deur die Bestuurskomitee en Algemene Raad hanteer word.

**Kommunikasiestrategie**

Netwerkverhoudings bly belangrik en word op verskeie wyses tot voordeel van die betrokke partye uitgebou. Die positiewe bydrae wat die landbou tot die ekonomie asook op maatskaplike terrein lewer, vorm 'n integrale deel van die kommunikasieproses. Skakelaksies is daarop gemik om sienings oor die boer as voedsel- en veselverskaffer positief te bevorder.

Daar word deurlopend gepoog om Agri SA se kommunikasie te verbeter. Die Algemene Raad is tevrede met hoe die tydskrif *Agri* presteer, insgelyks met die opgegradeerde Agri SA-webblad en die sosialemedia-portale (Facebook, Twitter, Instagram en LinkedIn) waarop Agri SA teenwoordig is. Die geslote e-kommunikasie-portaal (SharePoint) met affiliasies blyk effektief te wees, so ook die nuusbrief.

Dié aksies word ondersteun deur 'n strategie wat gereeld hersien word, gegewe tegnologiese en ander vereistes. Die strategie is aangepas om Agri SA se oorhoofse nuwe voorgestelde strategie te ondersteun en sal in die toekoms daarop fokus om die werk van die onderskeie beleidskomitees te bevorder. Om die strategie effektief te implementeer, het Nedbank as strategiese kommunikasievennoot toegetree en finansiële ondersteuning gebied.

**Bemarking- en befondsingstrategie**

Dié strategie het ten doel om Agri SA te vestig as 'n kredietwaardige bron van landbou-inligting, die bevordering van die Agri SA-handelsmerk en om in oorleg met die beleidskomitees projekte te identifiseer vir befondsing. Die strategie bevat riglyne oor Agri SA se benadering tot die werwing van borge, die algemene ontginning van befondsing asook die aanwending daarvan.

'n Deel van die implementering van die strategie is die inskakeling van korporatiewe lede wat sake doen in die landbouwaardeketting. Die afgelope jaar het agt korporatiewe lede by Agri SA aangesluit as deel van die Korporatiewe Kamer.

Die bemarkingsbestuurder is verantwoordelik vir die implementering en uitvoering van die strategie. In die toekoms sal daar nou saamgewerk word met die Korporatiewe Kamer om nuwe lede te werf.

**Deelname aan verskeie projekte, kongresse en konferensies**

Agri SA word gereeld genader vir deelname aan verskeie projekte, insluitend betrokkenheid by die vervaardiging van films, dokumentêre programme, om as sprekers en/of uitstallers tydens konferensies op te tree of om aan tema-spesifieke advertensieveldtogte deel te neem. Die uitnodigings word uit 'n koste-voordeel perspektief oorweeg – ook met spesifieke fokus op die uitbouing van die impak van Agri SA.

**Parlementêre skakeling**

Daar is 42 wetsontwerpe gedurende die tydperk onder oorweging deur die parlement gevoer. Hiervan was nege van die wetsontwerpe van direkte belang vir die landbousektor. Dit sluit in die Wysigingswetontwerp op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, die Wysigingswetsontwerp op Planttelersregte, die Wetsontwerp op Plantverbetering, die Onteieningswetsontwerp, die Nasionale Wetsontwerp op Veld en Bosbrande, die Nasionale Bosbou Wysigingswetsontwerp en die Wysigingswetsontwerp op Alkoholiese Produkte.

Die Onteieningswetsontwerp, wat aanvanklik deur die parlement aanvaar is, is weens gebrekkige konsultasie deur die president terugverwys. Daar is 'n Wysigingswetsontwerp op Restitusie deur 'n private lid van die parlement ingedien wat die heropening van grondeise tot 2021 beoog. Die indiening van die Wetsontwerp op die Regulering van Grondbesit in die parlement word nog afgewag. Die wetsontwerp is reeds deur die departement van landelike-ontwikkeling en grondhervorming vir kommentaar gepubliseer.

Agri SA se parlementêre verteen-woordiger het komiteevergaderings bygewoon en parlementêre verslae is op 'n gereelde grondslag aan Agri SA voorsien. Daar is spesifiek gerapporteer oor die strategiese planne en jaarverslae van staatsdepartemente en -instellings, verskillende instellings se rol in die bestuur van die gevolge van die droogte, die beheer van veesiektes, vordering met die restitusie-proses, die begrotings van verskeie staatsdepartemente, asook die uitspraak van die Grondwetlike Hof oor die opskorting van die instel van nuwe grondeise, beplande wysigings ten opsigte van die nasionale waterbeleid, die voorgestelde suikerbelasting, die krisis in die pluimveesektor en klimaatsverandering.

**Mediablootstelling**

Die monitering van Agri SA se mediablootstelling word deur Meltwater News gedoen. 'n Elektroniese verslag word daagliks ontvang en daar word ook kwartaalliks meer omvattend hieroor gerapporteer. Die agentskap Newsclip moniteer Agri SA se bedrywighede op radio en televisie. Kennisgewings

Agri SA het ook vanjaar tydens hierdie geleentheid op uitnodiging deelgeneem aan Senwes se 'Nasie in Gesprek', waartydens die uitdagings wat die landbousektor ervaar ook wye mediablootstelling geniet het.



*Agri SA se aktiwiteite op Facebook, Instagram, Twitter en LinkedIn word ook gereeld gemeet en in 'n kommunikasieverslag opgeneem. Dit blyk dat Agri SA sedert sy toetrede hiertoe in 2015 steeds groei wat gebiede van die sosialemedia betref.*

*Die Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie word deur Agri SA onderskryf. In 2016 was dit die 13de jaar dat Toyota SA dié kompetisie geborg het met 'n Toyota-bakkie as hoofprys.*

word op 'n gebeurlikheidsbasis ontvang en weekliks word 'n opsomming van die dekking ontvang in die vorm van 'n Redbook. Die terugvoering stel Agri SA in staat om te bepaal hoe wyd sy boodskap in die media gedra word.

Agri SA se aktiwiteite op Facebook, Instagram, Twitter en LinkedIn word ook gereeld gemeet en in 'n kommunikasieverslag opgeneem. Dit blyk dat Agri SA sedert sy toetrede hiertoe in 2015 steeds groei wat gebiede van die sosialemedia betref. Dié platforms is belangrik vir die herplasing van nuusgebeure om so die reikwydte daarvan te vergroot.

Soos bevestig deur onafhanklike navorsing, is Agri SA duidelik 'n gesaghebbende kommentator oor 'n wye reeks van landbou-verwante onderwerpe.



### *Agri* waarby ingelyf Die Boer/ The Farmer

Die tydskrif *Agri* is Agri SA se tweemaandelikse tydskrif. Dit verskaf inligting oor beleid, wetgewing en programme wat vir landbouers van belang is. Dit verskaf ook raad, voorligting en nuus oor aktuele gebeure aan ongeveer 28 500 boere, wat deur die onderskeie affiliasies lede van Agri SA is. Die tydskrif word regstreeks versend en word ook wyer versprei om meningsvormers en besluitnemers in te sluit. Die tydskrif word ook as 'n elektroniese blaaibloek op Agri SA se webblad gepubliseer.

*Agri* se sirkulasiesyfers word op 'n halfjaarlikse basis deur die *Audit Bureau of Circulations* (ABC) geouditeer. Die inligting dien as basis vir adverteerders om keuses uit te oefen rakende voorkeurtydskrifte vir die plasing van advertensies.

### e-Agri-nuusbrief

Die e-Agri is Agri SA se elektroniese nuusbrief. Dit bied aan 'n spektrum van lesers inligting rakende die jongste stand van aktuele landbou-aangeleenthede. Die e-nuusbrief bevat Afrikaanse en Engelse nuusitems en is ook aanlyn op Agri SA se webblad beskikbaar.

Dié formaat waarin e-Agri gepubliseer word, is algemeen goed ontvang. Dit maak voorsiening vir 'n verkorte berig met 'n "Lees meer"-opsie vir verdere inligting. Die e-nuusbrief word op verskeie ander webtuistes gepubliseer en die inhoud word wyd deur die nuusmedia benut.

### Webblad en sosialemedia

Agri SA se webblad is 'n goed funksionerende, in-tyd-platform waarop verskeie Agri SA-dokumente en bedryfsnuus gedeel word. Die droogtehulpwebblad wat gedurende 2016 ontwikkel is, is ten volle by Agri SA se webblad geïntegreer.

Die sosialemedia-platforms groei maandeliks en die Twitter-platform word as een van die top-vyf persent in die landbou-omgewing geag, met die LinkedIn-platform as die tweede gewildste.

Die Bedryfskamerkonferensie wat Agri SA gedurende Februarie aangebied het, het wye blootstelling op Agri SA se sosialemedia-platforms geniet en nagenoeg 80 000 persone bereik.

Die geslote portaal SharePoint bied slegs toegang aan geregistreerde lede-organisasies om geselekteerde inligting te bekom. Inligting en dokumente beskikbaar op die portaal word gereeld aangevul ten einde dit so intyds moontlik te hou. Beplanning word tans gedoen om die portaal as 'n ledeportaal op Agri SA se webblad te akkommodeer.

### Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie

Die Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie word deur Agri SA onderskryf. In 2016 was dit die 13de jaar dat Toyota SA dié kompetisie geborg het met 'n Toyota-bakkie as hoofprys.

Agri SA is verantwoordelik vir onder meer die koördinering van die kompetisie tussen Toyota SA en die provinsiale affiliasies van Agri SA.

Agri SA beskou die kompetisie as van groot waarde, omdat jong rol-modelle vir voornemende toetreders geïdentifiseer word, wat noodsaaklik is om die toekomstige dinamiek van die sektor te verseker.

Tydens 'n glansryke geleentheid by Avianto in Muldersdrift in Oktober 2016 is Jacques Beukes,'n tafeldruiwe-produsent van De Doorns in die Hexriviervallei, as wenner aangewys.

Die kompetisie bestaan sedert 2004 en die jaarlikse wenners was soos volg:

- 2004: Jan Grey, Agri Mpumalanga
- 2005: Johan Furstenburg, Agri Limpopo
- 2006: Pieter Nortje, Agri Oos-Kaap
- 2007: Robert De Villiers-Graaff, Agri Wes-Kaap
- 2008: JB van den Berg, Vrystaat Landbou
- 2009: Tony Da Costa, Agri Gauteng
- 2010: Jan Scheepers, Vrystaat Landbou
- 2011: Gog van der Colf, Agri Noord-Kaap
- 2012: Richard Ablort-Morgan, Agri Oos-Kaap
- 2013: Attie Stoltz, Agri Noord-Kaap
- 2014: Sakkie van Zyl, Agri Noordwes
- 2015: Anthony Goble, Kwanalu
- 2016: Jacques Beukes, Agri Wes-Kaap

## NAMPO Oesdag

Soos in die verlede het Agri SA 'n uitstalling by die NAMPO Oesdag beman. Dit bied 'n geleentheid aan Agri SA se ampsdraers en funksionarisse om individue te ontmoet en sodoende op 'n informele basis inligting uit te ruil oor Agri SA se werksaamhede.

Boere, boereleiers, akademici en verteenwoordigers van internasionale landboutentoonstellings het Agri SA se uitstalling besoek.

Agri SA het ook vanjaar tydens hierdie geleentheid op uitnodiging deelgeneem aan Senwes se 'Nasie in Gesprek', waartydens die uitdagings wat die landbousektor ervaar ook wye mediablootstelling geniet het.

## Joernalistieke kompetisie

Die doel van dié kompetisie is om erkenning te gee aan joernalistieke werk wat die beeld van die boer/landbou bevorder. Daar word met die kompetisie klem gelê op kommersiële landbou se bydrae tot boerontwikkeling, transformasie en opleiding in die landbou. Die kompetisie is 'n inisiatief van die Agri Securitas Trustfonds en word deur Landbouskrywers SA aangebied.

Die wenner van die 2016-kompetisie was Charl van Rooyen van Landbouweekblad, met die weninskrywing "Kleinjan maak boerderygeskiedenis."

Soos in die verlede het Agri SA 'n uitstalling by die NAMPO Oesdag beman. Dit bied 'n geleentheid aan Agri SA se ampsdraers en funksionarisse om individue te ontmoet en sodoende op 'n informele basis inligting uit te ruil oor Agri SA se werksaamhede.



## Internasionale skakeling

| Agri SA was by verskeie internasionale skakelgeleenthede betrokke, wat onder meer die volgende ingesluit het: | | |
|---|---|---|
| 4 Mei 2016<br>Livingstone, Zambië | World Farmers' Organisation (WFO), algemene vergadering | Johannes Möller<br>Omri van Zyl |
| 23 Mei 2016<br>Manzini, Swaziland | Suider-Afrikaanse Konfederasie van Landbou-unies (SACAU), algemene jaarvergadering | Christo van der Rheede |
| 5 Oktober 2016<br>Windhoek, Namibië | Namibiese Landbou-unie, kongres | Johannes Möller<br>Omri van Zyl |
| 27 Oktober 2016<br>Harare, Zimbabwe | Commercial Farmers' Union of Zimbabwe, kongres | Johannes Möller<br>Willie Jacobs |
| 24 November 2016<br>Gaborone, Botswana | Botswana Investment & Trade Centre (BITC), konferensie | Omri van Zyl |
| 23 Januarie 2017<br>Italië, Rome | World Farmers' Organisation (WFO), Raad van Ouditeure-vergadering | Omri van Zyl |
| 4-7 April 2017<br>Swaziland,<br>Ezulwini | Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG), vergadering van ministers van arbeid en werksgeleenthede | Elize van der Westhuizen |

## Ander skakelaksies

Die Direktoraat Korporatiewe Skakeling was verantwoordelik vir die volgende aksies/geleenthede wat deur die loop van die jaar plaasgevind het:

- Koördinering van inligtingsgeleenthede en besoeke van internasionale en plaaslike gaste;
- Agri SA se jaarkongres en Bedryfskamerkonferensie;
- Agri SA se korporatiewe klerereeks;
- Koördinering van Agri SA se jaarverslag; en
- Bywoning van landbougerigte uitstallings en geleenthede.

*Die Trustfonds is daarop gerig om finansiële hulp aan boerdery-gemeenskappe beskikbaar te stel, ten einde die veiligheid van sodanige gemeenskappe te verbeter.*



# PROJEKTE: Agri Securitas Trustfonds



**Die Raad van die Agri Securitas Trustfonds funksioneer onder voorsitterskap van Japie Grobler, Kobus Visser is die funksionaris.**



Japie Grobler

Die Agri Securitas Trustfonds beywer hom vir 'n veiliger landelike omgewing deur plaaslike beveiligingsprojekte te ondersteun. Verbandhoudende projekte is gerig op voorkomende maatreëls sowel as nasorg.

Die Trustfonds is daarop gerig om finansiële hulp aan boerderygemeenskappe beskikbaar te stel, ten einde die veiligheid van sodanige gemeenskappe te verbeter.

'n Belangrike aspek met die oorweging van die befondsing van projekte is die samewerking wat tussen die plaaslike gemeenskap en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) bestaan. Alle projekte wat ondersteun word, moet ook binne die wetlike raamwerk en institusionele werkwyse bedryf word. Aangesien die Trustfonds nie oor uitvoerende kapasiteit beskik nie, voer hy sy mandaat uit deur middel van ander organisasies, soos byvoorbeeld boereverenigings.

## Ontstaan van die Trustfonds

Die Trustfonds is ná die Spitsberaad oor Plattelandse Veiligheid op 10 Oktober 1998 deur Agri SA in die lewe geroep.

## Trustakte

Die Trustakte maak voorsiening vir 'n Raad van Trustees wat uit nie meer as 12 lede mag bestaan nie. As 'n algemene riglyn by die aanstelling van trustees word die bestaande professionele werkstatus van kandidate in ag geneem.

Gedurende die verslagjaar het Chris du Toit as trustee bedank. Omri van Zyl en Tharina Rossel is as vervangende trustees in die raad opgeneem en volgens die Meester van

*Reformanda Beradingsdienste is vir die afgelope tien jaar aktief betrokke by die verskaffing van landwye beradingsdienste aan landbougemeenskappe.*



die Noord-Gautengse Hooggeregshof in terme van artikel 6(1) van die Wet op die Beheer van Trustgoed gemagtig om as trustees van die Trustfonds op te tree. Japie Grobler is weer eenparig tot voorsitter herkies vir 'n termyn van drie jaar.

Die raad het verskeie wysigings aan die bestaande Trustakte oorweeg wat deur Agri SA se regsafdeling voor inkorporering in die bestaande akte nagegaan sal word.

### Finansiële verslagdoening

Die Trustfonds het 'n ongekwalifiseerde verslag van sy ouditeure ontvang.

Die Raad is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state. Die Ouditkomitee, onder die voorsitterskap van dr Chris Wentzel, het hom daarvan vergewis dat die Trustfonds as 'n lopende onderneming kan voortgaan. Die raad is verantwoordelik vir die goedkeuring van die state en het sy waardering teenoor die Ouditkomitee uitgespreek.

## PROJEKTE DEUR DIE TRUSTFONDS GEFINANSIER

Die Trustfonds was sedert sy ontstaan by die finansiering van verskeie projekte betrokke, wat die volgende insluit: kamera-stelsels, voorsiening van radio-kommunikasiestelsels, oprigting van valhekke, verskaffing van landelike-beveiligingstoerusting, befondsing van navorsing oor motiewe vir plaasaanvalle, ondersteuning aan veiligheidslessenaars wat deur provinsiale organisasies bedryf word en traumaberading.

Gedurende die verslagtydperk het die Trustfonds die volgende projekte finansieel ondersteun:

### Nasionaal

**Reformanda Beradingsdienste**

Reformanda Beradingsdienste is vir die afgelope tien jaar aktief betrokke by die verskaffing van landwye beradingsdienste aan landbougemeenskappe. Individuele beradingsessies vind ook ná afloop van werkwinkels plaas. Vanjaar is daar ook berading verskaf aan plaaswerkers wat ná plaasaanvalle erg getraumatiseerd was.

Daar word telkemale dank uitgespreek teenoor die Trustfonds vir die finansiële ondersteuning, asook teenoor Agri SA vir die inisiatief wat geneem word om die landbougemeenskap te help om tersaaklike trauma te verwerk. Die sukses van die traumawerkwinkels is daarin geleë dat landbougemeenskappe wat nie naby ondersteunende dienste is om

Daar word telkemale dank uitgespreek teenoor die Trustfonds vir die finansiële ondersteuning, asook teenoor Agri SA vir die inisiatief wat geneem word om die landbougemeenskap te help om tersaaklike trauma te verwerk.



hul emosionele probleme aan te spreek nie, nou van die dienste van Reformanda gebruik kan maak.

**Agri SA se Landelike Beveiligingskomitee**
Dié komitee se beleidsoptrede is daarop gemik om die veiligheidsposisie van betrokkenes te verbeter en om die veiligheidsituasie van boerderygemeenskappe te bevorder. Hierdie ideaal kan slegs verwesenlik word indien omstandighede, insluitend die veiligheidsomgewing, bevorderlik is vir die daarstelling van 'n winsgewende en veilige landbousektor. Agri SA se Landelike Beveiligingskomitee fokus op 'n beleidsomgewing waarbinne landelike veiligheid bevorder kan word. Die Trustfonds maak 'n finansiële bydrae tot die funksionering van die werksaamhede van die komitee.

**Agri SA Transformasie-kommunikasieprojek** Agri SA het 'n verantwoordelikheid om op die gebied van transformasie sy insette te verbreed. Dit is nie slegs noodsaaklik, uit 'n politieke, ekonomiese en maatskaplike oogpunt nie, maar ook omdat Agri SA se affiliasies – en veral bedryfsorganisasies – betekenisvolle verteenwoordiging van swart boere in hul ledebasisse het. Sodanige boere kan regmatig aanspraak maak op deelname in strukture op nasionale vlak.

Die Raad het weereens sy bydrae tot Agri SA vir die bevordering van transformasie-kommunikasie in oënskou geneem en by Agri SA aanbeveel dat 'n meer gefokusde benadering tot die projek gevolg behoort te word.

In praktyk is Agri SA se Landbou-ontwikkelingskomitee spesifiek gemoeid met die transformasie-dimensie daarvan. Die Trustfonds maak ook 'n finansiële bydrae tot hierdie inisiatief via die deurlopende ondersteuning wat die Trustfonds van Sanlam ontvang.



**Provinsiale projekte ondersteun**
Die afgelope jaar is die volgende projekte na aanleiding van versoeke deur provinsies finansieel ondersteun:

**KWAZULU-NATAL**
In dié provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- **Utrecht Boerevereniging**
  Aankoop van nagsigtoerusting: Algemene misdadigheid is hoog weens toenemende werkloosheid. Die grootste probleem is veediefstal en die gebied val onder die drie polisiestasies met die hoogste voorkoms van veediefstal in die land. Die toerusting sal gebruik word in die bekamping van veediefstal.
- **Umvoti Landbouvereniging**
  Kamerastelsel: Die gemeenskap het verskeie uitdagings wat hulle die afgelope tyd moes hanteer, insluitend misdaad en protesoptrede. Om die uitdagings die hoof te bied, is 'n kamerastelsel vir nommerplaat-erkenning in die gebied geïnstalleer om veiligheidsbedreigings pro-aktief te monitor.

**VRYSTAAT**
In dié provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- **Groenebloem Boerevereniging** Batteryherlaaier: Algemene misdadigheid kom in die gebied voor, veral veediefstal, die diefstal van herhalertoerusting en landbou-insette. Plaasaanvalle kom ook in die gebied voor en weens die diefstal van sonpanele is aansoek gedoen vir 'n windlaaier om batterye van herhalers te laai.
- **Greenlands Boerevereniging** Veiligheidstoerusting: Die gemeenskap het 'n veiligheidstelsel geïmplementeer, waarvan 'n groot gedeelte deur lede self gefinansier is. Om die stelsel ten volle te implementeer, is veiligheidstoerusting soos koeëlvaste baadjies beskikbaar gestel.
- **Vrystaat Landbou Veiligheidslessenaar** 'n Veiligheidslessenaar is op die been gebring om kritiese veiligheidsinligting in te samel, misdaadtendense te bepaal, die implementering van die Landelike Beveiligingstrategie te monitor en die persoonlike veiligheid van lede te bevorder.
- **Vrystaat Landbou** Integriteitskeuringdatabasis: Vrystaat Landbou se Veiligheids-lessenaar beoog 'n loodsprojek in die Vrystaat om deur middel van die databasis alle werkers en bewoners se inligting op plase op 'n gesentraliseerde en gerekenariseerde stelsel te plaas. Met die stelsel word beoog om inligting ten opsigte van vorige veroordelings en arrestasies van persone wat om werk sou aansoek doen op die databasis te plaas.
- **Frankfort Distrikslandbou-unie** Veiligheidstoerusting: Die geografiese gebied beslaan 'n groot oppervlakte, wat dit moeilik maak om misdaad effektief te bekamp. Dit is hoofsaaklik veediefstal wat in die gebied voorkom en 'n veiligheidsplan is in werking. Om die veiligheidsplan suksesvol te implementeer, is veiligheidstoerusting soos koeëlvaste baadjies en verkykers beskikbaar gestel.
- **Marquard Distrikslandbou** Toerusting vir beheerkamer en oprigting van kameras: Die misdade wat hoofsaaklik in die gebied voorkom, is veediefstal, huis-inbrake, gewone diefstal, voertuigdiefstal, moord en aanrandings. Kameras is op strategiese toegangsroetes opgerig, asook herhalers om by te dra tot die beveiliging van die gebied en die meer effektiewe implementering van die Landelike Beveiligingsplan.

## OOS-KAAP

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Buffelshoek Landbou-vereniging** Kamerastelsel: Veediefstal is die hoofmisdaad wat gepleeg word deur goed georganiseerde sindikate. Kameras sal op strategiese roetes aangebring word om toegang in die gebied te monitor en as afskrikmiddel teen misdaad te dien.

Vrystaat Landbou se Veiligheidslessenaar beoog 'n loodsprojek in die Vrystaat om deur middel van die databasis alle werkers en bewoners se inligting op plase op 'n gesentraliseerde en gerekenariseerde stelsel te plaas.



*Die fokus van die Landboujoernalis van die Jaar-kompetisie val op joernalistieke werk wat veral konsentreer op kommersiële boere se ondersteuning aan die ontwikkeling van swart opkomende boere.*

**NOORDWES**

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Hartbeesfontein Landbouvereniging** Kamerastelsel: Misdaad kom gereeld in die gebied voor en veediefstal is stelselmatig besig om in omvang toe te neem. Die diefstal van omheiningmateriaal, landbou-insette en -produkte, kabeldiefstal en skroot vind op 'n gereelde basis plaas. Inbrake by wonings en store en die diefstal van voertuie en trekkers vind sporadies plaas. 'n Kamerastelsel word in die gebied geïmplementeer om toegang te monitor.

**AGRI NOORD-KAAP**

In dié provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- **Agri Colesberg** Oprigting van herhaler: Die N1 loop deur 'n groot gedeelte van die distrik, wat 'n rol speel in die voorkoms van veediefstal met veediewe afkomstig uit ander gebiede. Weens die bergagtige terrein is kommunikasie 'n probleem, met min selfoon-opvangs op baie plase. Om die probleem op te los, is 'n herhaler opgerig om kommunikasie te bevorder.
- **Agri Kuruman** Kamerastelsel: 'n Toename in werkloosheid, weens aflegging by myne in die gebied, raak die veiligheidsituasie negatief. Die gebied word geteister deur veediefstal, die diefstal van enjins, sonpanele en huisinbrake kom gereeld voor. 'n Kameranetwerk word geïmplementeer om beweging in die gebied te monitor en as afskrikmiddel teen misdaad te dien.
- **Hartsvaal Boerevereniging** Kamerastelsel: Misdade soos inbrake by wonings, plaaswinkels, diefstal van plaasinfrastruktuur, asook veediefstal, is aan die orde van die dag. Baie van die misdaad word gepleeg uit die aangrensende gebiede. Om die gebied veiliger te maak, beplan die boerevereniging om drie kameras op toegangsroetes na die gebied op te rig.

### Prestige Sportaand

OFM en die onderskeie borge (Afgri, Senwes en NWK) van die Prestige Sportaand het besluit om nie gedurende die verslagjaar voort te gaan met die aanbied van die funksie nie. Die borge en OFM het besluit om hulle borgskap van die funksie direk aan die Trustfonds te bewillig. Die oorhandiging van die tjek het saamgeval met Agri SA se informele funksie gedurende sy jaarkongres in Oktober 2016.

### Landboujoernalis van die Jaar

Die fokus van die kompetisie val op joernalistieke werk wat veral konsentreer op kommersiële boere se ondersteuning aan die ontwikkeling van swart opkomende boere. Die kompetisie word deur Landbouskrywers SA aangebied en word ondersteun deur die Agri Securitas Trustfonds. Santam Landbou was soos in die verlede die borg van die kompetisie.

Die kompetisie is vir die sewende keer aangebied en Charl van Rooyen, 'n joernalis van Landbouweekblad, is as die wenner aangewys.


Die kompetisie bestaan sedert 2010 en die vorige wenners was:

- 2010: Lisa Bohlmann (Dairy Mail)
- 2011: Lindie van Rooyen (Farmer's Weekly)
- 2012: Denene Erasmus (Farmer's Weekly)
- 2013: Martie Willemse (No-Line Produksies)
- 2014: Denene Erasmus (Farmer's Weekly)
- 2015: Nan Smith (Farmer's Weekly)
- 2016: Charl van Rooyen (Landbouweekblad)

### Die Trustfonds se vennote

Sanlam, Alisom, Nissan SA, Sonfin en CrisisOnCall is die vennote van die Trustfonds. Hulle maak op 'n deurlopende basis finansiële bydraes tot die fonds. Hierdie strategiese vennootskappe stel die Trustfonds in staat om voort te gaan om 'n pro-aktiewe rol in landelike veiligheid te speel. Die voorsitter van die Trustfonds en medetrustees het besondere waardering vir hierdie maatskappye se meelewing en voortgesette betrokkenheid by die veiligheid van die boere-gemeenskap.

# Organogram Agri SA




## ONDERSTEUNINGSFUNKSIE

Jana Robinson
- Johannes Möller
- Dan Kriek
- Phenias Gumede
- Henk van Wyk
- Harry Prinsloo
- Omri van Zyl

Ellen van Niekerk
- Willie Jacobs
- Reis reëlings
- Agri Gauteng

Jurita van Zyl
- Christo van der Rheede
- HR
- Annelize Crosby
- Requier Wait
- Jahni de Villiers

Cynthia Mmela
- Ontvangs
- Ondersteuning aan SvU

Anneke Roux
- Kobus Visser
- Kommunikasie Bestuurder
- Annemi Mennen
- Janse Rabie
- Pietman Roos
- Thea Liebenberg

## AANTAL PERSONEEL

| | |
|---|---|
| Permanente personeel | 28 |
| Kontrakteurs* | 5 |
| Vakant | 2 |

# Personeel

Die personeelkorps staan tans op 28 permanente werkers. Die volgende personeellede het pakkette aanvaar en het Agri SA verlaat: Johan Pienaar, Nic Opperman, Martha Lushaba en Elize van der Westhuizen. Johan Pienaar, Nic Opperman en Martha Lusaba het Agri SA op 30 April 2017 verlaat en Elize van der Westhuizen op 31 Mei 2017. Amos Mabunda, het Agri SA se diens verlaat op 18 Julie 2017, hy is opgevolg deur Abel Ngomane.

Livhu Ngwekhulu het Agri SA se diens verlaat aan die einde van Augustus 2017.

Theo Boshoff het Agri SA se diens verlaat in Februarie 2017 en Yolisa Mfaise is as regsadviseur in sy plek aangestel.

Janse Rabie is aangestel as hoof natuurlike hulpbronne in die plek van Nic Opperman. Jahni de Villiers is in die plek van Elize van der Westhuizen aangestel. Die posisie van hoof van ekonomie en handel word deur Requier Wait gevul. Die aanstelling van 'n kommunikasiebestuurder is tans in proses.

Individue wat op kontrakbasis was wat permanent aangestel is, is Annelize Crosby in die posisie van hoof van landbou-ontwikkeling, Gregory Smith as navorsingsassistent en Jurita van Zyl as persoonlike assistent van die adjunk-uitvoerende direkteur.

Marieke Oberholzer is as kontrakteur aangestel in die posisie van konsultant: menslike hulpbronne.

'n Nuwe posisie van hoof waarde-ketting bestuurder is geskep om om te sien na bedrywe sowel as korporatiewe lede. Pietman Roos is in die posisie aangestel.

Deur die finansiële ondersteuning van die Sasol Trust kon Agri SA twee internskappe skep, een elk by arbeid en transformasie asook ekonomie en handel.

Senwes het ooreengekom om Agri SA se Risikolessenaar finansieel vir 'n tydperk van twee jaar te ondersteun.

## IN MEMORIAM

Agri SA bring hulde aan lede wat oor die afgelope jaar heengegaan het en betuig sy innige meegevoel met hulle naasbestaandes.

Agri SA wil spesiaal melding maak van landbouers, hulle gesinslede en plaaswerkers wat die afgelope jaar as gevolg van geweldsmisdade gesterf het. Die organisasie wil die naasbestaandes van sy opregte meegevoel verseker.



We develop the South African Agriculture Industry | Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie

# Eretoekennings

**Erepresidente**

2009: Mnr L L (Lourie) Bosman
2005: Mnr J E (Japie) Grobler
2001: Mnr C J (Chris) du Toit
1996: Mnr J J (Boet) Fourie
1991: Mnr J (Nico) Kotze
1989: Mnr J A (Kobus) Jooste
1985: Mnr J (Jaap) Wilkens
1973: Dr De la Harpe de Villiers
1956: Dr G J (Giepie) Rossouw

**Erevise-Presidente**

1980: Mnr A J (Albert) Basson
1972: Mnr J F (Jannie) van Wyk
1966: Mnr J G (Kobus) Grobler

**Eretoekennings by wyse van oorkondes**

2016: Mnr L (Louw) Steytler
Mnr S F (Simon) Streicher
Mnr S (Salam) Abram
2015: Mnr C W P (Cor) Jansen van Vuuren
Mnr H B (Hennie) Laas
Mnr J H (Harry) Prinsloo
Prof M (Mohammad) Karaan
Mnr J F (Hans) van der Merwe
2014: Mnr P P J (Johan) van Rensburg
Mnr C K (Neels) Ferreira
Me L (Lillibeth) Moolman
Dr L (Leon) van Rooyen
Me N (Ntombi) Msimang – Postuum
2013: Mnr L (Louw) Steytler
Mnr J A (Kosie) Loubser
Mnr A P (André) Botha
Mnr R K (Robert) Barnsley
2012: Mnr W J (Wessel) van der Merwe
Mnr A (Andries ) Beyers
Mnr J A (Koos) Pienaar
2011: Mnr C (Stoffel) Lombard
Mnr C J (Cerneels) Pietersen
2009: Mnr J E (Edward) Vorster
Mnr A C (Christof) Cloete
2008: Mnr H F (Koos) van Zyl
Mnr P J (Philé) van Zyl
Mnr J (Koot) Claassen
Sanlam
Vodacom
2007: Mnr P W (Pieter) Möller
Mnr W (Willie) Auret – Postuum
2006: Mnr H J (Bully) Botma
Dr J G (John) Williams
Mnr M W (Walter) Ntuli
Mnr P C P (Pieter) Meyer
Mnr A F (Riaan) van Wyk
Dr N (Neil) Theron - Postuum
2005: Mnr H J (Bully) Botma
Mnr I J (Izak) van der Merwe
Mnr W (Wilco) Beukes
Mnr J L (Jan) van der Walt
Barloworld Motor
2004: Mnr W A (Willie) Fourie
Mnr J J (Kiewiet) Ferreira
Vrystaat Landbou (Eeufees)
T&E FinOps
2003: Mnr H (Bokkie) van der Merwe
Mnr B P (Pieter) Erasmus
Mutual & Federal
Smartcom
Total SA
Land Bank
ABSA
Omnia
2002: Mnr J E (Japie) Grobler
Mnr C B (Bertie) van Zyl
Nissan SA
2001: Mnr G J (Giel) van Zyl
1998: Mnr C G (Charles) van Veijeren
Mnr C J (Cerneels) Claassen
Suid-Afrikaanse Droëvrugtekoöperasie (SAD)
1997: Transvaalse Landbou-unie (Eeufees)
1996: Mnr F J (Fanie) Hugo
Dr A I (Kraai) van Niekerk
1995: Mnr P H (Piet) Swart
Mnr G S (Gert) Bosch
1991: Mnr A B (Andries) van der Merwe
Dr A S (Japie) Jacobs
Natalse Landbou-unie (Eeufees)
1990: Mnr J E (Francis) Krone
1988: Mnr J J M J (Jan) van Vuuren
Mnr T D de K (Theunis) Pienaar
Dr A J (André) du Toit
1987: Mnr H J S (Hendrik) Schoeman
1985: Mnr D C (Donald) Sinclair
Mnr F P R (Frans) van Wijk
Mnr L C R (Louis) Bührman
Mnr C J P (Chris) Cilliers

**Eretoekennings by wyse van goue lapelwapen**

| | |
|---|---|
| 2016: | Mnr L (Louw) Steytler |
| | Mnr S F (Simon) Streicher |
| | Mnr S (Salam) Abram |
| 2015: | Prof M (Mohammad) Karaan |
| | Mnr J F (Hans) van der Merwe |
| 2014: | Mnr P P J (Johan) van Rensburg |
| | Mnr W (Wiehahn) Victor |
| | Dr L (Leon) van Rooyen |
| | Mnr C J (Chris) du Toit |
| | Mnr J J (Boet) Fourie |
| 2013: | Mnr L (Louw) Steytler |
| | Mnr J A (Kosie) Loubser |
| | Mnr A P (André) Botha |
| | Mnr R K (Robert) Barnsley |
| 2012: | Mnr J D (Johannes) Möller |
| | Mnr I (Izak) van der Merwe |
| | Mnr C K (Neels) Ferreira |
| | Mnr J E (Japie) Grobler |
| | Mnr L L (Lourie) Bosman |
| | Mnr W J (Wessel) van der Merwe |
| | Mnr A (Andries ) Beyers |
| | Mnr J A (Koos) Pienaar |

## SAMESTELLING VAN DIE KONGRES

Binne die struktuur van Agri SA berus die hoogste gesag by die kongres wat gedurende die verslagjaar soos volg saamgestel is:

## AMPSDRAERS

President

Adjunk-presidente

Voorsitter van Agri SA se Algemene Sakekamer

Voorsitter van Agri SA se Bedryfskamer

## AGRI SA ALGEMENE SAKEKAMER (67)

| | |
|---|---|
| Vrystaat Landbou | 13 |
| Agri Wes-Kaap | 12 |
| Agri Noord-Kaap | 11 |
| Agri Oos-Kaap | 9 |
| Kwanalu | 8 |
| Agri Noordwes | 7 |
| Mpumalanga Landbou | 3 |
| Agri Gauteng | 2 |
| Agri Limpopo | 2 |

## AGRI SA BEDRYFSKAMER (53)

**Akkerbou**

| | |
|---|---|
| Graan Suid-Afrika | 14 |
| Suid-Afrikaanse Suikervereniging | 4 |
| Tabakinstituut van Suider-Afrika | 2 |
| Droëbone Produsente Organisasie | 1 |
| Katoen Suid-Afrika | 1 |
| Forestry South Africa Medium Grower's Group | 1 |

**Diereproduksie**

| | |
|---|---|
| Melkprodusente-organisasie | 5 |
| Rooivleis Produsente Organisasie | 3 |
| Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid-Afrika | 2 |
| SA Varkvleisprodusente-organisasie | 2 |
| Wildbedryf SA | 2 |
| Suid-Afrikaanse Sybokhaarkwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Volstruisbesigheidskamer | 1 |

**Tuinbou**

| | |
|---|---|
| Suid-Afrikaanse Vrugtebedryf | 4 |
| Vinpro | 3 |
| Suid-Afrikaanse Tafeldruifindustrie | 2 |
| Tamatieprodusente-organisasie | 2 |
| Suid-Afrikaanse Knoffelkwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Kwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Subtropiese Kwekersvereniging | 1 |



# Strukture waarin Agri SA verteenwoordiging geniet

Agri SA het verteenwoordiging in talle amptelike strukture en strukture van die private sektor.

| AMPTELIKE STRUKTURE | Verteenwoordiger/koördineerder |
|---|---|
| AgriSEB-handvesraad<br>SEB Adviesraad | Johan Pienaar & Christo van der Rheede<br>Christo van der Rheede |
| AgriSETA | Jack van Dyk<br>Jacomien de Klerk<br>Christo van der Rheede |
| Departement van Arbeid<br>• Child Labour Action Programme Implementation Committee (CLAPIC)<br>• Occupational Health and Safety Advisory Council (ACOHS)<br>• Towards Elimination of Child Labour (TECL) | <br>Elize van der Westhuizen & Jahni de Villiers<br>Elize van der Westhuizen & Jahni de Villiers<br>Elize van der Westhuizen & Jahni de Villiers |
| Departement in die Presidensie<br>• Prestasiemonitering en evaluasie - Werkgroep oor Landelike-ontwikkeling (Uitkoms 7) | <br>Omri van Zyl |
| Departement van landbou, bosbou en visserye (Daff)<br>• National Agriculture Disaster Risk Management Committee (NADRMCO)<br>• Nasionale Droogte taakspan<br>• Fire Working Group<br>• Forum vir Hoof Uitvoerende Beamptes in die Landbousektor (CEO Forum)<br>• Landbouhandelsforum (LHF)<br>• Nasionale Landbounavorsingsforum (NARF)<br>• Nasionale Dieregesondheidsforum<br>• Nasionale Landbou-onderwys en Opleidingforum<br>• Minster se diensleweringforum<br>• Landbou Phakisa | <br>Johan Pienaar & Hamlet Hlomendlini<br>Johan Pienaar & Hamlet Hlomendlini<br>Nic Opperman & Janse Rabie<br>Omri van Zyl<br>Hamlet Hlomendlini<br>Niël Joubert<br>Martina Benadé<br>Dr Fanie Terblanche<br>Christo van der Rheede<br>Christo van der Rheede |
| Adjunk-president se kantoor<br>• Vulnerable Workers' Forum | <br>Elize van der Westhuizen & Jahni de Villiers |
| International Erosion Control Association South Africa (IECA-SA) | Nic Opperman & Janse Rabie |
| Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (NEDLAC)<br>• Arbeidsmarkkamer<br>• Handel-en-Nywerheidskamer | <br>Elize van der Westhuizen & Jahni de Villiers<br>Hamlet Hlomendlini |
| Nasionale Prioriteitskomitee oor Landelike Beveiliging (JOINTS) | Kobus Visser |
| Departement van samewerkende regering en tradisionele sake (CoGTA)<br>• Nasionale Rampbestuur Adviesforum (NDMAF) | <br>Johan Pienaar & Hamlet Hlomendlini |
| Waternavorsingskommissie (WNK) | Nic Opperman & Janse Rabie |

| PRIVAAT STRUKTURE | Verteenwoordiger/koördineerder |
|---|---|
| AfricaBio | Nic Opperman & Janse Rabie |
| Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa)<br>• Direksie – alternatiewe direkteur<br>• Ekonomiese- en Handelsbeleidkomitee<br>• Maatskaplike Beleidskomitee<br>• Omgewingsake-werkgroep | <br>Omri van Zyl<br>Johan Pienaar & Hamlet Hlomendlini<br>Elize van der Westhuizen & Jahni de Villiers<br>Nic Opperman & Janse Rabie |
| Eskom<br>• Landbou-tegniese werkgroep | <br>Johan Pienaar & Hamlet Hlomendlini<br>Nic Opperman & Janse Rabie |
| Landbousektorvoorsorgfonds | Elize van der Westhuizen & Jahni de Villiers<br>Boeta du Toit |
| Agri-sector Unity Forum (Asuf) | Phenias Gumede<br>Johan Pienaar (sekundes) |
| Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel & Nywerheid (SACCI)<br>• Koperdiefstal-werkgroep | <br>Kobus Visser |
| Nasionale Veediefstalforum | Sarel Pretorius |
| Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee vir Besproeiing en Dreinering (SANCID) | Nic Opperman & Janse Rabie |
| Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee oor Groot Damme (SANCOLD) | Nic Opperman & Janse Rabie |
| Strategic Water Partners Network Forum (SWPN) | Nic Opperman & Janse Rabie |

| INTERNASIONALE STRUKTURE | Verteenwoordiger/koördineerder |
|---|---|
| CAIRNS-Groep Boereleiers | Johannes Möller |
| Suid-Afrikaanse-tak van die Internasionale Kamer van Koophandel & Nywerheid | Omri van Zyl |
| Suider-Afrikaanse Konfederasie van Landbou-unies (SACAU) | Dr Theo de Jager |
| World Farmers' Organisation (WFO) | Johannes Möller |

VERKORTE FINANSIëLE STATE VIR DIE JAAR 2016/2017

# Staat van finansiële posisie op 30 April 2017

| | Aantekening | 2016/2017 | 2015/2016 |
|---|---|---|---|
| Ekwiteit en Aanspreeklikhede | | | |
| KAPITAAL EN RESERWES | 1 | 220 679 247 | 235 008 209 |
| | | **220 679 247** | **235 008 209** |
| Aanwending van Kapitaal | | | |
| NIE-BEDRYFSBATES | 2 | 42 097 625 | 42 146 847 |
| BELEGGINGS EN LENINGS | 3 | 177 750 921 | 193 134 829 |
| NETTO BEDRYFSBATES | | 830 701 | (273 467) |
| Bedryfsbates | 4 | 5 739 467 | 5 749 708 |
| Bedryfslaste | 5 | (4 908 766) | (6 023 175) |
| | | **220 679 247** | **235 008 209** |

## Aantekeninge tot die Finansiële State van 30 April 2017

| | 2016/2017 | 2015/2016 |
|---|---|---|
| 1 Kapitaal en Reserwes | 220 679 247 | 235 008 209 |
| - Reserwes | 25 833 660 | 35 115 249 |
| - Opgehoopte inkomste | 194 845 587 | 199 892 960 |
| 2 Nie-Bedryfsbates | 42 097 625 | 42 146 847 |
| - Vaste eiendom | 41 102 270 | 41 102 270 |
| - Motorvoertuie | 64 078 | 64 078 |
| - Meubels en toebehore | 515 277 | 513 437 |
| - Kantoortoerusting | 63 270 | 65 238 |
| - Rekenaartoerusting | 205 875 | 214 154 |
| - Elektroniese toerusting | 136 595 | 177 410 |
| - Handelsmerk | 10 260 | 10 260 |
| 3 Beleggings en Lenings | 177 750 921 | 193 134 829 |
| Beleggings in aandele | 141 534 | 134 895 |
| Beleggings in Old Mutual | 361 | 1 390 |
| Beleggings in Sanlam Multi Management Int | 177 609 026 | 192 998 544 |
| 4 Bedryfsbates | 5 739 467 | 5 749 708 |
| Debiteure | 4 199 174 | 3 810 593 |
| Kontant en kontantekwivalente | 1 512 293 | 1 911 115 |
| Voorraad | 28 000 | 28 000 |
| 5 Bedryfslaste | 4 908 766 | 6 023 175 |
| Krediteure | 3 602 001 | 3 452 178 |
| Voorsienings | 1 194 284 | 1 273 077 |
| Ander laste | 112 481 | 1 297 920 |

## Agri SA Uitgebreide Inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 April 2017

| | 2016/2017 | 2015/2016 |
|---|---|---|
| **AGRI SA ADMINISTRASIE** | | |
| Inkomste | 29 270 296 | 32 863 852 |
| Min : Uitgawes | (35 363 124) | (29 877 972) |
| Bedryfsurplus / (Tekort) | (6 092 828) | 2 985 880 |
| **AGRI TYDSKRIF** | | |
| Inkomste | 4 731 971 | 6 432 158 |
| Min : Uitgawes | (5 013 017) | (6 002 915) |
| Bedryfsurplus / (Tekort) | (281 046) | 429 243 |
| **RADIODIENSTE** | | |
| Inkomste | - | - |
| Min : Uitgawes | - | (76 500) |
| Bedryfsurplus / (Tekort) | - | (76 500) |
| **INKWAZI GEBOU** | | |
| Inkomste | 4 440 792 | 4 390 844 |
| Min : Uitgawes | (3 790 703) | (3 391 997) |
| Bedryfsurplus / (Tekort) | 650 089 | 998 847 |
| Inkomstebelasting terugbetaling | 676 413 | - |
| Netto surplus / (Tekort) | 1 326 502 | 998 847 |
| **TOTALE SURPLUS / (TEKORT)** | **(5 047 372)** | **4 337 470** |

## Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 April 2017

| | 2016/2017 | 2015/2016 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | (5 316 006) | 5 680 432 |
| Kontant ontvang van klante | 31 060 955 | 36 810 593 |
| Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | (43 893 783) | (38 017 641) |
| Kontant gebruik vir bedryfsaktiwiteite | (12 832 828) | (1 207 048) |
| Rente en dividende inkomste | 7 516 822 | 6 888 087 |
| Finansieringskoste | - | (607) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | 6 102 623 | (5 758 541) |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | (1 840) | (169 672) |
| Byvoegings tot beleggingseiendom | - | (30 400) |
| Verkoop van eiendom, toerusting | 2 799 | - |
| Beweging in finansiële bates | 6 101 664 | (5 558 469) |
| **Kontantvloei uit finansiële aktiwiteite** | | |
| Beweging in ander laste | (1 185 439) | 750 191 |
| Totale kontantbeweging vir die jaar | (398 822) | 672 082 |
| Kontant aan die begin van die jaar | 1 911 115 | 1 239 033 |
| **Totale kontant aan die einde van die jaar** | **1 512 293** | **1 911 115** |





# AgriSETA – we're for **skills development**

At AgriSETA we are serious about **skills development** across the **agricultural sector**. Whether you're an adult looking for opportunities to **expand your skills base** or a **student** ready to pursue a career in farming, we have a programme that is sure to satisfy your **thirst for knowledge**:



- **Adult Education and Training (AET)** – the general conceptual foundation toward lifelong learning and development.
- **Bursaries** – a programme for learners who require tuition (full- or part-time) at a college, university of technology or a university in order to achieve a formal qualification, e.g. a certificate, diploma or degree.
- **Internships and workplace experience** – a programme for learners completing a qualification that requires the learner to have a certain amount of work experience in order to achieve the qualification and/or professional registration.
- **Learnerships and new venture creation** – a learnership is a vocational education and training programme, combining theory and practice and culminating in a qualification that is registered with SAQA.
- **Land reform and mentoring** – Functional Land Reform Projects (focused on restitution and redistribution) can access support in terms of mentorships, governance non-aligned skills programmes and learnerships.
- **Skills programmes** – occupational-based learning programmes, which focus on the actual skills required on the job. Skills programmes may be presented as stand-alone modules or packaged in such a way that they may, over time, lead to a full qualification.

**Contact AgriSETA today to discover how we can broaden your professional horizons:**

012 301 5600
info@agriseta.co.za
PO Box 26024, Arcadia, 0007

012 325 1677
www.agriseta.co.za

AgriSETA

# Ons mense voed mense





By GWK is ons áltyd op soek na maniere om die grense van landbou te verskuif. Want as ons die nuutste toerusting en tegnologie aan produsente voorsien - met nuwe, slimmer maniere om besigheid te doen - kan hierdie produsente voedsel aan die wêreld voorsien.

gwk.co.za

GWK

innoveer landbou

# A FARMER

## knows that seasons change, but growth lies in **cultivating partnerships**



## Leading agricultural finance bank since 1912

LAND BANK
We stand by you

Land Bank has been a proud partner to South African farmers since 1912. This is a rich heritage built on the principles of respect, trust and commitment to e nsuring the country's food security. Through partnerships, we are working to do even more by enabling technical support and skills transfer from established farmers to emerging farmers, offering the necessary financial support for them to grow to commercial scale. Why not partner with us today?

**Tel: 0800 00 52 59 www.landbank.co.za Land Bank is a registered credit provider: Reg number NCRCP18**




... daarom is dit so 'n voorreg vir Monsanto om deel te wees van Agri SA se 2017 kongres.

DEKALB
PLANT JOU SUKSES

Kontak ons op: **011 790-8200** of
**customercare.sa@monsanto.com**

Monsanto en **DEKALB®** is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

ONTWIKKEL · VERDEDIG · BESKERM

# VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.




Die moderne boer staar talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering.

**Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.**

**Santam. Regte, egte versekering.**

Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).

santam
landbou